

# be **V**ry om op te staan

40 Dae Gebedsfokus



Die Woordelose Boekie is aanvanklik deur Charles Spurgeon in 1866 bekendgestel. Dit het net drie bladsye gehad: **Swart**, **Rooi**, en **Wit**. Sy preek in die Metropolitaanse Tabernakel in London se titel was "Die Woordelose Boekie". Hy het vertel van 'n onbekende ou leraar wat drie bladsye bymekaar gesit het om homself dikwels te herinner aan sy sondige toestand (swart), aan Christus se bloed wat vir hom gestort is (rooi), en aan die "witter as sneeu" reiniging wat vir hom voorsien is.

Dit is nie bekend wie die **Goue** bladsy bygevoeg het nie, maar dit het 'n nuwe dimensie aan die boek verleen wat die liefde van God en die glans van die hemel verteenwoordig het. Nege jaar later het DL Moody die boekie gebruik by 'n kinderdiens wat deur ongeveer 12 000 mense bygewoon is. Hulle het die boodskap gehoor van "Die boekie met vier bladsye: Swart, Rooi, Wit en Goud".

Toe Child Evangelism Fellowship (CEF) die boekie in 1939 begin druk het, het hulle die **Groen** bladsy bygevoeg om geestelike groei aan te dui. In 1993 is **AMOS** deur Hennie en Janetta Viljoen gestig. **AMOS** het die waarde van Die Woordelose Boekie om die Evangelie aan ongeletterde mense oor te dra, besef. Hulle het die Blou bladsy bygevoeg, om aan te toon dat Jesus eendag weer gaan terugkeer na ons toe om ons te kom haal.

Later is ontdek dat die International Childrens Ministry Institute (ICMI) dieselfde behoefte gevoel het, en reeds in 1988 ook 'n blou bladsy bygevoeg het.



# *be* **Vry om op te staan**

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou  
1 September – 10 Oktober 2014*

Skrywer:	Hennie Viljoen
Buiteblad ontwerp:	Utilisoft
Taal- en gehaltebeheer:	Hannatjie Theron Cilna Maritz
Druk- en bindwerk:	Oranje Drukkers

**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei, hou AMOS geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

**secretary@amosafrica.net**  
**www.amosafrica.net**

**ISBN 978-1-920138-50-9**



# Inhoudsopgawe

Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak.....	4
Dag 1 - Staan op!.....	6
Dag 2 - Ek verstaan.....	8
Dag 3 - Luister, dis Ek wat met jou praat (1).....	10
Dag 4 - Luister, dis Ek wat met jou praat (2).....	12
Dag 5 - Nou dat jy weet wie Jesus is .....	15
Dag 6 - Die vader van die leuen.....	18
Dag 7 - Die aard van die stryd.....	19
Dag 8 - Die aanslag van Satan.....	22
Dag 9 - Die duiwel beskuldig en kla jou aan .....	24
Dag 10 - Eerste versoeking .....	26
Dag 11 - Tweede versoeking.....	29
Dag 12 - Derde versoeking.....	31
Dag 13 - Versoekings: Neem kennis van die leuens, maar glo die waarheid!.....	33
Dag 14 - Stop! Dink wat is werklik op die spel.....	35
Dag 15 - Misleiding .....	37
Dag 16 - Misleiding (vervolg) .....	39
Dag 17 - Praat eers buite.....	43
Dag 18 - Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid.....	45
Dag 19 - Die belangrikheid van jou identiteit en roeping .....	47
Dag 20 - Die waarheid oor jou verhouding met God.....	49
Dag 21 - Die waarheid oor jou identiteit in Christus.....	50
Dag 22 - Die waarheid oor jou roeping.....	53
Dag 23 - Die waarheid oor jou as mens.....	55
Dag 24 - Die oplossing begin by die wortel .....	58



Dag 25 - MG se storie van seer en sonde .....	60
Dag 26 - Israel se storie van seer en sonde .....	62
Dag 27 - Die groot keuse .....	64
Dag 28 - Jy het 'n keuse! .....	67
Dag 29 - Skoon huise lok nie vlieë nie .....	69
Dag 30 - Vra die Heilige Gees om jou te bedien.....	72
Dag 31 - Afgodery is om jou met leuens en duiwels op te hou .....	74
Dag 32 - Die groot en belangrike “Ek” .....	76
Dag 33 - Nog afgode moet bely word.....	79
Dag 34 - Afrika Tradisionele Godsdienst .....	82
Dag 35 - Okkultiese praktyke.....	85
Dag 36 - Die misbruik van 'n wonderlike gawe .....	89
Dag 37 - Identifiseer die wortel – oorwin die gevolg .....	92
Dag 38 - Identifiseer en oorwin die Isebel-gees.....	95
Dag 39 - God se liefde in “waarskuwing-vorm” .....	98
Dag 40 - Staan op! .....	101
Gaan kuier by .....	104
Verwysingslys.....	104



# Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak

Ek wil jou aanmoedig om hierdie Gebedsfokus in jou persoonlike stiltetyd deur te werk, selfs al neem dit jou langer as die voorgestelde 40 dae. Beskou dit as 'n **proses** van bevryding en 'n **pad** van oorwinning wat jy sêlf moet loop. **Op hierdie pad is medereisigers onontbeerlik!** Daarom wil ek jou regtig aanmoedig om die dagstukkies ook saam met 'n medegelowige of in 'n kleingroep deur te werk. Julle kan vir mekaar tot groot hulp wees. Verder wil ek jou aanmoedig om van die boeke wat agter in die Gebedsfokus aanbeveel word, te kry en deur te werk.

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie 40 dae te maak:

## 1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel** (dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid);
- Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
- Reël 'n **bid-en-vas naweek, spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedsgeleenthede**;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe**, ens. om saam te bid;
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op *AMOS* se tuisblad: [www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net). Dit mag vrylik gedupliseer word.

## 2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees die Skrifgedeeltes! Beantwoord die vrae. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die



belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

### 3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou werk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

### 4. Gebedsriglyne

Die gebede en/of gebedsriglyne gee 'n aanduiding waarvoor gebid behoort te word. Dis nie wettiese voorskrifte nie. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

### 5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liever die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet veral leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.



# DEEL 1

## Dag 1 Staan op!

*Ek sien die kettings oor Afrika en sy mense is besig om te breek! Die Here Jesus doen waarvoor Hy gekom het. Hy red en bevry. Hy maak gesond en Hy maak nuut! Hy roep landbouers dwarsoor Afrika en oral val hulle in oorgawe voor Hom neer, en dan staan hulle op. Hulle staan op vir Hom! Sy Koninkryk kom in die landbou!*

Jesus Christus, die Koning oor die konings van die aarde, het alles gedoen wat nodig was om die verhouding tussen ons en God te herstel. Hy het reeds alles gedoen wat nodig was om ons sonde te kan vergewe en vir ons oorwinning oor die mag van sonde en die bose te gee. Hy verlos ons van vrees en bitterheid, van pyn en seer, van sonde en ellende. Hy leer ons die waarheid sodat ons die leuen nie meer hoef te glo nie. Hy hét gekom om ons te bevry. Daarom ís ons vry om op te staan en ons goddelike roeping uit te leef! Vry om vir Hóm op te staan!

Jesus se opdrag aan my was: *Sê landbouers moet opstaan, en Ek sal hulle dwarsoor Afrika laat opstaan!* Omdat Hy alles wat jou lamlê en alles wat jóú gevange hou, klaar oorwin het, beveel ek jou in die Naam van die Here Jesus Christus: **Staan op!** Ek doen dit in die woorde van die volgende lied. (Jy kan dit sing op die wysie van die ou Hallelujalied 244: *Staan op, staan op vir Jesus.*)

1. Stand up, stand up for Jesus  
Redeemer of the land  
He's Lord of all creation  
Victorious He stands  
Let us all represent Him  
And be His hands and feet  
Let us fulfill our calling  
As farmers on His land

2. Stand up, stand up for Jesus  
All peoples of the land  
Let's live and farm for Jesus  
To glorify His Name  
Let's conquer all the evil  
And bring His Name great fame  
Let us fulfill our calling  
As farmers on His land





3. Stand up, stand up for Jesus  
 It's time to make our stand:  
 To live and farm for Jesus  
 'cross Africa our land  
 let's do work of high standard  
 Rejoicing in God's way  
 Let us fulfill our calling  
 As farmers on His land

**Luister, die Here praat met jou in Deuteronomium 30:19-20. Wat hoor jy?**

.....

.....

As jy die lewe kies, waar kry jy dit? **Johannes 14:6** .....

Wat sal gebeur as jy die Waarheid glo? **Johannes 8:31-36** .....

**Gebed:**

- † Bid dat landbouers dwarsoor Afrika Jesus Christus as Verlosser en Here sal aanvaar.
- † Bid dat *Living and Farming God's Way* die kenmerk van hulle hele lewe sal wees en nie net 'n mooi slagspreuk nie.
- † Bid dat landbouers sal opstaan vir Jesus. Bid dat hulle Hom openlik sal bely voor mense (Matteus 10:32-33).



## DEEL 2

### Dag 2

### Ek verstaan

*Ek verstaan jou omstandighede! Ek verstaan waardeur jy gaan! Ek verstaan hoe jy voel! Ek verstaan!* Elke keer as iemand dit vir my sê, klink dit soos musiek in my ore. Dit doen iets aan my! Ek kry weer hoop. Ek skep weer moed.

Wanneer dié een wat verstaan waardeur ek gaan nog byvoeg: *Daarom het ek gekom om jou te help*, maak dit 'n wêreld se verskil. Dis asof daar skielik 'n nuwe oortuiging in my hart kom: *Ek is nie veronderstel om in hierdie ellende en pyn voort te sukkel nie. 'n Beter lewe is moontlik! Oorwinning is moontlik! Vryheid en vrede is moontlik. Daarom kan en wil ek opstaan!*

Byna oral waar ek kom, hoor ek hartseerstories. Ek sien hoe mense in sonde voortploeter en swaar dra aan pyn en seer uit hulle verlede. Ek praat nie net van ongelowiges nie, maar ook van Christene. Van God se mense! Dit maak my hartseer. Daar is te veel mense wat gered is, maar hulle is nie vry nie. Hulle sonde is vergewe, maar hulle kry dit nie oorwin nie. Hulle is veronderstel om hulle roeping te verstaan en uit te leef, maar hulle word steeds lamgelê deur emosionele pyn. Vrede is vir hulle aangebied, maar innerlike konflik en stryd kenmerk hulle lewe. Hulle neem kennis van die waarheid, maar glo steeds die leuen. Hulle lewe in vrees, al is die liefde veronderstel om alle vrees uit hul lewe te verdryf.

Omdat ek verstaan, skryf ek hierdie boek. Nee, omdat *God verstaan*, het Hy my die opdrag gegee om vir j<sup>o</sup>u te skryf. J<sup>y</sup> wat besteel, aangerand, vals beskuldig, verkleineer, misverstaan, verwerp, afgedank, beledig, verkrag of gemolesteer is. J<sup>y</sup> teen wie daar gediskrimineer word. Jy wat sleg behandel word deur mense vir wie jy goed is. Jy wat in jou kinderdae verlang het na erkenning, liefde, sekuriteit en aanvaarding, maar dit nooit gekry het nie. Ek skryf vir jou wat toe hierdie dinge op verkeerde maniere en plekke gaan soek het en nou met groter pyn en meer hartseer sit as vroeër.



Ek skryf aan jou wat val en opstaan, val en opstaan, want dit is elke Christen se geboortereg om vry en oorwinnend te lewe. Ek skryf aan jou wat geroep en bestem is om as vry mens onder 'n wonderlike Koning in die "Beloofde Land" te lewe, maar tans die risiko loop om nooit daar uit te kom nie.

**Luister na die Woord van die Here in Eksodus 3:7-10 en 1 Korintiërs 10:1-11. Wat was (en is) God se begeerte? Maar wat het gebeur?**

.....  
.....  
.....

Dis 'n opwindende verhaal van die lewende God wat, gedring deur liefde en omgee, betrokke raak in die lewe van mense in nood en pyn. Maar dis ook 'n hartseer verhaal. Die verhaal van mense wat in die Beloofde Land kon ingaan, maar toe nooit ingegaan het nie (Numeri 14:26-35).

Dis vandag steeds die hartseer verhaal van baie Christene. Hulle is gered, maar leef steeds met pyn. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo.

Waarom is dit so? Is dit onverwerkte **seer** in hulle lewe? Is dit **sonde**? Is dit **bindinge**? Of moontlik al drie?

Wat ook al die antwoord, weet dit: God is baie bewus van wat in jou lewe aangaan. Omdat Hy jou lief het, verstaan Hy nie net nie, Hy het gekom om jou te help. **Staan op!** Daar is 'n uitweg, dié **Uitweg!** Jy moet dit glo.

### **Gebed:**

- † Praat met God oor die dinge wat jy ervaar. Praat met Hom oor dit wat nou jou hart geraak het.
- † Bid vir genesing van pyn en seer; oorwinning oor sonde en bevryding van alles wat jou en ander steeds gevange hou.



## Dag 3

### Luister, dis Ek wat met jou praat (1)

Onmiddellik nadat die Here met Moses gepraat het, wou Moses weet wie God is. Hy wou weet wat hy vir die Israeliete moes sê, wie hom gestuur het om met die farao te praat en hulle uit slawerny uit te lei.

**Luister na God se antwoord in Eksodus 3:14-15. Wat sê Hy, wie is Hy?**

.....

God is so groot en wonderlik, niemand kan sy Wese beskryf aan die hand van enkele eienskappe nie. Hy is álles en baie méér as wat jy aan kan dink of wat jy nodig het. Hy is die ewige **EK IS**.

Wie beveel jou om op te staan? As jy dink dis ek, die skrywer, is die kans dat jy gaan opstaan nie baie groot nie. Gelukkig is dit nie ek nie.

Luister, Hy wat die opdrag gee, stel Homself bekend:

*Ek is die Seun van God wat na die wêreld gestuur is om almal wat die Vader my gegee het, te verlos en aan hulle die ewige lewe te gee.<sup>1</sup> Ek, wat self ook God is, het gekom om vir jou te kom wys hoe God die Vader is. Ek het Hom aan jou kom bekendstel.<sup>2</sup> Hy is net soos Ek en Ek is net soos Hy.<sup>3</sup> Ek het gekom omdat God liefde is.<sup>4</sup> Daarom het Hy jónú lief ten spyte van jou sonde.*

*Omdat Ek, al is Ek God, ook volledig mens geword het, het Ek alles deurgemaak wat jy elke dag ervaar. Die enigste verskil is dat Ek nooit toegegee het aan versoekings nie en nooit enige sonde gedoen het nie. Omdat Ek dus weet waardeur jy gaan (Ek het dit aan my eie lyf gevoel), is Ek 'n genadige, barmhartige en getroue Hoëpriester vir jou voor God. Omdat Ek self versoek is en gely het, kan Ek jou help*

<sup>1</sup> Johannes 17:1-3; Johannes 12:49-50; Johannes 20:30-31

<sup>2</sup> Johannes 1:18

<sup>3</sup> Johannes 8:19; 10:30; 14:8-10 en 17:21-23

<sup>4</sup> 1 Johannes 4:8-10



wanneer jy versoek word, wanneer jy ly en swaarkry. Ek verstaan jou en het medelye met jou.<sup>1</sup>

Ek is die Verlosser!<sup>2</sup> Jy hoef nie hard te werk of 'n klomp wettiese voorskrifte na te kom om verlos en met God versoen te word nie. Ek het jou van dié las bevry deur alles in jou plek te doen.<sup>3</sup> Al het Ek nooit enige sonde gehad of gedoen nie, het Ek die volle prys vir jǒu sonde betaal.<sup>4</sup>

Ek was bereid om deur God vervloek te word, sodat geen vloek jou ooit sal tref nie.<sup>5</sup> Die Vader was só tevrede met die prys wat Ek vir jou sonde betaal het, dat Hy my uit die dood opgewek het en 'n ereplek langs Hom gegee het.<sup>6</sup> Ek het die vyandskap tussen jou en God weggeneem.<sup>7</sup> Ek het vrede tussen julle gebring.<sup>8</sup> Die volmaakte verhouding wat Ek met God die Vader het, gee Ek as geskenk ook aan jou. Omdat my saak met God 100% reg is, is jou saak met Hom nou ook 100% reg.<sup>9</sup> God die Vader voel nou oor jou soos Hy oor My voel. Ek wil hê jy moet dit **GLO**.

Ek is die Een wat graag alles wat Ek is en het met jou wil deel: My Gees,<sup>10</sup> my lewe,<sup>11</sup> my vrede,<sup>12</sup> my blydskap,<sup>13</sup> my oorwinning,<sup>14</sup> my

---

<sup>1</sup> Hebreërs 2:17-18 en 4:15-16

<sup>2</sup> Lukas 2:10-11; Johannes 1:29

<sup>3</sup> Romeine 3:19-28; Romeine 9:30 tot 10:4; Galasiërs 2:16

<sup>4</sup> 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 10:12-14; Hebreërs 4:15; 1 Petrus 3:18; Johannes 8:46

<sup>5</sup> Galasiërs 3:13

<sup>6</sup> Efesiërs 1:20-23; Filippense 2:6-11; 1 Petrus 3:18-22

<sup>7</sup> Romeine 5:8-10; Efesiërs 2:1-3

<sup>8</sup> Romeine 5:1-2

<sup>9</sup> 1 Korintiërs 1:2 en 30; Hebreërs 10:14; 2 Korintiërs 1:1; Filippense 1:1

<sup>10</sup> Johannes 20:22; Handeling 1:8; Romeine 8:9

<sup>11</sup> Johannes 10:10; Johannes 17:2

<sup>12</sup> Johannes 14:27

<sup>13</sup> Johannes 15:11

<sup>14</sup> Johannes 16:33; Romeine 8:37



*erfenis,<sup>1</sup> my mag,<sup>2</sup> my Naam,<sup>3</sup> my heerskappy,<sup>4</sup> my woonplek,<sup>5</sup> my Beeld.<sup>6</sup> Met allerhande leuens probeer die duiwel die lewe vir jou moeilik maak en keer dat jy alles vat wat Ek jou gee. Maar weet dit, Ek het gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.<sup>7</sup> Jy hoef nie meer deur hom oorheers te word nie. Jy is vry! Ek het gekom om jou vry te maak.<sup>8</sup> Jy hoef nie meer sy leuens te glo nie, want Ek is die Waarheid en het vir jou die waarheid kom vertel.<sup>9</sup> Jy hoef nie meer in vrees te lewe nie, want Ek het jou baie lief.<sup>10</sup> My liefde vir jou is volmaak en volkome.<sup>11</sup> Dit hang nie af van wat jy doen of hoe jy voel nie.*

### **Gebed:**

- † Buig in aanbidding voor Jesus. (Jy moet eers voor Hom buig, dan kan jy vir Hom opstaan!) Dank Hom vir wat Hy alles vir jou gedoen het.
- † Bid dat landbouers dwarsoor Afrika Jesus Christus sal ken.
- † Bid dat hulle Hom sal liefkry.
- † Bid dat hulle Hom van harte sal gehoorsaam.

## **Dag 4**

### **Luister, dis Ek wat met jou praat (2)**

*Ek is meer as net jou Verlosser. Ek is ook die Here en Koning.<sup>12</sup> In die stryd teen die bose magte is Ek reeds as Wenner gekroon. Ek het*

---

<sup>1</sup> Romeine 8:17

<sup>2</sup> Lukas 9:1

<sup>3</sup> Handeling 11:26; Johannes 16:23-24

<sup>4</sup> Efesiërs 2:6 en Openbaring 20:7

<sup>5</sup> Johannes 14:1-3

<sup>6</sup> 2 Korintiërs 3:18

<sup>7</sup> 1 Johannes 3:8; Johannes 16:33; Hebreërs 2:14

<sup>8</sup> Johannes 8:32 en 36

<sup>9</sup> Johannes 1:14 en 17; Johannes 14:6; Johannes 8:31-32

<sup>10</sup> 1 Johannes 4:18-19

<sup>11</sup> Johannes 10:15; Johannes 13:1; 1 Johannes 3:16; Romeine 8:35-39

<sup>12</sup> Lukas 6:46; Handeling 2:36; Romeine 10:9-13; Filippense 2:11; Openbaring 1:5



*die duiwel oorwin,<sup>1</sup> die dood doodgemaak<sup>2</sup> en die bese magte as verloorders in die openbaar ten toon gestel.<sup>3</sup> Aan My is alle mag in die hemel en op aarde gegee.<sup>4</sup> Hierdie mag deel Ek graag met jou.<sup>5</sup> Jy sit reeds saam met my in die hemel in 'n posisie van heerskappy.<sup>6</sup>*

*Maar Ek is ook by jou.<sup>7</sup> Ek is daar vir jou, om jou te help om my Beeld en my karakter te openbaar; om vir mense te wys hoe Ek is;<sup>8</sup> om my oorwinning oor alles wat boos en sleg is, voort te sit;<sup>9</sup> om die werk waarmee Ek begin het, klaar te maak.<sup>10</sup>*

*Ek wil jou nie net red nie. Ek wil 'n verhouding met jou hê, want Ek is lief vir jou.<sup>11</sup> Die oorwinning, genesing, vryheid, volheid, vrug en vrede wat jy vandag nodig het, het Ek al vir miljoene mense die afgelope 2000 jaar gegee. Ek is nog dieselfde Jesus.<sup>12</sup> Ek wil, kan en sal dit ook vir jou doen. Ek is al wat jy rêrig nodig het.*

*Ek is die Waarheid<sup>13</sup> en Ek huil wanneer jy die leuen glo en jou deur dié oortuiging laat bind. Ek is die Weg<sup>14</sup> en Ek is ontsteld as jy telkens afdraai op doodloop-paaie. Ek is die Lewe<sup>15</sup> en treur oor jou wanneer jy lewe soek in dooie dinge - ook wanneer jy vir dooies probeer vra hoe jy moet lewe.<sup>16</sup>*

---

<sup>1</sup> Johannes 16:33; Hebreërs 2:14-15

<sup>2</sup> Lukas 7:22; Johannes 11:25; Handeling 2:24; 1 Korintiërs 15:54-57; 2 Timoteus 1:10; Openbaring 1:5 asook 1:17-18

<sup>3</sup> Kolossense 2:14-15

<sup>4</sup> Matteus 28:18

<sup>5</sup> Lukas 9:1-2; Handeling 1:8

<sup>6</sup> Efesiërs 2:6

<sup>7</sup> Matteus 28:20

<sup>8</sup> 2 Korintiërs 3:18; 1 Johannes 2:6

<sup>9</sup> Romeine 8:37; 1 Johannes 4:4

<sup>10</sup> Matteus 28:18-20; Johannes 17:18 en 20:21

<sup>11</sup> Johannes 15:4-5 en 14; Johannes 17:20-26 en 1 Johannes 1:3

<sup>12</sup> Hebreërs 13:8

<sup>13</sup> Johannes 14:6

<sup>14</sup> Johannes 14:6

<sup>15</sup> Johannes 14:6

<sup>16</sup> Deuteronomium 18:9-14 en Jesaja 8:19-22



*As jy maar net weet hoe Ek begeer dat jy die ware lewe wat Ek gee, ten volle sal geniet. Dis veel meer as die soort lewe waaraan jy gewoond is.<sup>1</sup>*

*Ek wil hê jy moet weet dat Ek alles gedoen het om jou sonde eens en vir altyd weg te neem.<sup>2</sup> Ek wil hê jy moet weet dat Ek alles gedoen het om jou vry te maak van die mag en houvas wat die bose en die sonde oor jou gehad het. Jy het saam met My gesterf en is saam met My opgewek in 'n nuwe lewe. Daarom is jy dood vir sonde en vry om vir God te lewe.<sup>3</sup> Ek wil hê jy moet weet dat Ek nie my vinger voor jou rondswaai en jou op grond van jou sonde beskuldig, veroordeel of dreig nie. Ek staan langs jou, gereed en gewillig om jou te help om die sonde in jou lewe te oorwin.<sup>4</sup>*

*Ek is jou Helper. Ek is jou Advokaat - die een wat as ooggetuie van wat op Golgota gebeur het, jou onskuld bewys.<sup>5</sup> Ek wil hê jy moet weet dat Ek jou siekte kan genees en jou pyn en seer kan gesond maak.<sup>6</sup>*

*Ek roep jou. Staan op - kom saam met My. Ek is die weg uit versoeking,<sup>7</sup> sonde, duisternis en pyn. Maar Ek is ook die weg na die Vader,<sup>8</sup> na sy heerlikheid, vrede en liefde. Ek is die Weg, die Enigste Weg - ook vir jou, vir die landbougemeenskap en vir Afrika.*

*Ek is 'n werklikheid, nie 'n godsdienstige idee of die opvatting van mense nie. Jy het My nie uitgedink en toe met jou vaardige hande geskep nie. Dis Ek wat jou geskep het. Deur My lewe, beweeg en bestaan jy.<sup>9</sup>*

---

<sup>1</sup> Johannes 10:10

<sup>2</sup> Hebreërs 10:14

<sup>3</sup> Romeine 6:1-14

<sup>4</sup> Johannes 8:1-11; Hebreërs 2:17-18 en 4:14-16

<sup>5</sup> 1 Johannes 2:1-2

<sup>6</sup> Lukas 4:18-21; Lukas 7:20-23; Jesaja 53:4-5

<sup>7</sup> 1 Korintiërs 10:11-17

<sup>8</sup> Johannes 14:6; Hebreërs 10:19

<sup>9</sup> Johannes 1:1-3; Hebreërs 1:1-4; Handeling 17:28





*As jy **GLO** dat Ek is wie Ek sê Ek is, as dit die vaste oortuiging in jou hart is, kan jy seker wees dat jy gered is. Jy kan seker wees dat jy die ewige lewe het,<sup>1</sup> want Ek is die Een wat woon in elkeen wat in My glo.<sup>2</sup>*

### **Gebed:**

- † Buig in aanbidding voor Jesus, die Here. (Jy moet eers voor Hom buig, dan kan jy vir Hom opstaan!)
- † Bid dat landbouers dwarsoor Afrika, Jesus Christus waarlik sal ken.
- † Bid dat hulle Hom innig sal liefhê.
- † Bid dat hulle Hom van harte sal gehoorsaam.

## **Dag 5**

### **Nou dat jy weet wie Jesus is ...**

Op 'n dag kry ek 'n strokie in my posbus. Op dié strokie staan my naam en my ID-nommer. Die boodskap van die strokie is duidelik: *Daar is 'n pakkie by die poskantoor. Dit behoort reeds aan my. Alles in die pakkie is myne.* Al wat ek hoef te doen, is om te **GLO** dat daar wel so 'n pakkie is, al sien ek dit nog nie, en dat die persoon agter die toonbank dit beslis vir my sal gee as ek dit vra. As ek **glo**, ontvang ek verniet wat iemand anders reeds voor gewerk en/of betaal het. Maar, wat gaan gebeur as ek dit nie glo nie en sou sê: *“Ag, dis te goed om waar te wees. Ek kry tog nooit iets sonder om self daarvoor te werk of te betaal nie. Dis 'n fout. Dis nie vir my nie.”* Wel, as jy so redeneer en nie glo nie, en nie die pakkie gaan haal nie, gaan jy dit nooit ontvang nie. Die strokie in jou posbus stel jou voor 'n onafwendbare keuse: **Glo jy dit, of glo jy dit nie?**

---

<sup>1</sup> Romeine 10:9-13; 1 Johannes 5:11-13

<sup>2</sup> Kolossense 1:27



Jy weet nou wie Jesus is. **Nou móét jy 'n besluit neem. Glo jy dat Hy is wie Hy sê Hy is, of nie?** Alles hang af van jou antwoord op hierdie vraag.

**Luister wat sê Jesus in Johannes 3:16-18. Watter verskil is daar tussen dié wat glo en dié wat nie glo nie?**

.....

**Wat moet jy volgens Romeine 10:9-13 doen om gered te word?**

.....

As jy in Jesus glo, geniet jy 'n hele string wonderlike voorregte – alles dinge wat Hý verdien het en waarvoor Hý reeds klaar betaal het. Hy gee dit vir jou – vry en verniet!

**Eerstens:** Jou sonde (wat jy in die verlede gedoen het, wat jy nou doen en wat jy nog in die toekoms gaan doen) word onmiddellik en volkome vergewe (Handelinge 26:18; Johannes 1:29). Daar is geen offer wat jy nog vir jou sonde hoef te bring nie (Hebreërs 10:14-18). Die wete dat jou sonde reeds vergewe is, mag jou nie verlei om aan te hou om sonde te doen nie (Romeine 6:1-2). Dit moet jou eerder motiveer om jou sonde te bely en te oorwin (1 Johannes 1:7-9).

**Tweedens:** Omdat jou sonde vergewe is, word jy vrygespreek. Jou skuld-brief met al die eise dat jý veroordeel en gestraf moet word, is aan die kruis vernietig. Daar is géén aanklag, géén beskuldiging, en géén veroordeling meer teen jou nie. Jy is vry (Kolossense 2:14; Romeine 8:1 en 31-34)!

**Derdens:** Jou verhouding met God is herstel. Die vyandskap tussen jou en God is weggeneem. Daar is vrede tussen jou en God. Die volmaakte verhouding wat Jesus met die Vader het, kry jy as geskenk. Daarom het jy nou ook vrye toegang tot die Vader (Hebreërs 4:15-16 en 10:19-23). By Hom sal jy genade en barmhartigheid vind. Omdat Jesus se saak met God 100% reg is, is jou saak met Hom nou ook 100% reg. Jy deel Jesus se geregtigheid en daarom is jy geregverdig. God die Vader voel nou oor jou soos Hy oor Jesus voel. Jy moet dit glo!

**Vierdens:** Jy is 'n nuwe mens (2 Korintiërs 5:17). Jy het 'n nuwe identiteit. Jy is uit God gebore. Jy kry onmiddellik die reg om jouself kind van God te noem (Johannes 1:12-13). Jy is kind van God kragtens jou



(weder)geboorte uit God, nie omdat jy daarvoor gewerk het nie. Jou verlossing is nie die eindresultaat van 'n klomp goeie dinge wat jy gedoen het nie. Dis die onmiddellike gevolg van geloof in Jesus Christus as jou enigste Verlosser.

**Vyfdens:** Die wonderlikste van alles is dit: Wanneer jy in Christus glo, kom woon Hy deur sy Gees in jou (Johannes 14:15-17; Romeine 8:9). *Christus in ons* is die kern, die goeie nuus van die evangelie. Dis waaroor alles gaan. Dis die beste nuus ooit (Kolossense 1:27)!

Omdat dit alles waar is, pleit ek by jou: *Staan op vir Jesus!*

### **Gebed:**

- † Bid dat elkeen wat die goeie nuus hoor, in Jesus Christus sal glo.
- † Bid dat die Woord vinnig sal versprei en oral oorwin (2 Tessalonisense 3:1)
- † Indien jy nog nie vir Jesus aangeneem het nie, pleit ek weereens by jou: Doen dit nou! **Bid** en sê vir Hom dat jy in Hom glo. **Bely** jou sonde en vra Hom om dit te vergewe. **Vra** dat Hy deur sy Gees ook in jou sal kom woon en jou sal leer wat die waarheid is en hoe om volgens die waarheid te lewe.



# DEEL 3

## Dag 6

### Die vader van die leuen

Ek vertrou dat jy nou reeds jou keuse vir Jesus gemaak het. Dat jy alles glo wat Hy oor Homself en oor jou gesê het. Maar selfs as jy dit alles glo, bly jy steeds in 'n geestelike oorlog gewikkel. Daarom moet jy ook jou vyand en sy strategie ken.

Ons leef nie net in 'n sigbare wêreld nie. Daar is ook die onsigbare wêreld. Die onsigbare wêreld is net so 'n werklikheid as die sigbare wêreld. Ek weet en glo dit omdat God in sy Woord so sê (Kolossense 1:16; Efesiërs 6:10-12).

Baie mense wat in die onsigbare wêreld glo, dink egter dat dit uit twee groot magte bestaan. Aan die een kant is God en aan die ander kant is Satan. Hulle dink die twee magte is min of meer ewe sterk en soms wen die een en dan weer die ander een. En tussen die twee magte, is “*arme ek*” vasgevang. Daarom is ek soms aan die wenkant en ander kere weer aan die verloorkant. Hulle glo ook dat God en Satan min of meer dieselfde eienskappe het. Byvoorbeeld, dat beide alles kan doen (almagtig), dat beide altyd oral teenwoordig is (alomteenwoordig) en dat beide alles weet (alwetend). ***Dis nie waar nie!*** Satan is 'n geskape wese. Hy deel nie God se eienskappe nie. Hy was eers 'n engel, maar het teen God in opstand gekom. Daarom het hy, saam met die engele wat hom gevolg het, hul plek en posisie verloor (Judas 6 en Openbaring 12:4).

Die Woord van God beskryf die ware aard en karakter van die duiwel baie duidelik.

**Luister na die waarheid in Johannes 8:44 en 1 Petrus 5:8. Watter eienskappe het die duiwel?**

.....

.....

.....



Dis duidelik: Die duiwel is 'n leuenaar! Sy doel is om my en jou lewe te vernietig. Sy strategie is om ons so ver te kry om sy leuens te glo en dit as waarheid te aanvaar. As hy daarin kan slaag, het hy ons. Want die oortuigings in ons hart bepaal hoe ons lewe (Spreek 4:23 en 27:19). As die oortuigings waar is, het dit goeie gevolge in ons lewe. As die oortuigings leuens is, het dit vernietigende gevolge.

Daarom is die waarheid lewensbelangrik en die leuen lewensgevaarlik.

Wanneer jy in Jesus glo, verdwyn al die leuens wat jy reeds vir jare vas glo, nie oornag nie. Dit is ook waarom mense se gedrag nie noodwendig oornag verander wanneer hulle tot bekering kom nie. Jy moet God eers toelaat om jou denke te vernuwe en die Woord en Gees om nuwe oortuigings in jou hart te gee. Dan sal jou lewe verander. Lees maar Paulus se briewe aan die verskillende gemeentes. Hulle is gered. Hy noem hulle heiliges. Nogtans praat hy met hulle oor allerhande dinge wat hulle steeds doen omdat hulle gewoon daaraan is. Maar dit pas nie by mense wat aan God behoort nie, mense wat vir God eenkant gesit is nie (vgl. Efesiërs 4:17-24).

### **Gebed:**

- † Bid dat jy en alle landbouers die waarheid/Waarheid sal ken en liefhê.
- † Bid dat die Here ons almal 'n groot liefde vir sy Woord (die Bybel) sal gee. Bid dat dit vir ons kosbaarder as goud en soeter as heuning sal wees (Psalm 19:10-11).
- † Bid teen alle vorme van lieg en bedrieg, omdat dit die duiwel se eie werke is.

## **Dag 7**

### **Die aard van die stryd**

Die eerste leuen wat die duiwel natuurlik wil hê ons moet glo, is dat hy nie bestaan nie. As hy daarin kan slaag om dié oortuiging in die kerk te vestig (en hy is vinnig besig om dit te doen), kan hy ongehinderd sy vernietigingswerk



voortsit. As hy nie slaag met die eerste leuen nie, probeer hy 'n tweede. Hy wil ons wysmaak dat daar steeds 'n **magstryd** tussen hom en God bestaan. Hy wil ons onder die indruk bring dat hy steeds kan doen wat hy wil, selfs dat hy nog die “geveg” kan wen. Maar ook dit is 'n leuen.

In ons stryd teen Satan en sy bese magte, gaan dit nie oor wie die sterkste is nie, maar oor wat die waarheid is. Dis nie 'n **mag**-stryd nie, maar 'n **waarheid**-stryd. Die enigste manier waarop Satan invloed oor my en jou kan kry, is om ons te oortuig om sy leuens te glo. Hy is die vader van die leuen en daarom doen hy altyd alles in sy vermoë om mense met leuens te mislei.

Op die vraag wie oor **alle** mag beskik, is die Bybel baie duidelik.

**Luister, Jesus is self aan die woord in Matteus 28:18. Wat sê Hy?**

.....

**Wat lees ons in Efesiërs 1:18-22 en Kolossense 2:9-10? Wat hoor jy?**

.....

.....

Wel, as **ALLE** mag aan Jesus behoort, kan **GEEN** mag aan Satan behoort nie. Die tyd toe Satan werklik die mag oor die wêreld gehad het (Lukas 4:6), is verby. Satan en sy bese magte is **reeds finaal oorwin**. Deur die sterwe en opstanding van Jesus Christus het Hý hulle oorwin, ontwapen en as verloorders ten toon gestel (Kolossense 2:14-15). Die **mag**-stryd is verby! Jesus is die Oorwinnaar en in Hom ís ons ook meer as oorwinnaars (Romeine 8:37 en 1 Johannes 5:3-5).

Wat elke dag beveg moet word, is die leuens van die duiwel. Ons is in dieselfde posisie as wat Adam in Genesis 2:15 was. Hy moes die skepping bewaar en oppas. Dit beteken nie dat hy verantwoordelik was vir “natuurbewaring” in die sin wat ons die woord vandag gebruik nie, want natuurbewaring was nie voor die sondeval nodig nie. As daar staan dat hy die skepping moes oppas, beteken dit hy moes sorg dat die Satan nie 'n greep daarop kry nie. Omdat dit nog vóór die sondeval was, het Satan nie fisiese mag oor die skepping gehad nie. God het die heerskappy aan



Adam en Eva gegee. Hulle het die mag gehad en Satan kon dus nie die skepping met mag oorvat nie. Sy enigste wapen was die leuen. Met leuens en halwe waarhede het Satan Adam mislei en so het hy die mag in die hande gekry. Nou, na die oorwinning van Jesus deur sy kruis en opstanding, is ons weer in dieselfde posisie as Adam. **Die duiwel het nie mag oor ons nie. Sy enigste wapen is misleiding.** In die mate wat ons sy leuens glo, in dié mate gee ons hom die reg om ons leuens te beïnvloed en selfs te beheer.

My en jou opdrag is duidelik: Moenie aan die duiwel enige reg, seggenskap, invloed of beheer oor jou lewe gee *deur sy leuens te glo nie*. As jy nie sy leuens glo nie, het hy GEEN ander wapen om jou mee te wen nie. Satan se krag lê in die leuen. Wanneer sy leuens ontbloot word deur die waarheid, verloor Satan ál sy krag.

Daarom moet jy onthou – jou gesag oor die bose neem nie toe saam met die volume van jou stem nie. Jy kry nie die oorhand oor die duiwel deur op hom te skree nie. Jy hoef nie sterker as die duiwel te wees om hom te wen nie. Jy kry nie die oorhand deur fisies met hom te baklei en te stoei nie. ***Jy kry die oorhand oor hom wanneer jy die waarheid glo.***

**Luister wat sê Jesus in Johannes 8:31-36 en 14:6, asook 17:17. Wie en wat is die waarheid? Wie en wat maak waarlik vry?**

.....  
.....

Christus is die waarheid en as jy die waarheid glo, sal die waarheid jou vry maak. God se Woord is die waarheid.

Daarom hang jou vryheid nie af van hoe hard jy op die duiwel skree nie. Dit hang nie af van hoe sterk jy fisies is nie. Dit hang nie af van hoe “geestelik” jou kerkleier of jou berader is nie. ***Jy kom vry deur wat jy self kies om te glo, te bely, af te lê en te vergewe. Maak dus seker dat die leuens van die duiwel nie die oortuigings van jou hart is of word nie.*** Dit sal jou beroof van jou vryheid en oorwinning. Dit sal keer dat jy opstaan vir Jesus.



## Gebed:

- † Aanbid en dank die Here Jesus Christus, want Hy het die *mag*-stryd teen die duiwel reeds finaal gewen.
- † Bid dat die leuens van die duiwel nie die oortuigings van jou hart word nie, want dit sal jou beroof van jou vryheid en oorwinning.

## Dag 8 Die aanslag van Satan

Ons weet nou reeds dat die stryd waarin ons gewikkel is, nie 'n *mag*-stryd is nie, maar 'n *waarheid*-stryd. Dis egter belangrik om ook kennis te neem van die drie maniere waarop Satan ons steeds aanval. ***In al drie gevalle speel die leuen 'n deurslaggewende rol:***

- hy **beskuldig** ons en kla ons aan;
- hy **versoek** ons en
- hy **mislei** ons.

Ons staan later by elkeen van hierdie drie stil.

Die waarskynlikheid dat sy aanslag ons lewe gaan **beïnvloed**, is redelik groot. Dit hang alles af van die vraag: Ken en glo jy die waarheid? Óf aanvaar jy die halwe waarhede en leuens van die duiwel? Hoe meer leuens jy glo, hoe groter is die invloed van die duiwel en sy bose magte op jou lewe.

Die moontlikheid dat die duiwel en sy bose magte jou kan **beheer**, bestaan ook. Dit begin gewoonlik by pyn en seer wat jy op een of ander stadium in jou lewe ervaar het. Die vader van die leuen gee onmiddellik verkeerde raad oor hoe jy op die onreg wat jou aangedoen is, moet reageer. Hy gee voor dat jy God nie kan vertrou nie en dat jy jouself op een of ander manier moet beskerm teen toekomstige pyn. “*Jy wil tog nie weer seerkry nie.*” Pyn-ervarings maak dikwels dat ons (om rekenaartaal te gebruik) 'n klein programmetjie in ons geheue “skryf” en dit dan diep gaan bêre. So vergeet ons daarvan. Maar elke keer as ons 'n sekere knoppie druk, lei die programmetjie tot 'n spesifieke aksie. In rekenaartaal is dit die “*default*”. Jy hoef dit nie te kies nie, dit gebeur vanself op grond van die onderliggende programmetjie. In jou verhouding en omgang met





mense, gebeur daar dikwels iets wat jou aan jou seer en pyn herinner. Dan skop die “programmetjie” in. Sonder om te dink of ’n doelbewuste keuse te maak, reageer jy elke keer weer op dieselfde manier. Jy word skielik woedend; jy kry jouself jammer; jy regverdig jou verkeerde optrede (met ander woorde, jy beskerm jou sondige lewenswyse); jy bou ’n muur van selfverdediging om jou; jy isoleer jouself – jy slaan toe en is ontoeganklik; jy veroordeel en kritiseer almal – dit laat jou beter voel oor jouself; jy raak selfsugtig en alles draai net om jou; jy raak bitter en soek gedurig na maniere om hulle wat jou seergemaak het, terug te kry; jy verwerp selfs die mense wat jy lief het en jy wantrou almal.

**Jou seer lei tot negatiewe gedagtes; negatiewe gedagtes lei tot sonde; sonde lei tot ’n lewe in duisternis; ’n lewe in duisternis maak ’n deur oop vir demoniese beheer; demoniese beheer lei tot meer pyn en seer. Dan begin die bose sirkel van voor af. Jy raak vasgevang en verstrengel (gebind) in hierdie bose kringloop. Dit het ’n vernietigende effek op al jou verhoudings:** jou verhouding met jouself (selfbeeld), met ander mense en met God ly daar onder. Jy voel verwerp, daarom verwerp jy ander mense; jy het seer en daarom maak jy ander seer; wat aan jou gedoen is, doen jy weer aan ander. Hierdie bose kringloop hou aan en aan en dit word oorgedra van geslag na geslag, totdat iemand (mag dit jý wees) **opstaan** en sê: Genoen is genoen! Tot hiertoe, maar nie ’n tree verder nie.

**Lees Handeling 5:1-11; Jakobus 3:13-18 en Efesiërs 4:26-27. Wat hoor jy?**

.....  
.....

Wanneer die duiwel jou beheer, kan jy nie die skuld daarvoor op hom pak nie. Dis jy wat sy leuens glo en vir hom die deur oopmaak om jou optrede te bepaal. Jy is nie sy slagoffer nie, maar sy medewerker.

As jy in Jesus Christus glo, sal die Satan jou steeds versoek, probeer mislei en gedurig aankla. Hy kan daarin slaag om jou te beïnvloed en selfs te beheer, maar **besit, nooit!** As jy in Jesus Christus glo, behoort jy aan God. Jy is duur gekoop en die volle prys is vir jou betaal.



**Luister na die Woord in 1 Korintiërs 6:19-20 en 1 Petrus 1:18-19. Wie besit jou?**

.....

**Gebed:**

- † Vra dat die Heilige Gees vir jou, asook vir jou familie en vriende sal wys waar en hoe die duiwel julle lewe beïnvloed en/of gedrag beheer. Bring dit na die lig deur dit te bely. Bid 1 Johannes 1:5-9.
- † As jy in Jesus Christus glo, dank Hom nou vir die sekerheid dat jy aan Hom behoort (Johannes 10:27-30 en 1 Johannes 3:1-3).
- † Indien jy nog nie vir Jesus aangeneem het nie, pleit ek weereens by jou: Doen dit nou! **Bid** en sê vir Hom dat jy in Hom glo. **Bely** jou sonde en vra Hom om dit te vergewe. **Vra** dat Hy deur sy Gees ook in jou sal kom woon en jou sal leer wat die waarheid is en hoe om volgens die waarheid te lewe.

**Dag 9**

**Die duiwel beskuldig en kla jou aan**

Jy weet nou reeds dat die stryd waarin jy gewikkel is, nie 'n **mag**-stryd is nie, maar 'n **waarheid**-stryd. Jy weet ook dat, as jy in Jesus Christus glo, die duiwel jou nie kan **besit** nie, want jy behoort aan God. Maar die duiwel kan steeds jou lewe **beïnvloed**, asook jou optrede **beheer** en jou gedrag bepaal. Hy probeer dit doen deur:

- jou te **beskuldig**;
- jou te **versoek** en
- jou te **mislei**.

In al drie gevalle speel leuens 'n deurslaggewende rol.

Jy sal weet wanneer die duiwel jou **beskuldig en aankla** want hy wil hê jy moet dit weet. Hy wil jou so hartseer maak dat jy heeltemal moed



verloor (vgl. 2 Korintiërs 2:6-7). Hy wil hê jou droefheid moet tot jou dood lei (vgl. 2 Korintiërs 7:10 en Matteus 27:3-5). Hy wil hê dat jy moet glo dat daar geen hoop vir jou is nie. Hy wakker jou skuldgevoel aan, maar vat jou vrymoedigheid om met jou sonde en skuld in gebed na God te gaan, weg. Hy bly dikwels vaag en algemeen, want hy wil nie hê jy moet iets in jou lewe regmaak nie. Hy wil net hê jy moet sleg en skuldig voel. Dán sal jy mos nie vir Jesus opstaan en van Hom getuig nie!

Hy wil hê jy moet steeds God se straf en oordeel vrees. Hy wil hê jy moet gedurig bang wees vir straf (1 Johannes 4:16-21). Bang wees vir die dood, vir môre, vir bese geeste, vir siekte en rampe, vir mense (Hebreërs 2:15 en Romeine 8:35-39). Hy wil jou 'n slaaf van vrees maak. Hy wil vrees jou baas maak. As hy daarin kan slaag om jou 'n slaaf van vrees te maak, verloor jy jou vryheid om te doen wat jý wil. Vrees beveel jou watter besluite om te neem; hoe om jou geld te spandeer en waar om te bly. Vrees bepaal ook jou verhouding met mense. Jy sukkel om hulle lief te hê, want jy is bang vir hulle.

Sodra iets sleg met jou gebeur, ruk die duiwel dit buite verband en sê: Jy verdien dit; Dis wat met “losers” gebeur; Jý wil mos; Dis die bewys dat jy God nie kan vertrou nie; God hou nie van jou nie; Dink 'n bietjie wat jy al alles aangevang het. Daarom glo baie slagoffers van geweld, mishandeling, verkragting en molestering dat dit hulle skuld is dat dit met hulle gebeur het. Kinders voel selfs dis hulle skuld as hulle ouers skei.

Dis belangrik dat jy die leuens en die motief agter die duiwel se beskuldigings sal raaksien. Oorwin en vernietig dit met die waarheid. Die Woord is die waarheid.

### **Lees Romeine 8:1 en vers 31-34. Wat is die waarheid?**

.....

In teenstelling met die beskuldigings van die duiwel, oortuig die Heilige Gees ons van sonde. Hy moedig ons aan om dié sonde te bely en te glo dat die bloed van Christus ons daarvan reining (1 Johannes 1:7-9). Hy herinner ons daaraan dat ons, omdat ons in Christus is, dood is vir sonde en vry is om vir God te lewe (Romeine 6). Anders as die duiwel wat wil hê jy moet met 'n skuldige gewete lewe, bevry die Gees ons van 'n skuldige gewete (Hebreërs 10:19-23 en 1 Johannes 3:19-23) deur ons aan die offer van Jesus te herinner.



Wanneer die duiwel jou beskuldig, moet jy vashou aan die WAARHEID.

### **Gebed:**

- † Vra dat die Heilige Gees jou sal oortuig van sonde (sodat jy dit kan bely), maar ook van jou geregtigheid in Christus, sodat jy met 'n skoon gewete kan lewe. (Lees Johannes 16:7-11.)
- † Bid dat die liefde alle vrees vir straf uit jou lewe sal verdryf. (Lees 1 Johannes 4:16-21.)

## **Dag 10**

### **Eerste versoeking**

Versoekings is deel van die lewe van elke gelowige. Om versoek te word, is nie sonde nie. Om aan versoekings toe te gee, is wel. Met elke versoeking probeer die duiwel my en jou sover kry om ons rug te draai op "*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*".

In Matteus 3:16-17 lees ons dat Jesus in die Jordaanrivier gedoop is. Hy is met die Heilige Gees vervul en die Vader het sy identiteit bevestig. Hy het ook sy absolute tevredenheid met die verhouding tussen Hulle uitgespreek: *Dit is my geliefde Seun, 'n Kind so na my hart* (Matteus 3:17. Nuwe Lewende Vertaling). Direk daarna is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word (Matteus 4:1-11). In die versoekings het die duiwel op Jesus se identiteit en sy roeping gefokus.

**Luister na God se Woord in Matteus 4:1-4. Wat was Jesus se natuurlike behoefte na 40 dae? Waarom begin die duiwel met : *As U die Seun van God is...?*** [Hy weet tog dat Jesus die Seun van God is (Markus 1:23-24)!]

.....

.....



Die eerste twee leuens waarmee die duiwel by Jesus gekom het om Hom te versoek, was dit:

1. *Jy kan nie glo wat die Vader oor jou identiteit gesê het nie. Jy móét self jou identiteit bewys.*
2. *Die manier hoe jy dit moet doen, is om dadelik, sêlf jou behoeftes te bevredig.*

Met leuens en halwe waarhede wou die duiwel Jesus oortuig dat Hy onafhanklik van die Vader kán en móét leef. Hy wou hê Jesus moes onmiddellik sy eie ding op sy eie manier doen en nie op die Vader vertrou nie. Agter die versoekings wat ek en jy ervaar, lê dieselfde gedagte: ***Jy kan God nie ernstig opneem wanneer Hy sê dat Hy jou Vader is; dat Hy weet wat jy nodig het of dat Hy vir jou sal sorg nie. Jy kan God nie vertrou om in al jou behoeftes te voorsien nie. Daarom kan jy Hom net sowel ignoreer en vir jouself op jou eie manier sorg. Jy het die vermoë om dit te doen. Jy kan sonder Hom klaarkom. Sorg vir jouself!***

Kom ek noem 'n paar voorbeelde: Alle mense het behoefte aan ELSA (Erkenning, Liefde, Sekuriteit en Aanvaarding). As jy nie ELSA by jou ouers gekry het toe jy klein was nie, is daar 'n groot gemis, 'n diep gat in jou lewe. Later gebruik die duiwel hierdie onvervulde behoefte aan ELSA om jou te versoek. Hy wil nie hê jy moet op God vertrou om jou behoefte aan ELSA op sý tyd en sý manier te vervul nie. Sy versoekings klink min of meer só:

- *As jy behoefte aan **erkenning** het, praat gedurig oor jouself. Maak seker almal weet wat jy al alles vermag het.*
- *Doen enige iets om aandag te trek: wees moeilik en onbeskof; beledig en verkleineer ander mense; dra duur klere; tatoeëer jou hele lyf; maak gebruik van uitspattige haarstyle en -kleure; rook en gebruik dwelms; maak baie geld en beoefen vrye liefde.*
- *Onthou jy is altyd reg! Moenie verskoning vra nie. Jy weet beter as almal.*
- *As jy behoefte aan **liefde** het, “maak liefde” met iemand anders wat ook liefde soek. Liefde is liefde – maak nie saak wie dit vir jou gee of hoe jy dit kry nie. Kry dit net, al is dit met omkoperij en vleitaal.*



- *As jy bang is om weer seer te kry, bou 'n muur rondom jou. Moenie jou hart vir mense oopmaak nie. Moenie mense naby aan jou toelaat nie.*
- *As jy **sekerheid** soek, vertrou net jouself. Ervaring het jou mos geleer jy kan niemand anders vertrou nie.*
- *As jy **aanvaar** wil word, gaan saam met die stroom. Gee toe aan groepsdruk. Doen wat almal doen. Moenie probeer anders wees nie.*
- *As jy wil hê God en mense moet jou aanvaar, moet jy sorg dat jy altyd die beste is. Jy moet presteer. Jou waarde lê in dit wat jy goed doen.*

As jy hierdie leuens lank genoeg glo, word dit vir jou die waarheid. Dit word die oortuiging in jou hart. Jy begin daarvolgens lewe, sonder om regtig daarvoor na te dink. Dit word 'n denkpatroon ('n opvatting) wat sterker is as die waarhede van God se Woord (2 Korintiërs 10:5). Daarom het dit 'n groter invloed op jou lewe as God se Woord. Byvoorbeeld: Al sê die Woord jy word deur geloof gered en nie deur die onderhouding van die wet nie (Galasiërs 2:16), probeer jy steeds om God te beïndruk deur wette en reëls na te kom, want jy is oortuig dat as jy nie presteer nie, Hy jou nie sal aanvaar nie (Romeine 9:31-32).

**Enige poging om jou behoeftes te bevredig deur die duiwel se leuens te glo, lei tot verslawing in plaas van vervulling.** Die rede waarom jy begin drink het, word nooit bevredig nie, nogtans hou jy aan drink. Dis onmoontlik om jou seksuele behoefte deur pornografie of ongeoorloofde seks te bevredig. In plaas daarvan dat jy na die tyd vervuld voel, suig pornografie jou dieper en dieper in. Jy ontwikkel dadelik 'n groter en groter behoefte om meer en meer te sien. Skelm seks bevredig ook nie. Jy raak net verslaaf daaraan. Nie eers geld bevredig nie, want jy kry nooit genoeg daarvan nie. Jy het later alles, maar is steeds leeg en onvervuld. Die duiwel gebruik dus altyd 'n *aanvaarbare behoefte* en probeer jou oortuig om dit op 'n *onaanvaarbare manier* te bevredig. Slaag hy daarin met sy leuens en halwe waarhede, word jy 'n slaaf van jou onvervulde behoeftes. Daarom leef so min Christene in ooreenstemming met hulle nuwe identiteit in Christus. Hulle leef uit hulle onvervulde behoeftes. Dié behoeftes dryf en beheer hulle. Onbewustelik bepaal dit hulle gedrag, in plaas van die Gees van God wat in hulle woon.



## Gebed:

- † *Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose (Matteus 6:13).*
- † *Bid dat ouers (MA en PA!) hulle kinders met ELSA (die nodige Erkenning, Liefde, Sekuriteit en Aanvaarding) sal grootmaak. Dit help baie om kinders in tye van versoeking te beskerm.*
- † *Vra dat die Gees jou en die landbougemeenskap die vaste oortuiging sal gee dat God ons Vader weet wat ons nodig het en dat Hy in al ons behoeftes wil en kan voorsien (Matteus 6:25-33).*
- † *Bid dat ons sal glo wat God sê oor ons identiteit in Christus en ons verhouding met Hom.*

## Dag 11 Tweede versoeking

Toe die duiwel se eerste aanslag misluk, het hy 'n ander invalshoek probeer. **Lees Matteus 4:5-7 om te sien wat dit was.**

.....  
.....

*God sê mos Jy is 'n Kind so na sy hart.*

- 1. Kom ons kyk hoe sterk is Julle verhouding. Kom ons toets God se liefde vir Jou. Doen wat ek sê, dan kyk ons wat sy reaksie is.*
- 2. As Jý dan nie wil bewys dat Jy die Seun van God is nie, gee Hom die geleentheid om dit te doen. Laat Hy Jou nou red.*

Die Vader het gesê: *Laat hulle Jou kruisig, Ek sal Jou red.* Die duiwel sê: *Spring van die dak af en dwing die Vader om Jou te red.* Jesus het geweier om te spring. Hy het geweier om iets te doen wat die Vader sou dwing om in te gryp en Hom te red. Sy begeerte was om sy Vader te gehoorsaam - nie om sy Vader te manipuleer en te dwing om te doen wat Hy (Jesus) wil hê nie.



Agter die versoekings wat ek en jy ervaar, lê dieselfde gedagte: ***Jy sê jy vertrou God - bewys dit! Spring in die geloof, en as jy in die moeilikheid beland, vertrou God om jou te red. Gee Hom die geleentheid om te bewys dat jy op sy Woord en sy beloftes kan vertrou - en sommer ook dat Hy van jou hou. Toe man, Hy sal altyd keer dat die pap nie op die grond val nie. Hy sal jou vergewe, selfs al ignoreer jy Hom en neem jy verkeerde besluite. Hy sal sorg dat dit nie slegte gevolge in jou lewe het nie.***

Ek en jy kom gedurig in die versoeking om **God te misbruik om óns saak te bevorder**. (Dink nou net hoe beïndruk sou die mense wees as Jesus van die hoogste punt van die tempel se dak sou afspring en niks oorkom nie.) Dit kom daarop neer dat ons God probeer manipuleer vir eie gewin. Jy dwing die Vader om jou te gehoorsaam (deur Hom aan sy beloftes te herinner), in plaas daarvan dat jy Hom gehoorsaam. Jy vra nie wat sy wil is nie. Jy doen jou eie ding. Nogtans verwag jy Hy moet sy beloftes nakom en jou uit help wanneer jy vanweë jou eie dwaasheid in ellende beland (vgl. Spreuke 19:3). **God se beloftes geld net wanneer ek en jy iets in opdrag van die Vader doen.** Wanneer jy sy opdrag gehoorsaam, kan jy alles van Hom verwag. Maar jy kan nie op sy beloftes reken as jy jou eie kop volg en na die duiwel se raad luister nie.

Met die eerste versoeking was die duiwel se leuen: ***Jy kan God nie vertrou nie. Sorg vir jouself.*** Doen dit op j'ou manier. Met die tweede versoeking is die duiwel se halwe waarheid dit: ***As jy God vertrou, dwing Hom om die volle verantwoordelikheid vir jou te aanvaar.*** Dwing Hom om te bewys dat Hy jou God is. Dwing Hom om te bewys hoe Hy oor jou voel. Dwing Hom om te keer dat dit wat jy in ongehoorsaamheid doen, nie sy plan in die wiede ry nie.

Om God te vertrou, beteken nie jy moet niks doen nie. Dit beteken ook nie jy kan roekeloos en onverantwoordelik wees nie. **Om God te vertrou beteken om niks verkeerd te doen nie.** Jy vertrou God wanneer jy nie skelm raak om probleme op te los nie; wanneer jy nie mense dreig, omkoop of manipuleer om iets gedoen te kry nie. Jy vertrou God wanneer jy eerlik is, *selfs tot jou eie nadeel*. Vertroue beteken om gehoorsaam aan Hom te wees, selfs al ken jy nie die pad waarop Hy jou lei nie. Dit beteken om te glo dat Hy sal sorg, al weet jy nie hoe nie.





## Gebed:

- † *Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose (Matteus 6:13).*
- † Bid dat ons as landbougemeenskap van Afrika God sal gehoorsaam en Hom nie sal probeer manipuleer nie.
- † Vra dat ons nie God se geduld op die proef sal stel deur na die duiwel te luister, maar Hom dan te probeer dwing om ons teen die gevolge van ons ongehoorsaamheid te beskerm nie.
- † Bid dat ons sal glo wat God sê oor ons identiteit in Christus en ons verhouding met Hom.

## Dag 12

### Derde versoeking

Met die tweede versoeking het die duiwel weereens nie geslaag nie. Toe hy sien dat Jesus vas van plan bly om God te gehoorsaam en net te doen wat sy Vader Hom beveel het, stel die duiwel voor dat Jesus dit dan ten minste op die maklikste manier moontlik doen.

### Lees Matteus 4:8-11. Wat wil die duiwel hê moet Jesus doen?

- .....
1. *Kies kortpad. Kniel net een keer voor my en ek gee Jou al die koninkryke van die aarde. Dis tog waarvoor Jy gekom het!*
  2. *Die doel waarvoor die Vader Jou gestuur het, is baie belangriker as jou verhouding met die Vader. Solank al die koninkryke net weer aan Jou behoort, sal die Vader tevrede wees, maak nie saak hoe Jy dit gekry het nie. Die doel heilig die middel.*

Jesus se verhouding met sy Vader was vir Hom belangriker as al die koninkryke van die aarde. **Hy was nie bereid om sy verhouding met die Vader tydelik opsy te skuif om die opdrag van sy Vader makliker en vinniger te probeer uitvoer nie.** Hy het geweet die duiwel lieg. As Hy sy verhouding met die Vader sou prysgee, sou die doel van sy koms



beslis op 'n mislukking uitloop. Omdat Hy die verhouding met sy Vader bo al die koninkryke van die aarde gekies het, het Hy beide gekry: die volmaakte verhouding met die Vader én al die koninkryke van die aarde.

Agter die versoekings wat ek en jy ervaar, lê dieselfde gedagte: ***Kies kortpad!*** *Daar is 'n maklike en vinnige manier om by jou doelwitte uit te kom. Sit net tydelik jou God, jou waardes, jou gewete, jou siening van reg en verkeerd, eenkant. Net tydelik! Dan doen jy gou-gou wat nodig is om jou doel te bereik, al is dit in stryd met God se Woord en wil. Die doel heilig die middel. As jy eers jou doel bereik het, kan jy weer die regte en eerlike pad verder saam met God loop.*

Dit laat my dink aan die twee studente wat elkeen 'n fiets baie nodig gehad het. Die een het gebid dat die Vader hom 'n goeie vakansiewerk moet gee sodat hy deur eerlike harde werk geld kon verdien om die fiets te koop. Die ander een het nie kans gesien vir dié lang en moeilike pad nie. Hy het besluit om 'n fiets te steel en dan net te bid dat God Hom sal vergewe. Jy sal saamstem: Dis tog belaglik! Maar dis waarop die argument neerkom.

Die duiwel wil hê jy moet só gedryf word deur jou visie of doelwit (wat selfs mooi, goed en lofwaardig mag wees), dat jy in die proses bereid is om jou verhouding met God “tydelik” prys te gee. Maar dit werk nooit só nie. As jy eers jou verhouding met God op die agtergrond skuif, (*the Worship of God, His Will, His Word and His Way*), gaan jy 'n baie duur prys betaal. Dan neem jou droom God se plek in. Dan word dit jou (af)god! En elke afgod is 'n tiran, 'n genadelose slawedrywer, 'n manipuleerder wat jou van jou vryheid en vrede beroof. Elke afgod laat jou onvervuld en leeg. Elke afgod hou jou gevange in vrees vir straf.

Wees versigtig wat jy kies. **As jy die regte ding kies, kry jy baie méér as die regte ding. Jy kry ook alles wat jy gedink het jy met jou keuse prysgegee het.** Jesus kies sy verhouding met die Vader bo die koninkryke van die aarde – toe kry hy beide (Filippense 2:9-11). Salomo kies wysheid bo rykdom – toe kry Hy beide (1 Konings 3:5-14). As ek en jy die koninkryk kies bo al ons tydelike behoeftes, kry ons beide die Koninkryk en die vervulling van al ons behoeftes (Matteus 6:33). Ons hoef nie ons Koninkryks-beginsels prys te gee om ons behoeftes vervul te kry nie.



## Kan jy ook sê wat Asaf in Psalm 73:25 sê? Wat sê hy?

---

### Gebed:

- † *Laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose* (Matteus 6:13).
- † Bid dat ons nie kortpaaie, wat nie "God's Way" is nie, sal vat nie.
- † Bid dat landbouers se verhouding met God Drie-enig (Vader, Seun en Heilige Gees) altyd vir hulle belangriker sal wees as hul daaglikse werk, drome, ideale, baie geld en materiële sukses.

## Dag 13

### Verseerings: Neem kennis van die leuens, maar glo die waarheid!

Dit is duidelik wat agter elke versoeking van die duiwel lê. Hy wil hê ek en jy moet twyfel oor dit wat God oor ons identiteit in Christus en oor ons verhouding met Hom sê. As ons eers twyfel, sal ons ophou om God te vertrou. En as ons God nie meer vertrou om in al ons behoeftes te voorsien nie, waarom sal ons waarde heg aan "*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*"? Ongehoorsaamheid is die noodwendige gevolg. Ongehoorsaamheid aan God lei mettertyd tot ongeloof in God. Die agteruitgang is dus duidelik:

- Twyfel
- Vertrou nie
- Gehoorsaam nie
- Glo nie

Dit is die pad van vernietiging waarop die duiwel jou met al sy verseerings wil neem.



Om hom meer suksesvol te maak, gebruik die duiwel weereens leuens en halwe waarhede. Jy moet kennis neem van hierdie leuens, anders gaan jy dink dis die waarheid. Hier is enkele van sy leuens:

1. Jy word deur God versoek.

**Wat is die waarheid volgens Jakobus 1:13-15?**

.....

2. Daar is nie 'n uitweg nie. Niemand kan of sal jou help nie. Jy's alleen in hierdie ding! **Wat is die waarheid volgens 1 Korintiërs 10:13 en Hebreërs 2:17-18? Skryf 1 Korintiërs 10:13 hier neer.**

.....

.....

3. Jy het nie die krag of vermoë om hierdie versoeking te oorwin nie! **Wat is die waarheid volgens 1 Korintiërs 10:13, Jakobus 4:7 en 1 Johannes 5:4-5?**

.....

4. Sonde kan tot jou voordeel wees! **Wat is die waarheid volgens Romeine 6:1 en 23, asook Spreuke 1:10-19?**

.....

5. Sonde sal nie slegte gevolge hê nie! **Wat is die waarheid volgens Eksodus 20:5 en Galasiërs 6:7-8?**

.....

**Die waarheid is:** Jy kan elke versoeking oorwin. Omdat dit nie God is wat jou versoek nie, kan en móét jy die Vader vra om jou te help om nie in allerhande versoekings te beland nie (Matteus 6:13). Jy kan ook vir Jesus vra om jou te help wanneer jy wel in versoeking kom (Hebreërs 2:17-18). God is betroubaar. Hy sorg vir 'n uitweg uit elke versoeking. Die ***Uitweg*** is Jesus Christus! (Lees 1 Korintiërs 10:13 en verder.)



**Die waarheid is:** As jy in Jesus Christus glo, kan jy absoluut seker wees dat God jou Vader is en dat jou verhouding met God 100% herstel is. Hy weet wat jy nodig het. Hy sal vir jou sorg en in elke behoefte voorsien. Jy kan Hom vertrou vir jou behoefte aan ELSA (Erkenning, Liefde, Sekuriteit en Aanvaarding). Jy kan Hom vertrou vir kos en klere, vir blyplek en werk, vir jou toekoms en vir die regte man of vrou om mee te trou. God verstaan en God gee vir jou om. Jou daaglikse behoeftes is vir Hom belangrik (Matteus 6:25-34). Jy hoef nie "*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*" prys te gee om self jou behoeftes vervul te kry nie.

**Die waarheid is:** God het reeds sy liefde vir jou bewys. Hy het dit op die heel beste manier gedoen. Geen verdere bewyse is nodig nie. Moet Hom nie met sonde en ongehoorsaamheid probeer dwing om dit oor en oor te doen nie.

**Lees Romeine 5:7-8. Hoe het God sy liefde bewys?**

.....

### **Gebed:**

- † Bid dat Christene sal glo dat elke versoeking oorwin kan word en dat Jesus meer as bereid is om ons te help wanneer ons versoek word.
- † Bid dat jy nooit "*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*" sal prysgee om jou behoeftes te probeer vervul nie. Dis dwaas. Dit lei tot verslawing.
- † Bid dat die waarheid en die Waarheid deur alle landbouers geglo sal word.

## **Dag 14**

### **Stop! Dink wat is werklik op die spel**

Wanneer jy versoek word, moet jy onmiddellik weet dat jy met leuens gekonfronteer word. Elke argument wat die duiwel in versoekings



gebruik, is 'n leuen of halwe waarheid. Elke voorstel wat hy maak, is 'n poging om jou te mislei. Elke belofte wat hy gee, is vals. Ook in versoekings gaan dit in die eerste plek oor 'n **waarheid**-stryd, nie 'n **mag**-stryd nie. As jy die waarheid ken en deur die leuens kan sien, is jou stryd al halfpad gewen.

In 'n kosbare reeks boodskappe oor die versoekings van Jesus, getiteld **Pause**<sup>1</sup>, sê Andy Stanley dat ek en jy, elke keer wanneer ons versoek word, die volgende moet onthou:

***1. Daar is altyd meer op die spel as wat jy dink:***

- i. Jou toekoms;*
- ii. Jou familie, vriende, asook werkgewer/werknemers se toekoms;*
- iii. Jou geloof in God.*

***2. Versoekings het alles te doen met jou vertroue op God en is nie net 'n toets vir jou selfbeheersing nie.***

Dit is baie waar. In versoekings gaan dit nie net oor dit wat hier en nou op die tafel is nie. Jou reaksie op 'n versoeking is mede-bepalend vir jou toekoms én jou geloof. Deur toe te gee aan een versoeking, kan jy jou naam, jou integriteit, jou werk, jou vrou/man en jou vryheid verloor. Dink weer aan wat ek vroeër gesê het. Twyfel aan God se Woord en waarheid lei tot wantroue. Wantroue lei tot ongehoorsaamheid. Ongehoorsaamheid lei tot ongeloof. [Stanley sê: *You behave yourself out of a relationship with God.*] Ongeloof lei tot 'n lewe in duisternis en 'n lewe in duisternis lei tot demoniese invloed en beheer. Demoniese invloed of beheer lei tot hartseer en ellende! Jou lewe word 'n puinhoop (Lukas 6:49).

Die pyn van jou puinhoop is beslis ook nie tot jou eie lewe beperk nie. Wanneer iemand begin drink om sy pyn te versag, ly sy hele familie en almal by die werk daaronder. Wanneer iemand 'n buite-egtelike verhouding aanknoop wat op 'n egskeiding uitloop, het dit 'n verreikende invloed op die kinders. Jy weet self hoe die lewe en besluite van jou ouers en/of jou werkgewer jou lewe beïnvloed het. Miskien sukkel jy vandag nog met gevolge van dit wat hulle gedoen het. Dalk kry jy swaar omdat jou ma te veel gedrink of jou pa rondgeloop het.

---

<sup>1</sup> **Pause** – Because Everybody is Tempted (DVD 2006 North point Ministries, Inc. [www.northpoint.org](http://www.northpoint.org))



Om my en jou te help om ons nie blind te staar teen dié een ding wat in 'n versoeking op die voorgrond is nie, beveel Stanley aan dat ons wanneer ons versoek word, net 'n oomblik stop (**pause**) en hardop iets soos die volgende sê:

*Versoeking, jy sal nie my toekoms steel nie. Versoeking, jy sal nie die toekoms van my kinders, familie of vriende ruineer nie. Versoeking, jy sal nie my geloof en vertrouwe in God vernietig nie.*

### **Gebed:**

- † Bid dat jy nie sal kop verloor wanneer jy versoek word nie, maar sal stop en dink wat werklik op die spel is.
- † Vra dat die Here opnuut sy kinders sal oortuig hoe belangrik dit is om die laaste deel van die *Ons Vader*-gebed ook te bid. Meeste Christene bid wel om vergewing van sonde, maar baie min bid om van versoekings en die Bose bewaar te word. Lees Matteus 6:13.

## **Dag 15** **Misleiding**

Jy weet wanneer die duiwel jou beskuldig (aankla) en/of versoek. Maar jy weet nie wanneer hy jou **mislei** nie. Dit maak misleiding so gevaarlik: Jy kom dit nie agter nie. Jy is blind daarvoor. Gelukkig het ons die Woord en Gees van God. Die Woord is die waarheid (Johannes 17:17) en die Gees lei ons in die volle waarheid (Johannes 16:13).

Daar is drie maniere waarop die duiwel my en jou probeer mislei. Eerstens doen hy dit deur **vals profete en -leermeesters**. Die Woord sê jy sal hulle uitken op grond daarvan dat dit wat hulle sê en dit wat hulle doen, nie ooreenstem nie. Hulle is wolwe in skaapsklere. Hulle gee voor hulle is goeie bome, maar hulle dra slegte vrugte. Hulle vrugte verklap hulle werklike identiteit.



## Lees Matteus 7:15-20 en Handeling 20:29-31. Wat leer die Woord ons?

---

Bly weg van dié mense af (1 Korintiërs 5:9-11). Moenie sulke kerkleiers en/of tradisionele leiers volg nie. Hulle is baie gevaarlik omdat hulle jou gaan verlei om leuens te glo.

Dan is daar ook **misleidende geeste** (1 Timoteus 4:1). As die duiwel die vader van die leuen is, dan is alle bouse geeste leuenaars, misleidende geeste. Hulle floreer in duisternis en valsheid. Lieg en bedrieg is hulle strategie. Die enigste manier hoe jy jouself teen hulle kan beskerm, is deur die waarheid te ken en lief te hê (2 Tessalonisense 2:10-12). Jy moet die waarheid as gordel om jou lyf vasmaak (Efesiërs 6:14).

Die groot probleem is dat mense nie die Bybel ken nie. Hulle dink om af en toe 'n versie of twee te lees, is genoeg. Hulle onkunde maak dat hulle sonder moeite mislei kan word. Luister maar net na al die verdraaide opvattinge wat mense oor God het. Tot hulle eie skade en skande glo hulle goed wat nêrens in die Bybel staan nie. Hulle maak 'n BAIE GROOT FOUT. Hulle leef asof alles wat hulle sien, hoor, dink en glo, die waarheid is. Hulle leef asof die vader van die leuen dood is. Hulle ignoreer God se opdrag om baie versigtig te lewe (Efesiërs 5:15-17). Alles in die lewe is vir hulle belangriker as om die Bybel te lees of daarna te luister en só die waarheid te leer ken.

### Gebed:

- † Bid dat die Woord van die Here vir jou en die landbougemeenskap "*kosbaarder as goud, selfs as baie goud en soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek,*" sal wees (vgl. Psalm 19:11).
- † Bid dat **jy** die waarheid sal ken, glo en liefhê.
- † Bid dat **Afrika** die waarheid sal ken, glo en liefhê.
- † Bid dat **landbouers** die waarheid sal ken, glo en liefhê.





## Dag 16

### Misleiding (vervolg)

Naas die misleiding deur vals profete en misleidende geeste, waarsku die Here ons ook op talle plekke in sy Woord teen selfmisleiding. Ek bespreek dit later, maar wil hê jy moet eers by die Here Self hoor wat Hy daaroor sê.

**Wat sê sy Woord, wanneer mislei jy jouself?**

**1. Volgens Jakobus 1:22?** .....

.....

**2. Volgens 1 Johannes 1:8 en 10?** .....

.....

**3. Volgens Galasiërs 6:3?** .....

.....

**4. Volgens 1 Korintiërs 3:18-19?** .....

.....

**5. Volgens Jakobus 1:26?** .....

.....

**6. Volgens Galasiërs 6:7-8?** .....

.....

**7. Volgens 1 Korintiërs 6:9-10?** .....

.....

**8. Volgens 1 Korintiërs 15:33?** .....

.....



Uit al hierdie gedeeltes is dit duidelik dat, as jy die volgende oortuigings het, jy jouself mislei. Dit beteken jy glo leuens en so gee jy aan die duiwel en sy bouse magte invloed en beheer oor jou lewe.

### **Jy mislei jouself ...**

1. **Wanneer jy die woord hoor, maar dit nie doen nie** (*Jakobus 1:22*).  
"The Bible was not given for our information, but for our transformation." Ek en jy kan nie self besluit wanneer ons gehoorsaam aan God se Woord wil wees en wanneer nie. Hy is die Here en die Koning en moet altyd gehoorsaam word (*Lukas 6:46*). Die Woord móét gedoen word, die waarheid móét geleef word (*Handelinge 26:20*).
2. **Wanneer jy sê jy het nie sonde nie** (*1 Johannes 1:8 en 10*). Ons gaan later sien dat een van die maniere waarop mense in ons moderne *voel-goed-oor-jouself-kultuur* van hul sonde ontslae probeer raak, is deur sonde te ontken en te maak asof dit nie bestaan nie. Die Bybel noem dit egter selfmisleiding.
3. **Wanneer jy dink jy is iets wat jy nie is nie** (*Galasiërs 6:3 en Romeine 12:3*).  
Dis wanneer iemand die houding het van *I'm a self made man (or woman)!* As jy 'n kind van God is, is jy natuurlik iemand besonders; jy het besondere gawes en jy geniet God se besondere sorg, maar jy is wat jy is deur die genade van God. Jy het niks om op te roem nie (*1 Korintiërs 1:30 en 15:10, asook Efesiërs 2:8-10*). Hoogmoed en verwaandheid maak jou uiters kwesbaar vir die duiwel se aanvalle (*Jakobus 4:6-8*).
4. **Wanneer jy dink dat jy wys is, sonder dat die openbaring (Woord) van God in jou hart is** (*1 Korintiërs 3:18-19 en Romeine 1:22, asook Psalm 37:30-31*). Oppas vir allerhande slimghede en teologiese redenasies wat nie in ooreenstemming met die Woord van die Here is nie. Die waarheid bly die waarheid, of jy dit glo of nie.
5. **As jy dink jy is godsdienstig, maar jy hou nie jou tong in toom nie** (*Jakobus 1:26*). Dit maak God baie hartseer as ons mense slegsê, in plaas van opbou. As ons mense vloek en vervloek (*Jakobus 3:9-12*). Dit bedroef sy Gees (*Efesiërs 4:29-30*). Moenie met jou tong 'n streep deur jou godsdiens trek nie. As jy gedurig jou mond oor ander mense uitspoel en mense links en regs vloek, moenie dink jy dien die God van die Bybel nie.



6. **As jy dink jy sal nie oes wat jy saai nie** (*Galasiërs 6:7-8*). Elke oortuiging in jou hart het gevolge. Die waarheid het goeie gevolge. Die leuen het vernietigende gevolge. Alle besluite het gevolge. Jy kan nie in die geheim met sonde speel en glo dit gaan nie in die volgende seisoen slegte vrugte voortbring nie (*Jakobus 1:14-15* en *1 Timoteus 5:24*). Persoonlik is ek byvoorbeeld oortuig dat die talle geweldsmisdade in ons land deel is van die vrug wat op die wettiging van aborsie volg. Ek glo aborsie is moord (*Psalm 139:13-18*), 'n geweldsmisdad. Omdat ons dit amptelik deur wetgewing saai, kan ons nie verwag om iets anders as geweldsmisdade te oes nie. Jy kan nie pornografie in jou gedagtes saai en dink jy gaan nie seksuele losbandigheid en seksmisdade oes nie (vgl. *1 Tessalonisense 4:3-8*). Jy kan nie dooies raadpleeg in die hoop op 'n beter lewe nie. Die raadpleeg van dooies sál tot 'n doods-bestaan lei (*Jesaja 8:19-22*).
7. **As jy dink dat goddelose mense ook die Koninkryk van God gaan beërf** (*1 Korintiërs 6:9-10*). Dis 'n leuen dat almal wat dood is, hemel toe gaan, al skryf die familie dit ook as trooswoorde op die grafsteen. Dis 'n leuen dat almal in Christus gesterf het (*1 Korintiërs 15:17-23*), al word daar 'n kruis op meeste grafte geplant. Dis 'n leuen dat almal wat begrawe word in vrede rus, al staan daar geskrywe: *Rest in peace!* Hierdie leuen verlei Christene om na hulle bekering steeds voort te gaan met hulle ou Goddelose lewenstyl (*Efesiërs 4:17-24*). Die waarheid is dat egte geloof sigbaar word in dade van liefde (*Galasiërs 5:6b* en *Jakobus 2:14-26*).
8. **As jy dink jy kan deel bly van slegte geselskap, sonder om self sleg te word** (*1 Korintiërs 15:33* en *Efesiërs 5:6-8*). Jy kan nie in die geselskap van die TV ontspan as die inhoud van die film of gesprek met "LSVN" geadverteer word nie. Slegte vriende sál jou sleg maak (*Spreuke 27:17*). Die Here beveel ons in *Filippense 4:8* dat ons ons gedagtes moet fokus op alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – op watter deug of lofwaardige saak daar ook al mag wees. In *Psalm 1* lees ons: *Gelukkig is die mens wat nie optree volgens die raad van goddeloses, of rondstaan op die pad van sondaars, of sit in die vergadering van spotters nie, maar vreugde vind in die gebooie van die HERE en sy voorskrifte dag en nag oordink. Hulle is soos bome geplant langs 'n rivier, wat vrugte dra op die regte tyd. Hulle blare*




*verwelk nie; in alles wat hulle doen, is hulle voorspoedig (Psalm 1:1-3. Nuwe Lewende Vertaling).*

As jy bogenoemde oortuigings het, mislei jy jouself. Dit beteken jy glo leuens en so maak jy 'n deur vir die duiwel in jou lewe oop. Só gee jy aan hom en sy bese magte **invloed** en **beheer** oor jou lewe. Beskerm jouself deur vas te hou aan die waarheid. Bly glo die waarheid (1 Petrus 5:8-9).

### Gebed:

- † Bely die sonde van selfmisleiding. Bely spesifiek die leuens waarvan jy tot nou toe oortuig was, of dalk nog steeds is.
- † Bid die *Ons Vader* -gebed soos opgeteken in Matteus 6:9-13. Fokus op vers 13.

Die aanslag van die Bese word opgesom in die onderstaande skets. Sien 'n soortgelyke skets in die boek van Dr. Niel T. Anderson, *The Bondage Breaker*, bl. 115



## Dag 17

### Praat eers buite

Wanneer jy in Afrika by die stat van 'n hoofman kom, kan jy nie sommer instap en jousef tuismaak nie. Jy word by die ingang voorgekeer. Daar vind 'n aanvanklike gesprek plaas. *Wie is jy? Waarvandaan kom jy? Waarom wil jy die hoofman sien?* Dieselfde gebeur wanneer jy in die stad by 'n belangrike persoon se kantoor opdaag. Die ontvangsklerk vra dieselfde vrae. Die rede is tog duidelik: Jy kan nie enige een binne toelaat nie. Dis gevaarlik. Die besoeker kan die hoofman of die sakeman se lewe bedreig. Daarom kry hy net toegang as dit duidelik is dat sy besoek geen gevaar inhou nie.

Dit is presies wat die Bybel sê ons met elke gedagte wat by ons “opdaag”, moet doen. Stop dit buite by die deur. Vra 'n paar vrae en besluit dan of jy kan toelaat dat dié gedagte homself in jou mag tuismaak. *Waar kom die gedagte vandaan? Is dit die waarheid? Wat gaan gebeur as ek toelaat dat die gedagte my vaste oortuiging word?* Onthou: Nie alle gedagtes kom in vrede nie. Sommige bedreig jou lewe en jou vryheid.

Die duiwel kan nie jou gedagtes lees nie, hy is nie soos God nie. Hy weet nie wat jy dink nie en hy weet ook nie vooruit wat jy gaan sê nie. Hy is 'n gevalle engel – dus 'n geskape wese. Maar hy kan wel gedagtes in jou kop plaas. Dink maar aan die bose gedagte om Jesus te verrai, wat hy in Judas se kop geplaas het (Johannes 13:2). Maar natuurlik identifiseer die duiwel homself nie wanneer hy met my en jou praat nie. Hy sê nie: *Hennie, dis ek, die duiwel, wat met jou praat. Luister, ek gee jou 'n goeie plan.* Nee, hy praat in die eerste persoon om my te mislei. Hy begin die gesprek met: *Ek dink dis 'n goeie plan om ...* As die duiwel my onder die indruk kan bring dat dit my gedagte is en nie sy plan nie, dan is die kans dat ek die gedagte gaan aanvaar en daarvolgens gaan optree, mos baie groter.

**Luister na die goeie raad van die Woord in 2 Korintiërs 10:3-5. Wat moet ons met elke gedagte doen?**

.....

Kry eers Jesus se “OK” voor jy 'n gedagte innooi en toelaat om homself as oortuiging in jou hart te vestig, vra eers die volgende vrae:



- Is dié gedagte die waarheid?
  - Is dít in ooreenstemming met wat God in sy Woord sê?
  - As ek nou doen wat ek dink, sal ek gehoorsaam aan Christus wees?
- As die gedagte nie die toets slaag nie, reageer dadelik deur hardop te sê: Die gedagte is 'n leuen wat my wil verlei om ongehoorsaam aan Christus te wees. Daarom verwerp ek dit en weier dat dit 'n oortuiging in my hart word.

Hier is 'n paar voorbeelde:

- Sonde het nie altyd slegte gevolge nie. Dis somer bangpraatstories. 'n Bietjie pornografie kan my huwelik meer romanties maak.
- Ek is die produk van my verlede. As gevolg van die kultuur en omstandighede waarin ek grootgeword het en omdat mense my só sleg behandel het, het ek die reg om te wees soos ek is. Ek kan nie en ek hoef nie te verander nie.
- As ek nie bereid is om mense om te koop nie, sal ek nêrens kom nie. Wat is nou so oneerlik daaraan om iemand maar te *help* om my te help.
- God is soos my pa. Ek kan nie regtig altyd op Hom staatmaak nie. As ek sy guns wil wen, moet ek sorg dat ek altyd die beste is. Hy sal my net aanvaar as ek Hom beïndruk deur wat ek doen.
- Daar is niks fout met rassisme nie. Almal is rassisties. Dis in elk geval nie my skuld dat ek rassisties is nie. Hulle optrede maak dat ek nie anders kan dink of voel oor hulle nie.

**As jy enige van hierdie gedagtes as die waarheid aanvaar en toelaat dat dit die oortuiging in jou hart word, gaan dit vernietigende gevolge in jou lewe hê.** Stop die gedagtes buite, by die deur en stuur hulle weg.

### **Gebed:**

- † Bid vir die onderskeiding tussen die waarheid en die leuen.
- † Bid dat Christene net gedagtes wat *waar* is, sal toelaat om 'n vaste oortuiging in hul hart te word.



## DEEL 4

### Dag 18

#### Oorwinning en sukses is die gevolg van sekerheid

Jesus se identiteit en roeping was van die begin af duidelik. **Luister wat sê die engel in Lukas 1:30-33 vir Maria. Wat moet die kind se naam wees en wat gaan Hy doen?**

.....

**Wat sê die engel vir die skaapwagters in Lukas 2:11? Wie is gebore en wat gaan Hy doen?**

.....

**Wat sê God die Vader in Matteus 3:17 en 17:5 oor Jesus se identiteit en die verhouding tussen Hulle?**

.....

**Wat het Jesus oor sy eie identiteit en roeping in Lukas 4:18-21 en Johannes 12:49-50 gesê?**

.....

**Wat het Jesus oor sy verhouding met die Vader gesê in Johannes 17:21-23?**

.....

Omdat Jesus absoluut seker was van wie Hy is en waarom Hy op hierdie aarde gebore is, het sy lewe nie uitmekaargeval toe Hy verwerp en uit sy geboortedorp weggejaag is nie (Lukas 4:16 en 28-30, asook Johannes 1:9-11). Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie en toe Hy seergemaak is, het Hy nie gedreig om wraak te neem nie (1 Petrus 2:22-23). Toe Hy met die hulp van vals getuies aangekla is (Matteus 26:59-60), het Hy Homself nie



probeer los lieg nie (Johannes 18:38 en 19:6, asook 1 Petrus 2:22). Toe Hy vir oulaas aan die kruis uitgelag en uitgedaag is om sy identiteit en roeping te bewys deur van die kruis af te kom (Lukas 23:35-39), het Hy nie voor die versoeking geswig nie. Toe die grootste onreg wat moontlik is aan Hom gedoen is deur Hom te kruisig, het Hy uitgeroep: *Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie* (Lukas 23:34). Omdat Hy God bly vertrou het vir die vreugde wat God Hom belowe het, kon Hy die vyandige optrede van sondaars verduur (Hebreërs 12:2-3).

Omdat Jesus 100% oortuig en seker was van sy identiteit, sy verhouding met die Vader en sy roeping, het Satan GEEN mag oor Hom gehad nie (Johannes 14:30). Satan kon nie Jesus se **sonde** teen Hom gebruik nie, want Jesus het GEEN sonde gehad nie (Hebreërs 4:15 en 2 Korintiërs 5:21). Hy kon ook nie 'n houvas op Jesus kry op grond van die **onreg en lyding** wat Hy moes verduur nie. Daarvoor was die vreugde en sekuriteit wat Jesus in sy verhouding met sy Vader gehad het, te groot! Aan die einde van sy aardse lewe kon Jesus sê: *Ek het U op aarde verheerlik deur die werk klaar te maak wat U My gegee het om te doen. Dis is volbring!* (Johannes 17:4 en 19:30).

**As jy oorwinning oor sonde en seer begeer**, moet jy soos Jesus 100% seker wees van jou verhouding met die Vader, jou nuwe identiteit IN CHRISTUS en jou roeping. **Jy moet weet wie jy is en wat jy hier maak.** Jy het nie gesag oor die duiwel op grond van jou geleerdheid, ouderdom, tipe werk, lewenservaring, persoonlikheid of gawes nie. Jou gesag oor die Bose lê opgesluit in jou nuwe identiteit IN CHRISTUS.

### **Gebed:**

† Bid dat Christen-landbouers dwarsoor Afrika sal weet wat God oor hulle identiteit in Christus sê, en dat hul dít van harte sal glo.

† Bid Efesiërs 2:10 en 1 Petrus 2:9.

† Bid vers een van die lied, ***Stand up for Jesus.***

Stand up, stand up for Jesus  
Redeemer of the land  
He's Lord of all creation





Victorious He stands  
Let us all represent Him  
And be His hands and feet  
Let us fulfill our calling  
As farmers on His land.

## Dag 19

### Die belangrikheid van jou identiteit en roeping

'n Lewe van oorwinning en oorvloed is slegs moontlik wanneer jy:

- ✓ Weet dat die verhouding tussen jou en die Vader heeltemal herstel is;
- ✓ Weet wat jou nuwe identiteit in Christus is;
- ✓ Weet dat God jou met 'n doel geskep en gered het.

Dit was die sleutel tot Jesus se lewe van oorwinning en oorvloed en dis ook die sleutel vir jou. Daarom doen Satan altyd alles in sy vermoë om met leuens en halwe waarhede te keer dat jy sekerheid oor hierdie drie sake kry.

As hy daarin slaag, kry hy weereens *invloed* en *beheer* oor jou lewe, selfs al kry hy *nie besitreg nie*. Daarom is dit so belangrik dat jy sal weet wat waar is.

**Waarvan kan jy seker wees volgens Romeine 10:9-13 en 1 Johannes 5:11-13?**

.....

.....

Die goeie nuus waarvan die Bybel praat, kan saamgevat word in drie woorde: **CHRISTUS IN ONS** (Kolossense 1:27). Die feit dat Christus deur sy Gees in ons kom woon as ons in Hom glo, trek 'n streep deur al die leuens van die duiwel. *Dis die bewys dat ons nie waardeloos, onaanvaarbaar, onbemin of onbelangrik is nie. Dis die bewys dat ons nie bestem is vir die ewige dood nie.* Hoe kan jy *waardeloos* wees as Jesus bereid was om jou met sy kosbare bloed te koop (1 Petrus 1:18-19)? Hoe kan jy *onaanvaarbaar* wees as God deur sy Gees bereid is om in jou te woon en jou te leer om Hom as Pappa Vader aan te spreek (Romeine 8:9 en 8:14-17)? Hoe kan jy *verwerp* voel en glo dat niemand jou lief het nie, en



dit terwyl God bereid was om sy enigste Seun wat Hy baie liefgehad het, in ruil vir jou te gee (Jesaja 43:3-4; Markus 10:45 en 2 Korintiërs 5:21)? Hoe kan jy *onbelangrik* wees as jy nou reeds saam met Christus 'n plek en posisie in die hemel het (Efesiërs 2:6) en saam met Hom 'n erfgenaam van God is (Romeine 8:17)? Hoe kan jou lewe *geen doel* hê nie? God het jou dan sout vir die aarde en lig vir die wêreld gemaak (Matteus 5:13-16)! Sê Hy nie in Efesiërs 2:10 dat Hy jou met 'n doel gered het nie? Hoe kan jy vir die dood bestem wees as die Gees van God in jou die waarborg is van die ewige lewe en al die toekomstige seënige wat jy nog sal ontvang (2 Korintiërs 5:5 en Efesiërs 1:13-14, asook Romeine 8:12)?

Hoekom wil jy die duiwel glo wanneer hy jou probeer oortuig dat jy nie van jou verlede, jou mislukkings, jou sonde en jou pyn kan loskom nie? God het jou dan IN CHRISTUS heeltemal nuut gemaak ('n nuwe skepping – 2 Korintiërs 5:17). Hy dink dan nie meer aan jou sonde nie, want Hy het dit IN CHRISTUS reeds vergewe (Hebreërs 10:14-18).

Moenie langer die leuens en halwe waarhede van die duiwel glo nie. Glo wat God in sy Woord sê oor jou verhouding met Hom, jou identiteit in Christus en jou roeping. Dis die eerste stap na 'n lewe van oorfloed en oorwinning (Johannes 10:10).

### **Gebed:**

- † Bid dat landbouers en hulle families in Jesus Christus as die Seun van God sal glo. Bid dat hulle 100% seker sal wees van hulle redding. Bid veral vir Noord-Afrika.
- † Bid dat Christene sal weet wat God oor hulle identiteit in Christus sê, en dat hulle dít van harte sal glo.
- † Bid vers twee van die lied, **Stand up for Jesus**.  
Stand up, stand up for Jesus  
All peoples of the land  
Let's live and farm for Jesus  
To glorify His Name  
Let's conquer all the evil  
And bring His Name great fame  
Let us fulfill our calling  
As farmers on His land.



## Dag 20

### Die waarheid oor jou verhouding met God

Die duiwel is die vader van die leuen (Johannes 8:44), maar God ons Vader kan nie lieg nie (Numeri 23:19; Titus 1:2). Op grond van God se betroubare Woord, kan jy presies weet waar jy in jou verhouding met God staan. Dis nie elke dag anders nie, al beleef jy dit elke dag anders. Bely die volgende waarhede hardop en gereeld:

Wat my **verhouding** met God aanbetref, weet ek verseker...

- ✓ Dat Jesus my gekoop en die prys vir my betaal het (1 Korintiërs 6:19-20)
- ✓ Dat al my sonde heeltemal vergewe is (Hebreërs 10:14 en 1 Johannes 1:7)
- ✓ Dat ek vrygespreek is (Romeine 5:1 en 8:31-33)
- ✓ Dat my verhouding met God volkome herstel is (Romeine 5:1 en 8:1)
- ✓ Dat ek uit God gebore is en aan Hom behoort (Johannes 1:12-13)
- ✓ Dat ek 'n kind van God is en altyd sal bly (1 Johannes 3:1 en Johannes 10:28)
- ✓ Dat ek 'n lid van God se huisgesin is (Efesiërs 2:19)
- ✓ Dat sy Gees nou in my woon (Romeine 8:9 en 1 Korintiërs 6:19)
- ✓ Dat ek Hom my Vader kan noem (Romeine 8:14-16)
- ✓ Dat ek vrye toegang tot my Vader het (Hebreërs 4:16 en 10:19-22)
- ✓ Dat God vir my en nie teen my is nie (Romeine 8:31-32)
- ✓ Dat my Vader weet wat ek nodig het en vir my sorg (Matteus 6:25-34)

Daarom verwerp ek elke gedagte dat ek verlore, onwelkom, eensaam, verwerp en verstoot is. Ek verwerp die bewering dat ek vaderloos is. Daarom verwerp ek ook alle vrees dat ek onversorg en onveilig is. Ek is nie 'n weeskind nie. Ek hoef nie "*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*" prys te gee in 'n poging om my behoeftes op my manier vervul te kry nie. My Vader sorg vir my. Ek verwerp ook die gedagte dat ek alleen die mas in die lewe moet opkom, want God het my deel van sy familie met sterk familiebande gemaak.

Ek verwerp elke opvatting dat God my gedurig wil straf en dat ek in vrees vir sy straf moet lewe. Ek verwerp elke gedagte dat God teen my is en nie vir my nie. Ek verwerp die bewering dat elke slegte ding wat met my gebeur 'n teken is dat God nie meer van my hou of met my tevrede is nie.

Ek glo nie meer dat ek gedurig moet presteer om deur God aanvaar te word nie. Ook nie dat ek my kindskap van God met goeie werke moet verdien nie. Ek verwerp ook die gedagte dat ek ophou om God se kind te wees, elke keer as ek sonde doen.



Ek verwerp elke aanspraak van die duiwel dat hy 'n reg op my lewe en my toekoms het, want ek is gekoop en die prys is vir my betaal.

### **Gebed:**

- † Loof en dank God vir die herstelde verhouding tussen jou en Hom.
- † Bely die waarheid omtrent julle verhouding hardop.
- † Bid dat, oral in Afrika, landbouers en hulle families sal glo wat God oor die verhouding tussen ons en Hom sê.
- † Bely dat jy dikwels die leuens wat die duiwel oor jou verhouding met God vertel het, geglo het. Bely dat jy, deur sy leuens te glo, hom die geleentheid gegee het om jou lewe te beïnvloed of selfs te beheer.
- † Bid vers drie van die lied, **Stand up for Jesus**.  
Stand up, stand up for Jesus  
It's time to make our stand:  
To live and farm for Jesus  
'cross Africa our land  
let's do work of high standard  
Rejoicing in God's way  
Let us fulfill our calling  
As farmers on His land.

## **Dag 21**

### **Die waarheid oor jou identiteit in Christus**

Baie Christene beleef 'n identiteitskrisis. Hulle siening van hulleself word gevorm deur hulle verlede en deur dit wat mense van hulle dink en sê. Hulle sien hulleself as slagoffers van mense en omstandighede, selfs van die duiwel. Hulle nimmereindigende soeke na identiteit dryf hulle om allerhande snaakse goed te doen, maar hulle onsekerheid oor wie hulle werklik is, word dag na dag groter. Party raak verwaand, hooghartig, onbeskof en dominerend. Ander sink weg in minderwaardigheid en selfbejammering. As jy nie weet en glo wie jy in Christus is nie, speel jy



reg in die hande van die duiwel. Dan kan hy vir jou lieg soos hy wil en jy sal hom glo. As sy leuens die oortuiging in jou hart geword het, bepaal dit jou hele lewe. Só gee jy weereens aan hom die geleentheid om jou lewe te beïnvloed of selfs te beheer.

Op grond van God se betroubare Woord, kan jy presies weet wie en wat jy IN CHRISTUS is. Bely die volgende waarhede hardop en gereeld:

Wat my identiteit in Christus aanbetref, weet ek verseker ...

- ✓ Ek is die beeld van God (Genesis 1:27 en Efesiërs 4:23-24)
- ✓ Ek is die gedagte en plan van God (Jeremia 1:4 en Efesiërs 1:4-6)
- ✓ Ek is die handewerk van God (Psalm 139:13-18)
- ✓ Ek is die eiendom van God (1 Korintiërs 6:19-20 en 1 Petrus 1:18-19)
- ✓ Ek is uit God gebore – wedergebore (Johannes 1:12-13)
- ✓ Ek is 'n kind van God volgens sy belofte (Galasiërs 4:28 en 1 Johannes 3:1)
- ✓ Ek is die woonplek van God en sy Gees (1 Korintiërs 3:16 en 6:19-20)
- ✓ Ek het die Gees as waarborg van wat ek nog sal ontvang (2 Korintiërs 1:22)
- ✓ Ek is heilig – afgesonder vir God (1 Korintiërs 1:2 en 2 Korintiërs 1:1 en 21)
- ✓ Ek is regverdig verklaar (Romeine 3:24-26 en 1 Korintiërs 1:30)
- ✓ Ek is vrygespreek (Handelinge 13:38-39 en Romeine 5:1)
- ✓ Ek is een met Christus (Romeine 6:11 en Kolossense 2:9-10)
- ✓ Ek is ingesluit in die sterwe en opstanding van Jesus (Romeine 6:1-11)
- ✓ Ek is dood vir die sonde (Romeine 6:11)
- ✓ Ek is lewend vir God – heeltemal tot sy beskikking (Romeine 6:11 en 22)
- ✓ My sondige natuur is weggeneem (Kolossense 2:11)
- ✓ Ek is 'n oorwinnaar (Romeine 8:37; 1 Johannes 4:4 en 1 Johannes 5:4-5)
- ✓ Ek heers reeds saam met Christus (Efesiërs 2:6)
- ✓ Ek is 'n lid van die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:27)
- ✓ Ek is toegerus met gawes en vermoëns van die Gees (1 Korintiërs 12:7-11)
- ✓ Ek is 'n getuie van Christus (Handelinge 1:8)
- ✓ Ek is saam met Christus 'n erfgenaam van God (Romeine 8:17)
- ✓ Ek is 'n burger van die hemel (Filippense 3:30)

Daarom verwerp ek elke gedagte dat ek toevallig in hierdie wêreld is, of dat ek 'n *“glipsie”* is – *iets* wat nooit moes gewees het nie. Selfs al was my ouers nie getroud nie of weet ek nie eers wie my pa is nie, beteken dit nie dat ek 'n *“mistake”* is nie. Al maak ek foute, is ék nie 'n fout of mislukking nie. Ek is nie 'n vervloekte nie (Galasiërs 3:13), selfs al spreek mense vloeke oor my uit. Ek is nie 'n satanskind nie, maar 'n beloftekind (Galasiërs 4:28).



Omdat ek in Christus is wie ek is, verwerp ek die idee dat my identiteit in die eerste plek bepaal word deur my nasionaliteit, velkleur, voorkoms of geslag. Ek verwerp die gedagte dat ek minderwaardig is net omdat ek 'n vrou is, of gestremd is, of jonk is. Ek verklaar dat my identiteit nie bepaal word deur hoe ryk of arm ek is nie. My waarde as mens word nie bepaal deur my besittings of geleerdheid nie. Daarom weier ek om te glo dat ek my identiteit verloor as ek my gesondheid of van my besittings verloor.

Ek verklaar dat ek nie 'n slagoffer is nie, maar 'n oorwinnaar. Ek is 'n Koningskind en heers saam met Christus oor die sonde – sonde heers nie oor my nie. Omdat God heilig is en Hy my, ten spyte van my sonde, heilig noem, weier ek om in sonde voort te ploeter asof ek tot niks beter in staat is nie.

Ek verklaar dat my identiteit nie bepaal word deur al die sleg en die seer uit my verlede nie, want ek is 'n nuwe skepping van God. Daarom weier ek elke gedagte dat ek nie 'n ander keuse het as om te bly leef soos 'n verkragte, verwerpte of vervloekte nie.

### **Gebed:**

- † Loof en dank God vir jou identiteit in Christus.
- † Bely die waarheid omtrent jou identiteit hardop.
- † Bid dat, oral in Afrika, landbouers en hulle families sal glo wat God oor hulle identiteit in Christus sê.
- † Bely dat jy dikwels die leuens van die duiwel oor jou identiteit geglo het. Bely dat jy, deur sy leuens te glo, hom die geleentheid gegee het om jou lewe te beïnvloed of selfs te beheer.
- † Bid weer vers een van die lied, ***Stand up for Jesus***.

Stand up, stand up for Jesus	Let us all represent Him
Redeemer of the land	And be His hands and feet
He's Lord of all creation	Let us fulfill our calling
Victorious He stands	As farmers on His land.



## Dag 22

### Die waarheid oor jou roeping

Een van die *God's Way*-beginsels wat ons baie duidelik in die Bybel vind, is dit: **God werk deur mense!**<sup>1</sup> Hy het die mens geskep as sy verteenwoordiger. Om dit vir die mens moontlik te maak om Hom te verteenwoordig, het Hy die mens na sy beeld geskep en hulle geseën.

Wat God ook al in hierdie wêreld gedoen wil hê, doen Hy deur mense. Hy wil graag aan mense kos vir elke dag gee (Matteus 6:11). Hy wil vir mense klere gee om elke dag te dra (Matteus 6:25-30). Dis sy wil dat ons kan eet en drink en die lewe geniet (Prediker 2:24-25). Hy wil sy mense laat bly in 'n land wat oorloop van melk en heuning (Eksodus 3:8). God wil vir alle mense sorg, ook die armes, die weduwees en die weeskinders, maar Hy doen dit deur boere (Job 31:16-21). Ons as landbouers het 'n besondere roeping om namens God 'n verskeidenheid produkte te produseer sodat mense Hom elke dag kan loof en prys vir sy goedheid.

***Living and Farming God's Way*** is ons roeping. As ons Hom verteenwoordig moet ons tog boer soos Hy boer. Dank die Here vir die voorreg om te kan boer – om vir Hom en namens Hom te kan boer! Wat 'n skande as ons as landbouers die oorsaak word van hongersnood in Afrika omdat ons verhouding met God, mense en die skepping gebroke is; omdat ons nie basiese *God's Way*-beginsels soos “*high standard, on time, without wastage and with joy*” toepas nie; omdat ons nie ons roeping verstaan of goeie rentmeesters van ons grond is nie; omdat ons dink werk is die gevolg van die sondeval, óf omdat ons lui en onkundig is. Kom ons moedig mekaar aan om op te staan en ons roeping te vervul. Kom ons sing:

- |   |   |
|---|---|
| 1. Stand up, stand up for Jesus<br>Redeemer of the land<br>He's Lord of all creation<br>Victorious He stands<br>Let us all represent Him<br>And be His hands and feet<br>Let us fulfill our calling<br>As farmers on His land | 2. Stand up, stand up for Jesus<br>All peoples of the land<br>Let's live and farm for Jesus<br>To glorify His Name<br>Let's conquer all the evil<br>And bring His Name great fame<br>Let us fulfill our calling<br>As farmers on His land |
|---|---|

---

<sup>1</sup> Living and Farming God's Way: Basics, bl.23-28



3. Stand up, stand up for Jesus  
 It's time to make our stand:  
 To live and farm for Jesus  
 'cross Africa our land  
 let's do work of high standard  
 Rejoicing in God's way  
 Let us fulfill our calling  
 As farmers on His land

Dit is moontlik, want op grond van God se betroubare Woord, weet ons wat ons taak en roeping is: Bely die volgende waarhede hardop en gereeld:

- ✓ Ek is 'n verteenwoordiger van God (Genesis 1:27-28)
- ✓ Ek het werk op aarde: bewoon, bewerk, bewaar (Genesis 1:27-28 en 2:15)
- ✓ Ek het 'n taak in die wêreld: wees sout en lig (Matteus 5:13-16)
- ✓ Ek is 'n lid van die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:27)
- ✓ Ek het 'n verantwoordelikheid in die kerk: vervul funksie (1 Korintiërs 12)
- ✓ Ek is gestuur na die wêreld (Johannes 17:18)
- ✓ Ek is 'n getuie van Christus in die wêreld (Handelinge 1:8 en 1 Petrus 2:9)
- ✓ Ek het 'n opdrag van Jesus: maak dissipels (Matteus 28:18-20)
- ✓ Ek moet my beywer vir die Koninkryk van God (Matteus 6:33)
- ✓ Ek het God as my Werkgewer (Kolossense 3:23 tot 4:1)
- ✓ Ek het 'n dagtaak om te vervul (Efesiërs 4:28 en 2 Tessalonisense 3:6-13)
- ✓ Ek het 'n diens om te lewer (Galasiërs 5:13 en 1 Timoteus 6:2)
- ✓ Ek het 'n geleentheid om goed te doen (2 Tessalonisense 3:13)
- ✓ Ek heers reeds saam met Christus (Efesiërs 2:6)
- ✓ Ek is toegerus met gawes en vermoëns van die Gees (1 Korintiërs 12:7-11)
- ✓ Ek is 'n getuie van Christus (Handelinge 1:8)
- ✓ Ek is gered en geroep om my lewe te wy aan die goeie daade waarvoor God my bestem het (1983-Afrikaanse Vertaling. Efesiërs 2:10)
- ✓ Ek het mense om te voed (Job 31:16-21 en Matteus 6:11)

Hoe kan 'n Christen hom- of haarself ooit as werkloos beskou, tensy hulle God en sy Woord verwerp? Hoe kan jy passief en lui wees, as daar soveel werk is wat gedoen moet word? As jy geroep is om God te verteenwoordig? Hoe kan jy voel daar is geen doel of rede vir jou bestaan nie? Hoekom wil jy sterf as die lewe soveel uitdagings bied? Hoekom wil jy wag tot iemand anders vir jou werk gee, en dit terwyl God jou reeds werk gegee het. Doen sy werk, al betaal niemand jou nie. As jy getrou





is in dit waarvoor jy nie geld kry of betaal word nie, sal God Self vir jou sorg. Hy sal sorg dat daar vrug op jou arbeid, kos op jou tafel (Psalm 37:25), klere aan jou lyf én geld in jou sak is.

Hoekom wil jy die duiwel se leuen glo dat jy waardeloos is, terwyl jy waardevolle werk het om te doen? Die belofte aan Abraham dat hy en sy nageslag tot seën vir die nasies sal wees, is ook op jou van toepassing. Omdat jy in Jesus glo, is jy die nageslag van Abraham (Galasiërs 3:29). Daarom deel jy in die belofte en roeping om tot seën vir die nasies te wees.

### **Gebed:**

- † Loof en dank God vir die voorreg om Hom te verteenwoordig en sý werk te doen.
- † Bely die waarheid omtrent jou taak en roeping hardop.
- † Bid dat, oral in Afrika, landbouers die roeping wat hulle van God ontvang het, sal uitleef.
- † Bely dat jy dikwels die leuens van die duiwel oor roeping geglo het. Bely dat jy, deur sy leuens te glo, hom die geleentheid gegee het om jou lewe te beïnvloed of selfs te beheer.
- † Bid weer die lied, *Stand up for Jesus*.

## **Dag 23**

### **Die waarheid oor jou as mens**

God is Vader, Seun en Heilige Gees. Hy is drie Persone, maar een Goddelike Wese. Ons kan nie die Drie-eenheid van God ten volle verstaan of begryp nie. Nogtans glo ons dit omdat God Hom só aan ons openbaar.

God het die mens na sy beeld geskep. Daarom is jy ook 'n drie-enige wese. Dít kan ons ook nie ten volle verstaan en begryp nie. Nogtans glo ons dit omdat dit die manier is hoe God in sy Woord oor ons as mense praat.



**Luister wat sê die Woord in Genesis 1:26-27. Hoe word die mens daar beskryf?**

.....

**Hoe word die mens in 1 Tessalonisense 5:23 beskryf?**

.....

**Wat lees jy in Lukas 2:52 van Jesus?**

.....

<b>gees = pneuma</b> Dit is dié deel van my menswees waardeur ek met God en die geestes-wêreld verbind is.	<b>siel = psuche</b> Dit is dié deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, asook verhoudinge met mense kan hê. [Wie = <b>w</b> = my <b>w</b> il = <b>i</b> = my <b>i</b> ntellek = <b>e</b> = my <b>e</b> mosies]	<b>liggaam = soma</b> Dit is dié deel van my menswees waardeur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my gees en siel gebeur.
---	---	--

**Hou die volgende in gedagte:**

1. Gees, siel en liggaam kan onderskei word, maar sáám is dit mens. Hulle werk saam en die een beïnvloed die ander.
2. Die Griekse woord *soma* word in 1 Tessalonisense 5:23 vir liggaam gebruik. Die woord dui nie op iets wat sondig of minderwaardig is nie. Dit dui net op die uiterlike en sigbare deel van die mens, in teenstelling met die onsigbare geestelike deel.
3. Gees, siel en liggaam het **sintuie**: (byvoorbeeld die vermoë om te hoor)  
Gees: Jy hoor God praat met jou.  
Siel: Op grond van 'n verhouding (goed of sleg) hoor jy iets anders as wat 'n persoon sê.  
Liggaam: Jy hoor fisiese klanke met jou ore.
4. Gees, siel en liggaam het 'n **identiteit**:  
Gees: Jou identiteit word bepaal deur jou verhouding met God: Is jy 'n kind van God of nie?



Siel: Jou identiteit word bepaal deur jou optrede, verhoudinge, manier van dink en redeneer. Jou identiteit word bepaal deur hoe ander jou sien en hoe jy jouself sien.

Liggaam: Jou identiteit word bepaal deur jou geslag, asook die grootte, ouderdom en velkleur van jou liggaam. Ook deur iets soos jou fisiese gesondheid of gestremdheid.

5. Die sonde en ongehoorsaamheid van Adam het 'n vernietigende effek (dood) op die gees, siel en liggaam van die mens gehad.

Gees: Die intieme verhouding met God is verbreek.

Siel: Die vreugde van werk en die eenheid tussen mense het verdwyn. Ons ervaar emosies van pyn en seer.

Liggaam: Fisiese siekte en dood het ingetree<sup>1</sup>.

Op grond van bogenoemde kan jy reeds verklaar:

- ✓ Ek is nie die eindresultaat van 'n lang proses van evolusie is. Ek het nie uit een of ander aap ontwikkel nie. Ek is nie 'n dier nie en hoef nie soos een te leef nie. Ek is geskep na die beeld van God.
- ✓ My een deel is nie beter as die ander dele nie, ook nie minderwaardig in vergelyking met die ander nie. My gees, siel en liggaam is belangrik.
- ✓ Ek is méér as my liggaam. Ek is méér as my siel. Ek is méér as my gees. Ek is mens. **Ek is gees, siel en liggaam.** Ek leef van binne na buite, nie van buite na binne nie. Daarom is ek nie liggaam, siel en gees nie.
- ✓ Ek sal nie al my tyd, geld en energie net op die behoeftes van my liggaam spandeer nie. Ek sal my gees, siel en liggaam versorg deur aan elkeen sy regmatige aandag te gee.
- ✓ Ek sal die Here my God liefhê met my gees, siel en liggaam (Lukas 10:27).
- ✓ Ek sal nie aanvaar dat my identiteit uitsluitlik net deur my liggaam bepaal word nie.

---

<sup>1</sup> Die Koninkryk kom in die Landbou, Hennie Viljoen, 2013, Dag 24, Bl.57-60



## Gebed:

- † Bid vir insig en begrip dat die mens gees, siel en liggaam is. Bid teen die onbybelse dualistiese opvatting dat die mens uit twee dele bestaan: 'n goeie deel (gees/siel) en 'n slegte deel (liggaam).
- † Bid vir insig en begrip dat **ménse** in die landbougemeenskap gered moet word: gees, siel en liggaam - nie net siele nie.

## Dag 24

### Die oplossing begin by die wortel

Aangesien ek en jy gees, siel en liggaam is, ervaar ons geestelike, sielkundige en fisiese (liggaamlike) probleme en siektes. Die oplossing van hierdie probleme lê daarom ook op die geestelike, sielkundige of fisiese (liggaamlike) vlak. Om jou probleme suksesvol op te los, moet jy by die wortel of oorsaak van elke probleem kom. Dit help nie jy gee die probleem net 'n naam, beskryf net die gevolge en behandel net die simptome nie.

Ons kan gees, siel en liggaam van mekaar onderskei, maar nie skei nie. Die een beïnvloed die ander. Die wortel van 'n probleem in jou liggaam kan dus in jou liggaam lê, maar dis nie noodwendig die geval nie. Dieselfde geld van jou siel en jou gees.

- Die wortel van jou **liggaamlike** siekte (probleem) kan in jou liggaam **en/of** in jou siel **en/of** in jou gees lê. Jy kan jou been breek omdat dit vanweë ouderdom swak geword het (wortel in liggaam); jou asma kan die gevolg van bitterheid en onvergewensgesindheid wees (wortel in siel); 'n bose gees kan jou stom en doof maak (wortel in gees - Markus 9:14-29) .
- Die wortel van jou **sielkundige** probleem kan in jou siel **en/of** jou gees **en/of** jou liggaam lê. (Onthou, jou siel is jou wil, intellek en emosie.) Jy kan depressie ontwikkel omdat jy emosioneel geboelie word; Jy kan emosioneel knak omdat jy fisies gemolesteer is; jy kan deurmekaar en verstandelik versteurd raak as gevolg van 'n chemiese wanbalans in jou brein; jy kan stemme in jou kop hoor omdat jy dwelms gebruik, of omdat jy dooies probeer raadpleeg het en in die proses 'n deur vir demone oopgemaak het.



- Die wortel van jou **geestelike** probleem kan in jou gees **en/of** jou siel **en/of** jou liggaam lê. Deur betrokkenheid in okkultiese aktiwiteite soos toordery, beswerings, oproep van geeste (Deuteronomium 18:9-14) en die aanbidding van afgode (dit is duiwels – 1 Korintiërs 10:19-20) kan jy geestelik versteurd raak. Deur die lees van okkultiese boeke en/of die kyk van fliëks met okkultiese temas kan die duiwel 'n houvas op jou kry en jou gedrag negatief beïnvloed. Deur jou liggaam te gebruik vir seksuele losbandigheid stel jy jouself bloot aan die moontlikheid om deur demone beset te word.

As daar 'n valse oortuiging in jou hart is (jy glo die leuen) dat alle probleme (geestelik, sielkundig en liggaamlik) slegs fisiese oorsake het, gaan jy probeer om alles met pille en brille reg te maak. Jy gaan jou volle vertroue in wetenskap en tegnologie plaas. In baie gevalle gaan jy suksesvol wees, maar die kans is groot dat jy baie van jou probleme nooit gaan oplos nie, omdat jy nie by die regte wortel uitgekom het nie. Die mediese wetenskap is dus 'n wonderlike gawe van God, maar dit het *nie die volle antwoord* op alle probleme nie. Sielkundiges en psigiaters het beslis 'n waardevolle bydrae om te lewer, maar ook hulle het *nie altyd die volle antwoord* nie.

Jy moet daarmee rekening hou dat baie van jou probleme ook 'n geestelike wortel of oorsaak het. As jy egter glo dat alles wat gebeur net deur geeste en demone veroorsaak word, gaan jy waarskynlik weer wetenskap en tegnologie eenkant toe skuif. Die gevolg gaan weereens wees dat baie probleme nie opgelos word nie, want probleme is dikwels net die gevolg van die leuens wat jy glo, van die sonde wat jy doen en van die seer wat jy onbewustelik in jou saamdra.

Waar lê die wortel van j<sup>o</sup>u probleem of probleme? Wat keer dat jy nie kan opstaan in 'n lewe van oorwinning en oorfloed nie?

### **Gebed:**

- † Vra vir die Here insig om te verstaan dat die probleme wat jy ervaar, fisiese, sielkundige en/of geestelike wortels kan hê.
- † Vra dat die Here jou sal help om by die regte wortel van jou probleme uit te kom en om dit dáár, by die wortel op te los.



## Dag 25

### MG se storie van seer en sonde

Ek deel graag met jou die ware storie van MG (skuilnaam om sy identiteit te beskerm). Ek wil hê jy moet dink aan al die moontlike wortels wat diep onder MG se probleme lê. Waarskynlik ken jy ook sulke stories, of moontlik kan jy selfs jou eie storie vertel.

MG het nie regtig naby-familie gehad nie. Sy ma het gesê dat sy jammer is dat hy nie doodgebore is nie, want sy wou 'n dogtertjie gehad het (vervloeking en identiteitskrisis). Sy ouers het hom weggegee en hy het tussen familie rondgeswerf (verwerping). Nogtans het hy heel normaal voorgekom en het 'n goeie kennis van die Bybel gehad. Meer as dit, hy het insig in die Woord gehad. Hy het 'n sagte gees gehad en was nooit aggressief nie. Hy was 'n harde en vinnige werker. Hy het dikwels op sy eie gewerk. Hy was altyd dankbaar en baie behulpsaam.

Maar algaande het MG se gedrag begin verander. Hy het in verskeie seksuele verhoudings betrokke geraak en een meisie, wat ook 'n hele klomp ander seksuele verhoudings gehad het, het vir 'n tyd by hom gebly (moontlike oop deur vir oordrag van geeste / 'n sielsband het ontstaan). Hy het 'n diens bygewoon in 'n "kerk" waar die waarheid van die Evangelie nie verkondig is nie. Daar is ook met geeste van dooies gekommunikeer (betrokkenheid by okkultiese aktiwiteite). Hy het begin glo dat al die ander werkers teen hom is. Hy het beweer dat hulle sorg dat die plantjies wat hy plant, nie groei nie (toordery), want hulle wou hom nie meer op die plaas hê nie (verwerping). Hy het begin praat oor verskriklike dinge wat gaan gebeur. Hy het sommer impulsief dinge begin doen wat glad nie sy verantwoordelikheid was nie en in die proses groot foute gemaak. Soms was hy vir dae nie by die werk nie. Hy het goed begin sien wat niemand anders kon sien nie. Hy het stemme in sy kop begin hoor en boodskappe gekry. In die middel van die nag het hy goed uit sy huis gedra en buite verbrand. Hoewel hy dit self nooit erken het nie, het die ander op die plaas gesê dat hy dagga rook (gebruik van dwelms). Sy teenwoordigheid op die plaas het 'n risiko begin word.

Omdat hy oortuig was dat ander hom wil doodmaak, het ek hom genooi om na ons toe te kom. Hy het ingewillig en by ons kom werk. Aanvanklik het dit goed gegaan behalwe dat hy een nag 'n klomp houtdeure uit die huis gedra het net omdat dit vir hom na doodskiste gelyk het. Na 'n hele



paar weke was hy een oggend skielik net weg. Ons het sy spoor gevolg. Hy het 'n skaap gesteel, dit met draad vasgemaak, oor die grensdraad gegooi en 'n paar honderd meter gedra. Daarna het hy dit keel afgesny en verder gedra. Later het hy dit neergesit en alleen verder geloop. Twee dae later het iemand hom langs die pad opgelaai en omdat MG gesê het dat hy van my af kom, het die man my gebel. Ek het MG gaan haal en ons het begin gesels. Hy het gesê dat hy besluit het om dít waarvan almal hom beskuldig (stemme in sy kop of demone?), te doen, sodat dié beskuldigings ten minste waar kan wees en nie meer leuens is nie. Hy wou hê ek moet hom polisie toe vat sodat hy kan tronk toe gaan. Ek kon hom oortuig dat dit beter is op die plaas as in die tronk en hy is saam met my terug. Alles het goed gegaan.

'n Paar maande later was hy saam met my op die dorp. Ek het hom sy geld gegee en hy sou sy goedjies gaan koop. 'n Paar uur later kry ek 'n oproep van een van my bruin vriende. Hy wou weet of ek weet waar MG is, want hy was seker hy het hom ver buite die dorp langs die pad sien loop. Ek het MG weereens gaan soek. Toe ek by hom stop het hy net met sy kop tussen sy hande gaan sit. Ek wou weet waarom hy geloop het en waarheen hy op pad is. Hy het net volgehou dat ek nie sal verstaan nie en dat hy nie 'n sukses van sy lewe mag maak nie. Hy móét elke keer alles los en van voor af begin (vals oortuiging in sy hart). Die stem in sy kop het gereeld vir hom gesê dat hy bestem is om dood te gaan en nie suksesvol te wees nie (vervloeking). Dit het hy dikwels vir my vertel.

Met plaasgodsdienste in die oggend het hy soms opgestaan om te bid. Hy het dikwels in Afrikaans, Engels en Sesotho gebid. Ek kon my verluister aan dit wat hy gebid het. Hy het die Woord geken. Hy het bely dat Jesus sy Here is. Vir maande het dit baie goed gegaan, maar op 'n dag was MG weer net weg. Hy het alles in sy huis wat hy kon breek, stukkend geslaan en die res net daar gelos.

'n Paar maande later het ek hom in Bloemfontein gekry. Ek het aangebied om hom na 'n psigiater in een van die staatshospitale te neem. Hy het ingewillig. Die psigiater het hom ondersoek en medikasie voorgeskryf. Niks het egter verander nie.

Ek weet nie waar MG vandag is nie, maar ek weet dat hy ernstige geestelike, sielkundige en fisiese probleme het. Ek weet ook dat die wortel van al hierdie probleme nie net fisies is en met medikasie reggemaak of onder beheer gehou kan word nie. Ek weet dat MG genees



en bevry kan word. Sy sonde kan vergewe word. Sy diep seer kan genees word. Elke vloek kan gebreek word. Hy kan vrees oorwin. Hy kan vry kom en opstaan! Dit is alles moontlik as hy die waarheid glo en die leuens verwerp; as hy sy sonde bely en laat staan; as hy sy hart oopmaak en oor sy seer begin praat.

Wat maak jý met jóu verlede? Is die oortuigings in jou hart die waarheid, of is dit leuens wat jou gevange hou en keer dat jy verander? Wat maak jý met jóu sonde en jóu seer? Die keuse wat jy maak gaan jou toekoms bepaal.

### **Gebed:**

- † Bid vir genesing van wonde en vergewing van sonde - veral in jou eie lewe.
- † Bid vir landbouers (werkgewers en werknemers; mans, vroue en kinders) wat soos MG met uiteenlopende probleme worstel. Bid dat hulle tot insig sal kom en verstaan wat die oorsaak van elke probleem is.

## **Dag 26**

### **Israel se storie van seer en sonde**

(Uitgetrek, maar nooit ingetrek nie!)

Jy weet reeds dat die HERE God met groot deernis en liefde reageer het op die noodroep van die Israeliete. God het Homself aan hulle bekend gemaak. Met magtige daade het Hy hulle verlos en hulle het uitgetrek uit Egipte. Hulle was bestem om in Kanaän te gaan woon en die oorvloed van God se goedheid te geniet (Eksodus 3:7-8). Maar helaas – meeste het nooit die Beloofde Land binne gegaan nie (Numeri 14:26-35). Waarom nie? Ek is seker dit was omdat hulle soveel pyn en seer ervaar het. Hulle was immers vir 400 jaar slawe in Egipte. Hulle is mishandel en verontreg. Hulle babaseuntjies is doodgemaak. Hulle basiese regte is hulle ontnem. Onbewustelik het hul pyn en seer hulle denke beïnvloed en dit het gelei tot ongeloof en ongehoorsaamheid.





As ons vandag die verhaal lees, kan ons moeilik begryp waarom hulle gedink en geredeneer het soos wat hulle wel gedoen het. Waarom het hulle so gesukkel om te glo dat God in staat is om te doen wat Hy beloof? Hulle het tog soveel wonders beleef. Waarom het hulle so gesukkel om te glo dat Moses hulle nie uitgelei het om in die woestyn te sterf nie? Die teendeel is tog dikwels bewys. Waarom wou hulle kort-kort terugdraai na Egipte, al het hulle daar so bitter swaar gekry? Waarom wou hulle elke keer weer hê God moet Homself bewys? Waarom het hulle, al was hulle so bevoorreg om die volk van God te wees, dikwels hulle rug op Hom gedraai en afgode (duiwels volgens Deuteronomium 32:17 en 1 Korintiërs 10:19-20) gedien?

Waarskynlik het hulle seer 'n baie groter rol gespeel as wat 'n mens aanvanklik sou dink. Daar was diep wonde in hul binneste. Hierdie wonde het veroorsaak dat hulle leuens aangaande God, ander mense en hulleself geglo het. Selfs al was dit nie die waarheid nie, het hulle dit reeds só lank geglo dat hulle oortuig was dat dit wél die waarheid is. Hierdie vaste oortuigings het onbewustelik hulle gedrag begin bepaal. Daarom het hulle in elke krisis weer geglo dat God hulle nie lief genoeg het om hulle te help nie. Hulle was so oortuig dat hulle bestem is om slawe te wees, dat hulle slawe wou wees. Egipte was al wat hulle geken het en hulle was so oortuig dat niks beter moontlik was nie, dat hulle in Egipte wou bly. *“Ons kon die leiers in Egipte nie vertrou nie, daarom kan ons Moses ook nie vertrou nie”*, só het hulle redeneer. *“Hy het immers in die paleis van die Farao grootgeword.”* As slawe kon hulle nooit iets goed genoeg doen nie, daarom het hulle steeds minderwaardig gevoel teenoor die mense van Kanaän en geglo hulle is nie opgewasse om 'n geveg teen die Kanaäniete te wen nie.

Omdat hulle in Egipte nie erkenning gekry het nie; nie liefde ervaar het nie; nie sekerheid gehad het oor wat met hulle gaan gebeur nie; nie aanvaarding geniet het tensy hulle baie hard en baie goed gewerk het nie, was dit hulle oortuiging dat God ook nie vertrou kan word nie.

Israel se seer het tot Israel se sonde gelei. Ten diepste het hulle gesukkel om die waarheid te glo, want hulle was nog vas oortuig van die leuen. Hulle ongeloof het tot ongehoorsaamheid gelei en hulle ongehoorsaamheid was die oorsaak dat hulle wel uit Egipte weg is, maar nooit in Kanaän gekom het nie.

Moenie leuens glo nie, want as jy dit glo, lei dit altyd tot sonde en:



**Sonde lei altyd tot wonde, tensy dit bely word.**

**Wonde lei altyd tot sonde, tensy dit genees word.**

Israel se verhaal stel ons dus voor twee belangrike vrae:

1. Wat moet ek doen met my pyn en seer?
2. Wat moet ek doen met my sonde?

### **Gebed:**

- † Bid vir geloof in en gehoorsaamheid aan God.
- † Bely jou sonde en bid dat Afrika ook hulle sonde sal bely.
- † Vra genesing vir jou wonde en bid dat Afrika ook genesing by die Here sal soek.

## **Dag 27**

### **Die groot keuse**

Die Bybel gee 'n duidelike antwoord op die vraag wie almal gesondig het en wie almal verlossing nodig het.

**Luister wat getuig die Woord in Romeine 3:9-20 en 3:23. Die antwoord is net een woord – skryf dit hier. Glo jy dit?**

.....  
As almal gesondig het, is die groot vraag: *Wat maak jý met jóú sonde?*  
Jy doen moontlik een van die volgende:

- Jy ontken dat jy sonde het;
- Jy “verdeel” die skuld van jou sonde;
- Jy dra die las van jou sonde saam met jou;
- Jy bely jou sonde en kry oorwinning.

**Jy ontken dat jy sonde het:** In ons tyd is dit 'n algemene reaksie van mense. Die woord “sonde” het uit ons woordeskat verdwyn. Niks is meer sonde nie. Die gedagte aan sonde pas nie in ons moderne *voel-goed-oor-jouself*-kultuur nie. Daarom ignoreer mense die gedagte aan sonde heeltemal en so bedrieg hulle hulself. Moenie jou sonde allerhande mooi



troetelnaampies gee nie; moet jouself nie probeer regverdig nie; moenie sê “*Ek is ook maar net ’n mens*” en só jou menslike swakheid gebruik as verskoning om sonde te doen nie.

**Luister wat sê die Woord in 1 Johannes 1:8. Wat doen mense wat sê dat hulle geen sonde het nie?**

.....

Satan lieg vir jou as hy beweer dat vergifnis beteken dat God ook jou sonde ignoreer. Dis die duiwel se manier om jou aan te hits om jou sonde te ignoreer. Sonde is ’n afskuwelike werklikheid. God ontken of ignoreer nie ons sonde wanneer Hy ons vergewe en vryspreek nie. Hy haat sonde. God veroordeel en straf sonde. Hy het dit gedoen toe Hy Jesus, wat geen sonde gedoen het nie, as vervloekte in my en jou plek aan die kruis laat sterf het (Galasiërs 3:3). Nou oordeel Hy regverdig deur elkeen wat in Jesus Christus glo, vry te spreek (Romeine 3:25-26).

As God ons sonde ontken het, sou Hy nooit só ’n geweldige prys betaal het nie. Waarom sou Hy sy geliefde Seun offer vir iets wat ’n illusie is? Iets wat nie bestaan nie?

Bely jou sonde, want ***sonde lei tot wonde, tensy dit vergewe word.***

***Wonde lei tot sonde, tensy dit genees word.*** Dis die duiwel wat wil hê dat ’n bose kringloop ontstaan:

- ❖ sonde lei tot wonde
- ❖ wonde lei tot meer sonde
- ❖ meer sonde lei tot groter wonde
- ❖ groter wonde lei tot erger sonde
- ❖ erger sonde lei tot nog dieper wonde wat jou “dood” tot gevolg kan hê.

**Jy “verdeel” die skuld van jou sonde:** Mense is geneig om beter te voel (of minder skuldig) oor hulle eie sonde wanneer hulle die vinger na ander se sonde kan wys. Die vraag is: As ek vloek, maak dit jou sonde van rook kleiner? As ek geskei is, maak dit jou homoseksuele leefstyl minder verkeerd? As ek lui is, maak dit jou bitterheid aanvaarbaar? Beslis nie! Êrens het iemand geskryf: *As God is holy, all holy, only holy, altogether holy, and always holy, so sin is sinful, all sinful, only sinful, altogether sinful, and always sinful.* Dit help ook nie jy speel stoute-klip deur die skuld vir jou sonde op iemand anders te pak nie. *Dis my vrou wat my*



*daartoe dryf om rond te loop; Omdat ek sonder 'n pa grootgeword het, kan jy my nie kwalik neem dat ek .... Omdat hulle my nooit 'n geleentheid wou gee nie, kon ek nie anders as om ....*

**Luister wat sê die Woord van die Here in Jakobus 2:10-11 en in Romeine 14:10-12. Wat hoor jy?**

.....  
Bely jou sonde, want *sonde lei tot wonde, tensy dit vergewe word. Wonde lei tot sonde, tensy dit genees word.*

**Jy dra die las van jou sonde saam met jou:** Leef jy met skuldgevoelens, selfverwyte en selfbejammering oor jou sonde? Dit is geen oplossing nie, intendeel, dit vererger net die probleem. As jy hierdie las begin dra, is dit nie lank nie, of jy sit 'n tweede las op jou skouers. Jy probeer om van jou skuldgevoelens ontslae te raak deur goeie dinge te doen. Dan begin jy wetties raak. Jy probeer om deur die onderhouding van die wet vrygespreek te word en beter te voel.

**Luister wat sê die Here in Romeine 3:21 en Galasiërs 2:16-17.**

.....  
Moenie die las van jou sonde probeer dra nie. Dis nie nodig nie, want Jesus het dit reeds gedra. Bely jou sonde, want *sonde lei tot wonde, tensy dit vergewe word. Wonde lei tot sonde, tensy dit genees word.*

**Jy bely jou sonde en kry oorwinning:** Die enigste manier om van sonde ontslae te raak, is deur jou mond. Bely dit! Dis die enigste blywende oplossing. Dis die enigste manier om te verseker dat dié sonde jou nie weer inhaal nie – nie eers in die ewigheid nie. Dis die eerste stap tot oorwinning oor sonde! Kom ons stap die pad saam met my.

### **Gebed:**

- † Bid vir 'n opregte berou oor sonde en die vrymoedigheid om dit te bely.
- † Bely al jou pogings om van sonde ontslae te raak deur dit te ontken. Ook elke poging om jou skuld kleiner te maak deur 'n deel daarvan op ander mense te plaas.



# DEEL 5

## Dag 28

### Jy het 'n keuse!

(Bitterheid en Onvergewensgesindheid 1)

Dit maak nie saak in watter geselskap ek is nie – oral hoor ek mense se stories van pyn en seer. Ek is seker jy kan ook 'n storie of twee vertel van hoe jy besteel, aangerand, vals beskuldig, verkleineer, misverstaan, verwerp, afgedank, beledig, verkrag of gemolesteer is. Hoe teen jou gediskrimineer is of hoe sleg jy behandel word deur mense vir wie jy goed was.

Wanneer dié slegte dinge met ons gebeur, kry ons seer. Dan probeer ons op baie verskillende maniere van dié pyn en seer ontslae raak. In die proses is daar twee raadgewers. In sy Woord leer **God** ons wat om te doen as mense ons kwaad aandoen. Maar **Satan** as vader van die leuen (Johannes 8:44) laat ook nie op hom wag nie. Hy bedien ons onmiddellik met verkeerde raad. Hy is nie tevrede dat jy net seergekry het nie. Hy wil hê jy moenie na God luister nie. Hy wil jou pyn groter en erger maak. Hy wil jou hele lewe verwoes. Hy is 'n mense-moordenaar van die begin af. Hy is die dief, die rower en die brullende leeu wat mense wil verslind (Johannes 10:10 en 1 Petrus 5:8). Daarom gee hy die verkeerde raad en bied vals oplossings aan, want elkeen wat sy leuens glo en doen wat hy sê, loop op die pad van selfvernietiging.

Jy is nie verantwoordelik vir *alles* wat in die verlede met jou gebeur het nie, maar jy is wel **verantwoordelik vir jou reaksie** op dit wat met jou gebeur het. Jy het 'n keuse. Wie se raad gaan jy volg? Jy kan vergewe of vergeld.

**Luister, die Here praat met jou in Efesiërs 4:31-32. Wat beveel Hy jou?**

.....  
Die Bybel is baie duidelik oor wat ons moet doen wanneer iemand ons onreg aandoen en seermaak. Ons moet almal wat ons kwaad aandoen vergewe! Waarom? Omdat God ons in Christus Jesus vergewe het.



Hoewel daar nog baie ander redes is waarom jy ander moet vergewe, is hierdie één rede reeds voldoende.

Wanneer jy iemand vergewe en vryspreek, maak jy jouself los van daardie persoon en daardie slegte gebeurtenis. Dan kan, wil en sal Christus jou pyn genees. Maar Hy sal dit nooit doen terwyl jy kies om bitter te wees nie.

Die duiwel wil egter hê jy moet God se raad ignoreer. Daarom probeer hy jou oortuig dat dit onmoontlik is om die persoon wat jou só verskriklik seergemaak het, te vergewe. Hy probeer jou oortuig dat wraak jou gesond kan maak; dat jy vry kan kom deur iemand anders gevange te hou; dat jy beter kan word deur bitter te wees; dat daar net een manier is om onreg wat jou aangedoen is, reg te stel, en dit is deur vergelding; dat daar net een persoon is wat regtig die persoon wat jou seergemaak het, kan vergeld, en dit is jý. Natuurlik identifiseer die duiwel homself nooit nie. Hy sê nie dat dit hy is wat die gedagte vir jou gee nie. Hy praat in die eerste persoon. Hy gebruik die woordjie *ek*. Daarom dink jy dis jóu eie idee en daarom aanvaar jy dit so maklik.

Jy sien, as Satan jou kan oortuig dat dit alles waar is, slaag hy in sy doel. Jou pyn en seer gaan tot sonde lei en dié sonde gaan tot groter pyn en meer seer lei. 'n Bose sirkel begin. Jou lewe gaan hel word. Die gif van bitterheid gaan jou vreugde steel; jou van jou vryheid beroof; jou siek en eensaam maak en mettertyd gaan dit jou hele lewe vernietig.

Jy kan nie iets teen iemand hou en terselfdertyd ook vry wees nie. Kom ek illustreer dit prakties. Skryf op 'n papiertjie: *“Ek haat jou!”* Druk die papiertjie teen iemand anders se rug vas en hou dit daar – hou dit *téén* hom. Wat is die gevolg? Dié persoon teen wie jy iets hou, is steeds vry en kan steeds doen wat hy wil, maar nie jy nie. Jy móét al agter dié persoon aanloop as jy die papiertjie téén hom wil vashou. Jy is nie meer vry om self te besluit waar jy wil loop, hoe vinnig jy wil loop, of in wie se geselskap jy wil staan nie. Deur haat en bitterheid het jy aan die persoon vir wie jy kwaad is en met wie jy niks te doen wil hê nie, die reg gegee om jou lewe te beheer. Dis tragies! **Bitterheid is die gif wat jy drink in die hoop dat die oortreder sal doodgaan.** Bitterheid gee aan die duiwel 'n vatkans. Dit maak 'n deur in jou lewe vir hom oop sodat hy sy verwoestingswerk in jou lewe kan doen.



## Die Here waarsku jou in Efesiërs 4:26-27. Wat moet jy nie doen nie?

.....  
Hou hier en nou op om dié gif te drink. Maak die keuse: Wil jy bitter of beter word? Neem die besluit. Moenie uitstel of wag tot jy lus voel om die mense wat jou seergemaak het, te vergewe nie. Moenie net bid: *Here, help my om .... te vergewe nie.*

### Bid hardop:

*Here God, ek kies vandag om .... (noem die naam) te vergewe vir ..... (noem die saak). Al voel ek nog nie lus om dit te doen nie, kies ek om aan U gehoorsaam te wees en .... (noem die naam) te vergewe omdat U my vergewe het. Ek bid dat U nou ook die pyn en seer wat ek al die jare met my saamdra, sal wegneem en my in Jesus Naam gesond sal maak.*

† Bid dat Christene, Afrika en alle landbouers sal kies om te vergewe en gesond te word, in plaas daarvan om met bitterheid te lewe.

## Dag 29

### Skoon huise lok nie vlieë nie

(Bitterheid en Onvergewensgesindheid 2)

Beantwoord eers die volgende paar vrae voor jy verder lees:

- Dra jy **seer** saam met jou?
- Is daar 'n **oop wond** binne-in jou?
- Wil jy iemand terugkry? Wil jy **wraak** neem?
- **Haat** jy iemand wat jou seergemaak het?
- Is jy **bitter** teen iemand wat jou sleg behandel het?
- **Weier jy om iemand te vergewe** vir iets wat hy/sy aan jou gedoen het?



Indien jy **JA** geantwoord het op enige van dié vrae, is dit tyd om huis skoon te maak.

As jou huis vuil en bemors is, as vrot goed oral rondlê en ou kos nie weggegooi word nie, sal vlieë op jou huis toesak. Vullis trek vlieë aan. Om van die vlieë ontslae te raak hoef jy nie 'n wetenskaplike studie van vlieë te maak nie. Maak net jou huis skoon en die vlieë sal vanself padgee. Vlieë floreer in vuil plekke en op oop wonde. Hulle gee vanself pad as alles skoon en higiënies is.

Net so ook die Bose. Die bese word aangetrek deur gemors in my en jou lewe; deur sondige gedagtes en gewoontes wat nie bely word nie; deur wonde wat nie genees is nie; deur 'n lewe wat nie deur Jesus se bloed gereinig is nie (1 Johannes 1:7-9). Hierdie dinge skep die ideale omgewing vir die bese om in te bly. Jy hoef nie alles van die duiwel en sy bese magte te weet om van hulle ontslae te raak nie. Bely jou sonde. Laat Christus jou lewe skoon en gesond maak, dan sal die bese vanself padgee.

**Luister, die Here praat met jou in 2 Korintiërs 2:10-11 en Efesiërs 4:26-27. Wat hoor jy? Hoe kry die duiwel 'n houvas op mense?**

.....

As jy weier om iemand anders te vergewe, gee jy aan die duiwel 'n lekker vashouplek. Hy kry 'n greep op jou lewe. Hy vang jou op 'n slinkse manier. Onthou, bitterheid is die gif wat jy drink, in die hoop dat die oortreder sal doodgaan. Maar die gif vreet jǒú op. Stadig maar seker sterf jy 'n pynlike dood. Bitterheid het 'n vernietigende effek op jou gees, siel en liggaam.

**Die effek van bitterheid op jou gees:** Jou gees is die deel van jou menswees waar jy in verhouding met God tree. Dié verhouding kan net oop en gesond wees indien my en jou sonde vergewe is (lees Romeine 5:1). Deur Christus se offer aan die kruis, is dit nou vir God moontlik om my en jou sonde te vergewe. Maar daar is iets wat die vergifnis wat God vrylik aan ons skenk, kan blokkeer en dus ons verhouding met God vertroebel.

**Luister, die Here praat met jou in Matteus 18:21-35 en Matteus 6:14-15. Wat hoor jy?**

.....





**Die effek van bitterheid op jou siel:** Jou siel is jou wil, intellek en emosies.

**Wil:** As jy kies om bitter te bly, is jou **wil** in stryd met die wil van God. Hy beveel jou om te vergewe en vry te spreek, maar jy **wil** wraak neem. Jy **wil** God se reg om te straf, vir jouself toeëien (vgl. Romeine 12:19-21). Jy **wil** God speel.

**Intellek:** Jy **dink** gedurig aan dié persoon wat jou seergemaak het. Jy praat met hom of haar in jou **gedagtes/kop**. Jy **formuleer** en herformuleer die kwaad wat jou aangedoen is oor en oor. Soos die vrou van Herodes Antipas, maak die wrok wat jy teen iemand koester, jou totaal **irrasioneel**. Jy **neem dom besluite**. Sy het die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord geëis, selfs al het hy, omdat hy in die tronk was, geen bedreiging meer vir haar ingehou nie. Lees die hele verhaal in Markus 6:14-29.

**Emosie:** Jy dra die **pyn** saam. Die **pyn** maak jou **hartseer, kwaad, bitter** en **onvoorspelbaar**. **Selfbejammering** hou jou voltyds besig: *Arme ek!* Jy **voel** soos 'n slagoffer: *Hoekom moes dit met my gebeur?* Jy leef in **vrees**: *Wanneer gebeur dit weer?* Net soos kanker nie beperk bly tot een orgaan in die liggaam nie, maar telkens op 'n nuwe plek kan uitslaan, bly jou bitterheid ook nie beperk tot een insident en een persoon nie. Later word jy bitter teenoor alles en almal! Geen verhouding van jou is meer gesond nie. Mettertyd besmet jou bitterheid ook ander mense en dít veroorsaak groot moeilikheid (Hebreërs 12:15).

**Die effek van bitterheid op jou liggaam:** Daar is al baie navorsing oor hierdie saak gedoen. Almal kom tot dieselfde gevolgtrekking: Bitterheid maak jou siek! Fisies siek! Jou liggaam is nie in staat om al die gifstowwe wat bitterheid vrystel, te verwerk nie. Stadig maar seker vergiftig dit jou hele liggaam. Kort-kort is daar 'n nuwe skeet.

Kortliks, bitterheid en onvergewensgesindheid besmet jou hele menswees: gees, siel en liggaam. Jou verhouding met God raak koud en onpersoonlik. Intimiteit met Hom verdwyn. Jy sukkel met jou stiltetyd en dit voel of jou gebede teen die dak vasslaan. Jou hart is verdeel, jou kop deurmekaar en jou emosies onvoorspelbaar. Jy ervaar innerlike konflik. Jou liggaam knak onder die las van bitterheid. Dit alles gebeur omdat jy deur bitterheid vir die duiwel 'n houvas op jou hele lewe gegee het.



Daar is slegs een manier waarop jy hierdie greep wat die duiwel op jou lewe het, kan verbreek. Bely jou bitterheid. Erken dat dit sonde is en dat dit jou lewe vernietig. Doen wat God sê: Vergewe almal wat jou kwaad aangedoen het. Kies om hulle vry te spreek. Gee jou begeerte om wraak te neem prys. Laat dit aan God (en die owerheid wat Hy oor jou gestel het) oor om te vergeld en te straf waar en wanneer nodig (Romeine 12:19 tot 13:7).

As jy gehoorsaam is en dit doen, gaan jy 'n heerlike ontdekking maak. **Wanneer jy ander vergewe en vryspreek, is dit jyself wat vry word!**

### **Gebed:**

- † Praat met die Here oor jou wonde en jou seer.
- † Bely alle bitterheid en onvergewensgesindheid.
- † Vra die Here om jou te help om huis skoon te maak.

## **Dag 30**

### **Vra die Heilige Gees om jou te bedien**

(Bitterheid en Onvergewensgesindheid 3)

Begin deur te bid: *Vader, ek was verlore. Ek het teen U gesondig. Ek was in opstand teen U, ek was u vyand. Nogtans het U my liefgehad en u Seun Jesus Christus ter wille van my gestuur (Romeine 5:8-10). U was genadig en geduldig met my. U goedheid het my tot bekering gebring (Romeine 2:4). Jesus het my sonde op Hom geneem. Daarom het U my vrygespreek (Romeine 5:1). Omdat U my sonde vergewe het, kies ek vandag om ook ander hulle sonde te vergewe en hulle vry te spreek (Efesiërs 4:32).*

Omdat jy nou gekies het om mense te vergewe en vry te spreek, kan jy verwag dat die Heilige Gees, die Gees van Christus, met jou gaan praat. Vra Hom nou om jou te herinner aan **almal** wat jou seergemaak het en aan **alles** wat elkeen van hulle aan jou gedoen het.

Vat 'n pen en papier en skryf al die name neer wat in jou gedagtes opkom. Moenie oor dié name begin dink en redeneer nie. Moenie probeer vasstel



hoekom jy nou aan hulle dink nie. Glo dis die Heilige Gees wat jou aan hulle herinner en skryf net die name neer. As daar geen nuwe name meer in jou gedagtes opkom nie, skryf jy heel onder aan jou lysie: myself. As jy jouself verwyf oor iets wat jy gedoen het of nie gedoen het nie, moet jy jouself ook vergewe. Jy moet glo dat God jou reeds volkome vergewe het, anders gaan jy sukkel om jouself te vergewe.

Neem dan jou lysie en begin bid oor elke naam. Vra weereens die Gees om jou te herinner aan alles wat die persoon gedoen het wat jou seergemaak het. Ook aan alles wat die persoon (bv. jou afwesige pa) moontlik nagelaat het om te doen. Skryf dit neer.

Bid nou die volgende gebed: ***Here, in gehoorsaamheid aan U, kies ek om ...*** (noem die persoon se naam, of identifiseer hom/hulle net as jy nie sy naam ken of kan onthou nie) ***te vergewe vir ...*** (wat die persoon alles gedoen het of nagelaat het om te doen) ***omdat dit my ...*** (sê hoe) ***laat voel.***

Doen dit met elke naam op jou lysie. Ook jou eie naam.

**Bid nou hierdie gebed hardop:** *Here, ek bely dat ek bitter en wraakgierig was. Ek bely dat ek ongehoorsaam was toe ek begeer het om self wraak te neem teenoor dié mense wat my seergemaak het, in plaas daarvan om te erken dat dit U reg is om te straf (Romeine 12:19 en 1 Petrus 2:23). Ek dank U dat U my ook hierdie sonde vergewe het. Ek kies om nie langer vas te klou aan my pyn en seer nie. Ek dank U dat U my vrymaak van alle bitterheid en onvergewensgesindheid. Ek gee my begeerte om wraak te neem prys en vra dat U al my emosies van pyn en seer sal genees. Ek bid dat U hulle wat my seergemaak het, sal seën en dat U hulle ook sal bevry van hulle pyn en seer. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen<sup>1</sup>*

---

<sup>1</sup> Vgl. Dr. Niel T. Anderson: The Bondage Breaker / with study guide - bl.230



## Dag 31

### Afgodery is om jou met leuens en duiwels op te hou

(Afgodery 1)

Afgode is niks (1 Korintiërs 8:4). Eintlik bestaan dit net in mense se koppe. Maar dit beteken nie dat afgodery ook niks is nie. **Afgodery is om God te verwerp en in verhouding met duiwels te tree** (1 Korintiërs 10:18-22 en Deuteronomium 32:17). Dit is 'n sonde met verwoestende gevolge. Dit lei tot 'n lewe in duisternis. Dis die begin van 'n kringloop waarin sonde tot wonde lei, en wonde tot meer sonde!

**Luister wat sê die Here in Romeine 6:23, wat is die loon van die sonde en daarom ook van afgodery?**

.....

**Wat gebeur volgens Jeremia 2:5 met jou as jy niks werd afgode dien?**

.....

**Afgodery is om jouself kwaad aan te doen. Om jouself te benadeel. Wat lees jy in Jeremia 2:13-19?**

.....

**Wat is afgodery volgens Jeremia 2:20 en 3:13?**

.....

Die aanbidding van afgode is nie net iets wat mense van “*ander kulture*” doen wanneer hulle voor fisiese beelde buig nie. Ook baie kerkmense wat gedoop is en aan die Nagmaal deelneem, maak hulleself skuldig aan afgodery. Om deel van 'n Christelike stelsel of groep te wees, is geen vrywaring teen afgodery nie (1 Korintiërs 10:1-22).

Afgodery is om jouself los te maak van “*the Will, the Word, the Way and the Worship of God*”. Afgodery is om die gesag wat die lewende God oor jou het, te verwerp. Afgodery is om aan iets of iemand anders seggenskap oor jou lewe te gee. Afgodery is om iets anders meer te



bewonder en te vereer, as God. Dis om iets of iemand anders (dit kan ook jouself wees) liewer as God te hê. Selfs wanneer jy iets of iemand 'n plek *langs* God gee, is jy besig met afgodery. Jy mag *naas* God (bedoelende langs Hom) geen ander gode hê nie (Eksodus 20:3). Hy eis onverdeelde trou aan Hom (Eksodus 20:5).

Dit beteken nie dat God selfsugtig is en dat alles vir Hom net om Homself draai nie. Inteendeel, dit gaan vir Hom oor jou. Omdat Hy jou lief het, jou God is (Eksodus 20:1) en in al jou behoeftes kan voorsien (Psalm 81:11), wil Hy nie hê dat jy jou lewe verkwis en opmors deur agter nikswerd afgode aan te loop nie. Hy wil nie hê die duiwel moet 'n houvas op jou kry nie.

Om op te staan uit 'n nuttelose en nikswerd lewe (want dis die gevolg van afgodery – jy word so nikswerd soos jou gode, volgens Jeremia 2:5 en Jesaja 44:9), moet ek en jy ontslae raak van die afgode in ons lewe. Ons moet ophou om ons met leuens besig te hou (Jesaja 44:20). Afgode kan een of meer van die volgende wees (nommer 2-5 word eers in dag 32 en 33 behandel):

### **1. Fisiese goed**

In Eksodus 20:1-6 verbied die Here die maak van beelde: goed in die lug, iets op die aarde, of goed wat in die water onder die aarde is. Die profeet Jesaja beskryf op 'n aangrypende manier hoe dwaas en belaglik dit is om 'n stuk hout te vat, die helfte te gebruik vir vuur om jou kos gaar te maak en die res om 'n beeld te maak waarvoor jy buig (Jesaja 44:6-20).

In Romeine 1:18-32 beskryf Paulus die vernietigende gevolg wanneer mense *iets* in die skepping aanbid, in plaas van die Skepper self. Afgodery is geestelike hoerery (vgl. Rigters 8:33; Jeremia 3:1-10; Hosea 4:1-14, let veral op vers 9-13). Dit is die geestelike wortel van gruwelike seksuele sondes wat mense fisies met hulle liggame doen (Romeine 1:24-27). Ons kom weer later terug na die geestelike wortel van seksuele sondes. Afgodery is ook die wortel van baie ander sondes (Romeine 1:28-32). Al probeer die afgodsdienaars hoe hard om die indruk te skep dat hulle verstandig en geleerd is, bly hulle dwaas (Romeine 1:21-22 en vers 31).

Neem ook kennis dat geld een van die aanvaarbare (fisiese) afgode van ons materialistiese wêreld geword het. Die Bybel leer ons egter dat daar 'n *gees* (Mammon – Matteus 6:24) agter die geldgod skuil. Ons kom in Dag 39 weer terug na Mammon.



## Gebed:

- † Bid dat mense tot die insig sal kom dat die verering van duiwels nie net deel van Satanisme is nie, maar van alle afgodery.
- † Bid dat mense tot die insig sal kom dat afgodery altyd tot 'n nuttelose en nikswerd lewe lei - omdat afgode nutteloos en nikswerd is.

## Dag 32 Die groot en belangrike “Ek” (Afgodery 2)

Afgodery is meer as om net beelde of enige iets anders in die skepping te aanbid. Afgodery is in die tweede plek ook om “jouself te aanbid”.

### 2. Die groot en belangrike “Ek”

Hoogmoed was die oorspronklike sonde van die Satan (Judas:6 en 2 Petrus 2:4). Hoogmoed is om *“the Will, the Word, the Way and the Worship of God”* prys te gee en jouself op dié troon te plaas. Hoogmoed is afgodery en afgodery is die verwerping van die enigste ware God.

### Luister na die Woord van die Here in 1 Samuel 15:23. Wat hoor jy?

.....

Jy is hoogmoedig en verwaand as jy altyd probeer beter weet as ander; as jy rassisties is; wanneer jy fyng gevoelig is; wanneer jy probeer voorgee dat jy iets is wat jy nie is nie; wanneer jy gedurig net oor jouself en jou prestasies praat; wanneer jy 'n beter indruk op mense probeer maak deur ander sleg te sê of af te kraak; wanneer jy maak asof jónu kerk, jónu familie, jónu politieke party en jónu skool altyd die beste is; wanneer jy die erkenning wat God of ander mense (jou kinders, man/vrou, familie, vriende of personeel) toekom, vir jouself opeis, asof jy die een is wat só goed en oulik is; wanneer jy sukkel om te erken dat jy 'n fout gemaak het en moeilik verskoning vra; wanneer jy gedurig jou vrou en jou kinders hiet en gebied asof hulle jou slawe is; wanneer jy titels, grade en posisies gebruik om respek af te dwing, maar self nie respek aan ander betoon nie (vgl. 1 Petrus



2:17); wanneer jy sukkel om jou aan gesag te onderwerp. Minderwaardigheid en selfbejammering is ook 'n vorm van hoogmoed, want as dit jou houding is, draai alles steeds net om jouself.

Onthou, daar is 'n groot verskil tussen minderwaardigheid en nederigheid. As jy minderwaardig voel, is dit omdat jy nie glo dat jy is wie God sê jy is nie. Dan aanvaar jy nie die nuwe identiteit wat Hy jou gegee het nie. Jesus was en is nederig (2 Korintiërs 10:1), maar Hy het nie minderwaardig gevoel nie. Hy het sy identiteit en roeping 100% verstaan. Slegs as jy weet wie jy in Christus is, kan jy ferm en beslis optree, sonder om verwaand te wees.

Die wortel wat tot al hierdie gedrag aanleiding gee, kan in jou gees, siel of liggaam lê. **Liggaam:** Jy kan verwaand wees omdat jy buitengewoon mooi, sterk, ryk of slim is; omdat jy byvoorbeeld 'n baie goeie sportman is, of 'n vrou met besondere talente; omdat jy 'n spesifieke nasionaliteit het (aan 'n bepaalde volk behoort) of deel is van 'n besondere familie. **Siel:** Jy kan ook al hierdie dinge gebruik as 'n rookskerm om jou seer en minderwaardigheid weg te steek; omdat jy verwerping beleef, kan dit 'n manier wees waarop jy erkenning soek. **Gees:** Jy kan dit alles doen gewoon omdat jy te belangrik in jou eie oë is, omdat jy jou eie god geword het.

Wanneer iemand sy eie god geword het, hoor jy dit duidelik in sy redenasies. Dit word sigbaar in sy siel (wil, intellek en emosie). Byvoorbeeld:

- *Ek is 'n vry mens!* Wat die persoon eintlik bedoel, is: *Ek is my eie god. Ek kan doen wat ek wil. Ek bepaal self wat vir my reg en verkeerd is. Ek steur my nie aan God's Word, God's Will of God's Way nie. Dis outyds! Ek is my eie norm. Wat vir my reg is, is reg. As ek dink daar is niks fout met vrye liefde nie, dan ís daar niks fout daarmee nie.*
- *Ek is 'n rasonele en logiese mens!* Wat die persoon eintlik sê, is: *Wetenskap en tegnologie is my god. Ek glo nie aan goed wat ek nie kan sien en waaraan ek nie kan vat nie; ek verwerp alles wat nie vir my logies sin maak nie; ek aanvaar net dit wat ek met my verstand kan verstaan - slegs dit wat verklaar en bewys kan word. Wetenskap en tegnologie het al die antwoorde!*
- *Ek is 'n emosionele mens!* Wat die persoon eintlik bedoel, is: *Plesier en genot is my god. As iets my lekker en goed laat voel, dan is dit reg.*



*Die lewe is gemaak om te geniet. Ek glo nie aan iets soos sonde nie, want dit laat my sleg in plaas van goed voel.*

Uit al hierdie houdings en gesindhede is dit duidelik dat die mens altyd weer lus het om sy eie god te wees. Die groot en belangrike “Ek” wil só graag die middelpunt van alles wees. Nogtans staan die waarheid vas:

**Lees Jakobus 4:6 en Spreuke 16:18. Wat is God se houding teenoor hoogmoedige mense en wat gebeur met hulle?**

.....

Vra die Gees van die Here om jou te wys of daar hoogmoed, verwaandheid, vals nederigheid of minderwaardigheid in jou lewe is. Vra dat Hy vir jou die vrugte sal wys, want deur die vrugte sal jy die wortels herken. Skryf dit neer. Bely die vrugte en die wortels een vir een. Noem dit by die naam.

### **Gebed:**

*Here, ek het teen U gesondig deur te dink dat ek sonder U gelukkig en suksesvol kan wees. Ek bely dat my begeertes vir my belangriker was as u wil. Ek erken dat my lewe net om myself draai en nie op U gerig is nie. Ek bely dat ek, in plaas daarvan om my pyn en seer na U toe te bring, probeer het om self daarvan ontslae te raak. Dit het my hoogmoedig en verwaand gemaak (of 'n vals nederigheid gegee en minderwaardig laat voel). Ek erken dat hoogmoed eintlik afgodery is en dat ek verwaand was om te dink ek kan u plek inneem. Ek bely dat ek die lof en eer wat U toekom, vir myself gesteel het. Ek draai my rug op hoogmoed en verwerp verwaandheid. Ek kies om ander hoër as myself te ag en hulle belang bo my eie te soek (Filippense 2:3-4).*

*Ek bid dat U, o Heilige Gees, nou vir my alle vorme van hoogmoed en verwaandheid, asook vals nederigheid en minderwaardigheid in my lewe sal wys.* [Lees weer deur die lys wat hier bo genoem is. Erken en bely hardop een vir een alles wat op jou van toepassing is. Dank die Here elke keer nadat jy 'n saak bely het, vir sy volkome vergifnis. Plaas jou vertrouwe weer in Hom.]

† Vra dat die Here Afrika en by name die landbougemeenskap, sal bevry van afgode.





[Lees gerus wat die Here nog oor hoogmoed en verwaandheid sê: Spreuke 6:16-17; Spreuke 15:25; Spreuke 16:18; Spreuke 17:19; Spreuke 18:12; Spreuke 29:23; Sefanja 3:1; Lukas 18:14; Handeling 12:22-2; 1 Petrus 5:5. Lees ook deur die boek Ester en let op die hoogmoed en val van Haman.]

## **Dag 33**

### **Nog afgode moet bely word**

(Afgodery 3)

Die eerste twee afgode waarby ons stilgestaan het, was beelde wat jy kan sien en waaraan jy kan vat, asook die groot en belangrike “Ek-afgod”. Daar is nog drie vorme van afgodery wat jy moet bely en laat staan. As jy dit nie doen nie, sal jy nooit die vryheid en oorwinning geniet wat Christus jou bied nie. Die derde vorm van afgodery is ...

### **3. Om betrokke te wees by enige nie-Christelike godsdiens**

Daar is net een ware God waardeur alle mense op die hele aarde gered kan word (Jesaja 45:22). Daar is net Een wat verlossing bring (Handeling 4:12). Daar is net een God en een Middelaar tussen God en mens, en dit is Jesus Christus die Here (1 Timoteus 2:5-6). Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6). Wie Hom verwerp, verwerp ook die Vader (1 Johannes 2:22-25 en Johannes 5:23). Wie die Seun het, het die lewe. Wie nie die Seun het nie, het ook nie die lewe nie (1 Johannes 5:11-12).

Dis nog 'n leuen van die duiwel dat alle godsdienste tot die ewige lewe lei. Dis 'n leuen dat alle gode eintlik maar een en dieselfde God is. Wie die leuens glo, kies die dood bo die lewe. As jy dus 'n lewe van oorwinning begeer, bely en verbreek alle betrokkenheid by Boeddhisme, Hindoeïsme, Islam, Animisme, Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG), ensovoorts. Jy weet nou al hoe om dit te doen.

Jy moet egter steeds liefde en respek betoon teenoor almal wat hierdie tipe godsdienstige oortuigings het. Hulle sal slegs tot geloof kom en aan God eer bring as hulle sy liefde in jou optrede beleef (Matteus 5:16; 1 Petrus 2:12 en 17, asook 3:1-2).



#### **4. Om iets of iemand anders as God toe te laat om jou identiteit en waarde te bepaal**

Die hoogste gesag en grootste invloed wat jy aan iemand oor jou lewe kan gee, is om dié persoon (dit kan ook 'n opvatting of 'n fisiese ding wees) toe te laat om jou identiteit en waarde te bepaal. *Wie of wat jy ook al toelaat om jou identiteit en waarde te bepaal, dit is jou god, want dít het die hoogste gesag en grootste invloed in jou lewe.*

Omdat God jou geskep en in jou moederskoot gevorm het (Psalm 139:13-18); omdat Hy jou gered en heeltemal nuut gemaak het (2 Korintiërs 5:17); omdat Hy jou gekoop en die volle prys vir jou betaal het (1 Petrus 1:18-19), het nét Hý die reg om te sê wie jy werklik is en wat jou waarde is. Jy kan gerus terugblaai en weer luister na wat God oor jou identiteit sê.

As jy toegelaat het dat jou fisiese voorkoms; die opinie van mense; een of ander leuen wat jy vas glo (dis 'n vesting in jou kop); die lelike naam of bynaam wat jou ouers of iemand anders jou gegee het; of die kwaad wat iemand jou aangedoen het (bv. verkragting, verwerping, vervloeking) jou siening van jouself en jou waarde bepaal, dan moet jy dit bely en jou rug daarop draai. Dit is 'n afgod in jou lewe, want dit beïnvloed en/of beheer jou lewe.

#### **5. Gedagte-vestings**

**Gedagte-vestings is leuens wat jy al vir so lank glo dat jy in jou hart vas oortuig geraak het dat dit die waarheid is.** Hierdie oortuigings vestig hulle op verskillende maniere in iemand, sonder dat daardie persoon noodwendig bewus is van dié oortuigings. Hierdie oortuigings (leuens) kan deur die kultuur waarin jy grootgeword het, aan jou oorgedra word. Jy kan byvoorbeeld glo dat dooie mense steeds kontak met en invloed op die aarde het. Die leuen is so 'n vaste oortuiging dat jy dit aanhou glo selfs al sê die Woord dat dit nie moontlik is nie (2 Samuel 12:23 en Lukas 16:26). Kontak met demone wat hulle as bekende afgestorwe familie en vriende voordoen, is wel moontlik. (Ons staan later dáárby stil.)

Dié oortuigings kan ook gevorm word deur seerkry-ervarings of die gebrek aan *ELSA* wat jy as kind beleef het (**E**rkenning, **L**iefde, **S**ekuriteit en **A**anvaarding). Jy kan op grond van jou seerkry absoluut oortuig wees dat jy niks en niemand kan vertrou nie. Dan probeer jý vir jouself sorg, vir jou toekoms, jou geluk en jou veiligheid. Jy sukkel om God te vertrou, want eintlik vertrou jy nét jouself. Jy raak onafhanklik van God en verwag alles van jouself. So raak jy jou eie god.



Wanneer jy, omdat jy soveel gebroke huwelike sien, oortuig is dat die huwelik soos God dit ingestel het, vandag nie meer kan werk nie, is jy ook besig met afgodery. Die oortuiging waartoe jy op grond van jou ervaring gekom het, het 'n vaster en veiliger plek (vesting – 2 Korintiërs 10:5) in jou kop gekry as die waarheid van God se Woord.

Wanneer vaste oortuigings (wat in stryd met God se Woord is) 'n groter invloed op jou gedrag het as die waarhede van God se Woord, is jy besig met afgodery. Vra die Heilige Gees om jou bewus te maak van hierdie vals oortuigings. Bely dit een vir een. Doen dit hardop.

### **Gebed:**

Here, ek bely dat ek deur my betrokkenheid by ... (noem die godsdiens en die spesifieke godsdienstige handeling waarby jy betrokke was) afgode gendien het en dus teen U gesondig het. Ek bely dat ek die leuens van die duiwel geglo het toe ek toegelaat het dat ... (noem die dinge en/of die gebeurtenisse) my identiteit en waarde bepaal het. Ek erken dat dit my lewe en gedrag beïnvloed het. Ek verwerp ... (noem weer die dinge en/of die gebeurtenisse) se invloed op my gedrag en gee opnuut die beheer van my lewe aan U oor. Ek bely dat dit wat U oor my identiteit en waarde sê, die absolute waarheid is. Ek bely en verwerp ook elke leuen wat ek oor enige ander saak geglo het (noem weereens dit waarvan die Heilige Gees jou oortuig). U Woord is die waarheid. Help my om dit sonder huiwering te aanvaar.

Dankie dat U al my sonde vergewe het omdat Jesus reeds die volle prys daarvoor betaal het. Dankie dat ek nou in Hom net so 'n volmaakte verhouding met U het as wat Hy met U het.

Ek bely dat U in staat is om in al my tydelike en ewige behoeftes te voorsien. U kan al my geestelike, sielkundige en liggaamlike behoeftes vervul. Ek het geen ander god saam met U nodig nie. Ek verbind my opnuut aan "the Will, the Word, the Way and the Worship of God". U is my Alfa en Omega.



- † Vra dat die Here Afrika, sal bevry van afgodery.
- † Bid vir die aanvaarding van *"the Will, the Word, the Way and the Worship of God"*.
- † Bid dat mense se oë sal oopgaan vir die leuens en valsheid waarop alle afgodery gevestig is. Bid dat die "niks" wat afgode bied; die leegheid waarmee dit sy aanbidders laat; die vrees waarmee dit mense gevange hou, asook die ellende wat afgodery in mense se lewe tot gevolg het, alles daartoe sal lei dat mense na die Drie-enige God, Vader, Seun en Gees, sal terugkeer en Hom alleen sal liefhê, eer en dien (Matteus 22:37-38).

## Dag 34

### Afrika Tradisionele Godsdiens

(Afgodery 4)

Ek het reeds by Dag 33 waar ons oor afgodery gepraat het, verwys na die Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG). Ek kan nie die ATG volledig verduidelik en bespreek nie, maar ek is saam met Afrika Mhlophe ('n Xhosa uit die Oos-Kaap, Suid-Afrika) en andere 100% oortuig dat jy nie 'n Christen kan wees én 'n aanhanger van die ATG nie, net so min soos jy gelyktydig 'n toegewyde Moslem en Christen kan wees of twee sokkerklubs wat aartsvyande is, kan ondersteun<sup>1</sup>.

Afrika Tradisionele Godsdiens werk met 'n hele klomp opvattinge wat gewoon nie waar is nie.

#### 1. Die ATG se opvatting oor wie God is, is vals.

Die idee wat die ATG van God het, het baie min ooreenkoms met dit wat God oor Homself in sy Woord sê. Volgens die ATG is God ver en grootliks onbetrokke by die dag-tot-dag-lewe van mense. Die Bybel leer presies die teenoorgestelde (Matteus 6:25-34 en Hebreërs 1:3). Die Bybel leer ook duidelik dat God se karakter bo alle verdenking is en

---

<sup>1</sup> Afrika Mhlophe: Christianity and the veneration of ancestors (Should a Christian consult the dead?) p 303



dat Hy geen donker kant het nie (1 Johannes 1:5). Dis nie wat die ATG leer nie. Hoe Bybels is die opvatting wat jy oor God het?

## **2. Die ATG se opvatting oor die lewe na die dood is vals.**

Die eerste leuen is dat mense wat dood is, steeds kontak het met die wat nog lewe. Hulle het nie net kontak nie, hulle beïnvloed en beheer die lewendes. Die tweede leuen is dat mense wat lewe 'n invloed het op die "rus en vrede" van die wat dood is. Die gees van afgestorwenes word gedurig deur iets wat mense doen, rusteloos, ontevrede en selfs kwaad gemaak. Die enigste manier hoe hulle dan weer tot rus gebring kan word, is om offers aan hulle te bring. Die Bybel leer duidelik dat daar geen kontak moontlik is tussen die lewendes en die dooies nie (Lukas 16:26). Die Bybel leer ook dat jou lewe na die dood uitsluitlik bepaal word deur jou lewe voor die dood: Het jy in Jesus Christus geglo of nie. Na jou dood kan niemand meer 'n invloed op jou rus en vrede hê nie (Hebreërs 9:27; Lukas 16:19 en verder, asook 1 Johannes 5:11-13).

## **3. Die ATG se verstaan van kerk is onbybels.**

Om aan die Kerk van die Here Jesus te behoort is meer as om af en toe 'n kerkgebou te besoek, spesifieke kerklere aan te trek, om gedoop te wees, 'n kruisie om jou nek te hang, Nagmaal te gebruik en op 'n hospitaal se toelatingsvorm jou godsdiens as Christelik aan te gee. Om aan 'n kerk te behoort beteken nog nie dat jy deel van die Kerk van Christus is nie. Om Kerk te wees is om die Bruid van Christus te wees, om sy liggaam te wees, om Hom toe te laat om sy lewe in en deur jou te lewe (Galasiërs 2:19-20).

## **4. Die ATG verwerp Jesus Christus as enigste Middelaar.**

Die ATG glo daar bestaan een of ander piramiede-struktuur. God, wat ver en ontoeganklik vir gewone mense is, vorm die boonste punt van die piramiede. Die middel word gevul deur voorvadergeeste en die onderste vlak deur toor- en kruiedokters. Aanhangers van die ATG glo dat die voorvaders in die teenwoordigheid van God is en dat boodskappe wat van hulle af kom, eintlik van God af kom. Slegs voorvaders kan ook mense se boodskappe aan God oordra. Die Woord is duidelik dat daar slegs een God en een Middelaar tussen God en die mens is, en dit is Jesus (1 Timoteus 2:5). Verder leer die Woord ook dat met die sterwe van Jesus die voorhangsel in die tempel geskeur het en dat alle gelowiges nou direkte toegang tot God het (Matteus 27:51; Hebreërs 4:16 en 10:19-22, asook Jakobus 4:8).



## 5. Die ATG glo dat offers steeds nodig is.

Aangesien voorvaders selde in 'n goeie bui is, moet hulle gedurig met een of ander seremonie en offer-ritueel gepaai word. Hoewel aanhangers van die ATG nie iets het om vir God te gee nie, is hulle bereid om enige iets te betaal om 'n gepaste offer aan hulle voorvaders te bring. Wanneer iemand sterf, word daar gewoonlik 'n bok geslag wat die afgestorwene na die doderyk moet vergesel. Later word 'n bees geslag om weer die gees van die afgestorwene terug te bring om as voorvader oor die familie te waak. Hierdie seremonies gaan gewoonlik gepaard met uitermatige eet en drinkery.

Aangesien die voorvaders nie in staat is om die offers te ontvang nie, aan wie word dan geoffer? Die Bybel is weereens duidelik: offers aan afgode is offers aan duiwels (1 Korintiërs 10:18-20; Levitikus 17:7 en Deuteronomium 32:16-17). Dit sluit ook offers aan dooies in (vgl. Psalm 106:28 in die 1933/53-Vertaling). Wie hierdie offers aan voorvaders eet, het nie gemeenskap met Christus nie, maar met duiwels (1 Korintiërs 10:18-22). Dit is presies die teenoorgestelde van dit wat die Bybel ons oor ware godsdiens leer. Wie aan voorvaders offer en dan die offers eet, is nie besig om God te dien nie, maar om Hom uit te tart.

Weereens is die Bybel duidelik: Christus het Homself as finale offer gegee sodat ons sonde eens en vir altyd vergewe is. Waar die sonde vergewe is, is daar géén offer meer nodig nie (Hebreërs 10:14-18). Deur nou nog offers te bring, beledig en verwerp jy die eenmalige en finale offer van Jesus. Dit beteken jy is reeds én bly steeds veroordeel (Johannes 3:18).

Die Afrika Tradisionele Godsdiens het dus nie veel met die ware Christelike Godsdiens te doen nie, behalwe 'n paar oppervlakkige gebruike. Indien jy steeds dink dis moontlik om 'n Christen te wees sonder om jou rug te draai op kommunikasie met voorvaders, asook die leuens, offers en rituele wat daarmee saamgaan, beveel ek jou ten sterkste aan om die boek van **Afrika Mhlophe**<sup>1</sup> te lees. Hy gee volledige besprekings van alles wat ek hier geskryf het en nog vele meer.

---

<sup>1</sup> Afrika Mhlophe: Christianity and the veneration of ancestors (Should a Christian consult the dead?)



### **Gebed:**

- † Vra dat die Here deur sy Gees mense sal oortuig dat hulle nie kan vashou aan Afrika Tradisionele Godsdiens (en al die vertakkings daarbinne) en hulleself nogtans Christene noem nie. Bid dat veral mense wat uit dié tradisie kom, 'n duidelike keuse vir Christus sal maak.
- † Bid vir Christene wat, soos Afrika Mhlophe, besluit het om duidelik standpunt in te neem vir die waarheid en téén die afgodery van die Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG). Bid dat hulle nie sal swig voor die druk van familie, vriende en die gemeenskap nie.
- † Indien jy op een of ander wyse steeds deelneem aan die tradisionele godsdienstige gebruike van Afrika, moet jy dit bely en jou rug daarop keer. Vra dat die Here die invloed en houvas wat die duiwel deur die ATG op jou het, sal breek. Bid dat Hy jou sal vry maak van vrees vir die voorvaders. Hulle het immers geen invloed op of gesag oor jou lewe nie.

## **Dag 35**

### **Okkultiese praktyke**

Die woord “**okkulte**” verwys na alles wat verband hou met bose geeste, demone en duiwels, asook die Satan. Dit verwys ook na al die handeling en rituele wat mense uitvoer om hierdie geestelike magte te eer, óf ten einde bonatuurlike krag en vermoëns te kry, los van die Woord en Gees van die Here.

**Luister wat sê die Here in sy Woord. Maak 'n lys van alles wat Hy (in jou belang) in Deuteronomium 18:9-14 en 32:17 verbied.**

.....



.....  
Die Woord van die Here is baie duidelik: Heksery, toordery, voorvader-  
aanbidding, waarsêery, beswerings, die oproep van geeste van dooie  
mense, die bring van offers, geloof in die voorspelling van die sterre, die  
uitspreek van vloeke, die offer van kinders (en/of diere) aan afgode en die  
verering van veldduiwels, ensovoorts is alles okkultiese praktyke wat die  
Here haat en verbied (Vgl. Levitikus 19:26 en 31). Hierdie dinge word in die  
Woord altyd in een asem genoem met afgodery en duiwelaanbidding.

**Lees Galasiërs 5:19-21 en Openbaring 9:20. Wat word alles  
genoem?**

.....

.....

Jy kan nie vorentoe loop as jy gedurig omkyk nie. Jy kan nie die lewe kry  
as jy die dooies raadpleeg nie (Jesaja 8:19-22 en 57:8-13). Die waarheid kan  
jou nie vry maak as jy aanhou om die leuen te glo nie (Johannes 8:32 en 36).  
Jy kan nie probleme oplos deur betrokke te raak by okkultiese dinge wat  
die wortel van baie probleme is nie. Jy kan nie duiwels met die mag van  
duiwels uitdryf nie (Matteus 12:24-28). Jy kan nie “white-magic” gebruik in  
die hoop om “black-magic” te oorwin nie. Jy kan nie in liefde en vrede  
lewe terwyl jy deel het aan hierdie afskuwelike praktyke wat mense in  
vrees gevange hou nie (vgl. Hebreërs 2:14-15 en 1 Johannes 4:19). Jy kan nie  
die seën van die Here verwag terwyl jy doen wat Hy verafsku nie  
(Deuteronomium 18:12). Jy mors jou tyd en geld as jy steeds glo in die bring  
van duur offers. Jesus het Homself as finale en volmaakte offer gegee.  
Sy bloed was die laaste wat móés vloei. Daar is nou géén offer meer  
nodig nie. Lees hierdie waarheid in **Hebreërs 10:10-18**. Laat dit jou vry  
maak. Vry om vreesloos op te staan vir Jesus en jou rug te draai op al  
hierdie okkultiese praktyke.

Alle pogings om op enige van bogenoemde maniere

- *inligting oor die **toekoms** te probeer bekom en/of*
- ***beheer** oor ander mense se lewe te kry en/of*
- *om jou eie lewe te **beskerm** en/of*
- *om seën en **voorspoed** te probeer verseker,*





is okkulties van aard. God verbied dit. Dié wat dit doen, bring 'n vloek oor hulleself. Die Woord van God is baie duidelik oor al hierdie dinge.

Betrokkenheid by die okkulte is nie beperk tot sekere volke en kulture nie. Daar is al meer boere wat sangomas raadpleeg om gesteelde vee terug te kry. “Die sterre voorspel” is 'n staande rubriek in baie populêre tydskrifte. Belangstelling in TV-programme oor “die ander kant” neem toe. Satanisme lok groeiende belangstelling en sataniese tekens word openlik vertoon. Stadig maar seker word die gemeenskap gebreinspoel om nie negatief en veroordelend teenoor die *dienste* wat mediums en spiritiste lewer, te wees nie.

Was of is jy betrokke by enige van die volgende praktyke?

- Het jy op enige stadium **inligting oor jou toekoms probeer kry** deur die oproep van geeste; die raadpleeg van dooies; die voorspelling van sterre; besoeke aan sangomas en/of waarsêers; die lees van teekoppies en/of handpalms, ensovoorts?
- Het jy op enige stadium **ander mense se lewe probeer beïnvloed** deur toordery of die uitspreek van vloeke, ensovoorts?
- Is jy bewus van spesifieke vloeke wat mense oor jou uitgespreek het? Leef jy in vrees as gevolg van dié vloeke?
- Het jy op enige stadium **jou eie lewe (of die van jou gesin) probeer beskerm** deur die bring van offers; die hulp van sangomas; die begrawe van “*muti*” rondom jou blyplek en/of die besprinkeling van jou huis met “*heilige*” water; die ophang van horings en/of hoefysters by jou deure om jou huis te beskerm; die dra van amulette, toutjies, gelukbringers; die maak van snye in jou liggaam om “*beskermingsmiddels*” in te sit, ensovoorts? Selfs al het jy dit nie self gedoen nie, maar jou ouers of grootouers het dit met jou, of in belang van jou gedoen, moet dit steeds bely word.
- Het jy op enige stadium die hulp van mense en/of geeste waarvan daar in Deuteronomium 18:9-14 sprake is, ingeroep om **seën en voorspoed vir jouself te probeer verseker**?
- Was jy al op een of ander manier, direk of indirek, betrokke by **satanisme en/of satanistiese aktiwiteite**? Indien wel, sê wanneer, waar en hoe.



## Gebed:

Vader, Seun en Heilige Gees, U alleen is God. Van ewigheid tot ewigheid is U God. Ek erken en aanbid U as die Een wat my versorg, beskerm en my toekoms in sy hand hou. Ek bely dat dit 'n gruwelike sonde is om enige hulp en raad te soek by gode, geeste of in okkultiese praktyke, só asof ons iets meer nodig het as wat U ons kan gee.

Daarom bely ek ...

- ✓ dat ek die leuens van die duiwel geglo het;
- ✓ dat ek lewe en beskerming gaan soek het by ...
- ✓ dat ek inligting oor my toekoms gesoek het by ...
- ✓ dat ek beheer oor mense se lewens probeer kry het deur ...
- ✓ dat ek seën en voorspoed gesoek het deur ...
- ✓ dat ek betrokke was/is by ...

Ek verstaan dat ek, deur dit te doen, vatkans aan die duiwel gegee het. Daarom draai en nou my rug op al hierdie goddelose praktyke en bid ek dat U my sal bevry van hierdie houvas. Ek bid dat U my sal vergewe en my volkome sal losmaak van die gevolge van my dwase keuses.

Ek aanvaar U volkome vergifnis op grond van die offer wat Jesus vir my gebring het. Ek bid om bewaring van die Bose en beskerming teen mense wat my wil kwaad aandoen. Ek kies om nie hulle dreigemente te vrees nie, want in u liefde is ek veilig.

- † Bid ook vir almal wat jy ken wat steeds in die greep van die okkulte vasgevang is.
- † Bid dat die Here Afrika, en ons hele landbougemeenskap, sal verlos van al hierdie afskuwelike praktyke.
- † Bid dat mense opnuut sal glo dat al ons geestelike behoeftes heeltemal vervul kan word deur 'n intieme wandel met God en 'n vervulling met sy Gees. Ek en jy het niks en niemand meer nodig nie.



*Afhangende hoe diep jy in die okkulte betrokke was of is, kan jy moontlik meer hulp nodig hê om heeltemal uit die greep van die duiwel los te kom. Ek wil jou aanmoedig om van die werke van Dr. Niel T. Anderson, wat agter in hierdie Gebedsfokus gelys is, te lees. Ek wil jou ook aanmoedig om die pad saam met medegelowiges te stap. Daar is hulp. Daar is oorwinning. Maak seker jy kry dit!*

## **Dag 36**

### **Die misbruik van 'n wonderlike gawe**

(Seksuele sonde 1)

Seks en seksuele vervulling is 'n wonderlike gawe van die Here. Anders as in die geval van diere, kan mense ook seks hê selfs wanneer die vrou se liggaam nie voorberei is op bevrugting nie. Die Here het die mens so gemaak dat man en vrou gereeld seksuele genot en vervulling kan ervaar (Spreuke 5:19). Eenheid tussen man en vrou lei tot seksuele vervulling en seksuele vervulling lei tot eenheid tussen man en vrou. Seks binne die huwelik is 'n manier om God in jou liggaam te verheerlik (1 Korintiërs 6:18 tot 7:5. Onthou, vers- en hoofstuk-indelings is nie deel van die oorspronklike teks nie, dis later ter wille van verwysing ingevoeg).

Satan het egter ook op die seksuele terrein kom steel, slag en verwoes. Met leuens verlei hy mense om hierdie wonderlike gawe op vernietigende maniere te gebruik (Lees bv. Levitikus 20:10-24). Israel is gewaarsku dat seksuele losbandigheid die land só naar sal maak, dat die land hulle sal opbring. Die land sal hulle letterlik uitspoeg. Seksuele losbandigheid bedreig mense se lewe en voortbestaan.

**Luister na die Woord in 1 Korintiërs 6:9 tot 7:5. Wat hoor jy?**

.....  
.....

Ek kan my motor beskikbaar stel vir iemand om die Woord van die Here te gaan verkondig, óf ek kan dit beskikbaar stel vir mense wat 'n bankroef beplan. Die probleem lê nie by die motor nie. Die vraag is: Tot wie se beskikking stel ek dit? Waarvoor gebruik ek dit? Paulus skryf in Romeine



6:13 dat ons geen deel van ons liggaam beskikbaar moet stel vir sonde nie, maar dat ons elke deel tot beskikking van God moet stel om sy wil te doen.

Die mens is gees, siel en liggaam.

<p><b>gees = pneuma</b> Dit is dié deel van my menswees waardeur ek met God en die geesteswêreld verbind is.</p>	<p><b>siel = psuche</b> Dit is dié deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, asook verhoudinge met mense kan hê. [Wie = <b>w</b> = my <b>w</b>il = <b>i</b> = my <b>i</b>ntellek = <b>e</b> = my <b>e</b>mosies]</p>	<p><b>liggaam = soma</b> Dit is dié deel van my menswees waardeur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my gees en siel gebeur.</p>
--	---	--

Wanneer mense seks het, is dit nie net twee liggame wat bymekaar kom nie. Dis twee mense. Hulle hele menswees is betrokke: *gees, siel en liggaam!* Hierdie drie het 'n baie groot invloed op mekaar.

Die Bybel leer ons dat  **twee mense een word**  wanneer hulle seksuele gemeenskap het. Dit maak seksuele omgang voor en buite die huwelik so gevaarlik – so dodelik (Spreuke 5:1-23 en 6:20 tot 7:27). Wanneer die fisiese daad wat jy met jou liggaam gedoen het, verby is, beteken dit nie dat alles oor en uit is op die vlak van die siel en die gees nie.

In jou siel **WIL** jy weer seks met die persoon hê. Jy begeer hom of haar – want gesteelde water is soet en brood in die geheim geëet is lekker. In jou siel **DINK** jy steeds aan die ander persoon – lank nadat jy reeds weer jou klere aangetrek het. Jy redeneer oor die saak en vind allerhande redes waarom dit nie verkeerd is wat jy gedoen het nie. Jy regverdig jouself. Jy vergelyk hierdie ervaring met voriges. Die beelde bly in jou kop. In jou siel bly jy **EMOSIONEEL** aan die ander persoon gebonde. Jy verlang, jy's verlief, jy begeer, jy voel lekker as jy aan hom of haar dink. **Daar het 'n sielsband ontstaan! Dit moet gebreek word.**

Op die vlak van die gees kom daar ook eenheid. Een van die maniere hoe geeste en demone toegang tot mense se lewe kry, is deur seks. Bose geeste en demone word letterlik “voortgeplant” (oorgedra) deur buitewettelike en sondige seksuele verhoudings. In los seksuele verhoudings weet jy nie by wie jou maat oral geslaap het nie. Jy weet nie wie van daardie persone moontlik by ander okkultiese en satanistiese aktiwiteite en praktyke betrokke is of was nie. Jy weet nie waarmee hulle “besmet”



is nie – heel moontlik met meer as net die MIV/Vigs-virus. Sonde wat jy met jou liggaam doen bring skeiding tussen jou en God op die vlak van die gees, en dit maak 'n deur oop tot die wêreld van bose geeste en demone. Daarom is seksuele orgies altyd deel van satanistiese en ander okkultiese inlywingseremonies.

Daarom moet alle buite-egtelike seksuele verhoudings een vir een bely word. Spesifiek! Die *sielsband* moet afgesny (gekanselleer) word en onwelkome geeste en demone moet beveel word om uit jou te gaan.

Met verkragting en molestering kan iets soortgelyk gebeur. Die slagoffer wil nooit weer seks hê nie; dink negatief oor seks en beskou dit as iets vuil en lelik; enige gedagte aan seks bring emosies van pyn en seer na vore. Selfs al is die slagoffer baie gelukkig getroud en het hulle vroeër geen seksuele probleme in die huwelik ervaar nie, kan die slagoffer 'n onvermoë ontwikkel om seks te geniet en seksuele vervulling te ervaar. Dank die Here, daar is genesing en bevryding in sy Naam!

In die volgende dagstukkies kom ons by spesifieke vrae wat beantwoord en goed wat bely moet word. As jy bang is om die dinge na die lig te bring, wil ek jou opnuut daaraan herinner:

- ✓ Jesus is 'n baie sterk Verlosser;
- ✓ Dat, as jy in Jesus glo, hierdie sonde reeds vergewe is;
- ✓ Dat Jesus nie voor jou staan met 'n beskuldigende vinger en veroordelende houding nie, maar dat Hy langs jou staan en in jou werk om jou te help om dié sonde te oorwin en agter jou te laat.

Ek wil jou dus aanmoedig om die dinge een vir een voor die Here te bring. Wees egter ook sensitief. Moenie alles voor almal uitblaker nie. Dit kan meer skade as goed doen. Soms kan dit help om tog jou hart met ten minste een betroubare persoon te deel. Maar onthou die goue reël: Mans praat met mans en vroue praat met vroue. Wanneer nodig kan een egpaar ook met 'n ander egpaar praat. Moet NOOIT dit wat vertroulik met jou gedeel is, aan ander oorvertel nie!

### **Gebed:**

† Bid dat die huwelik soos deur God ingestel, weer in ere herstel sal word (Matteus 19:4-6). Bid dat elke man slegs een vrou sal hê en elke vrou slegs een man. Bid dat man en vrou saam die



verantwoordelikheid vir die versorging, opvoeding en veiligheid van hulle kinders sal aanvaar.

- † Bid vir seksuele reinheid binne en buite die huwelik.
- † Bid dat mense die gevaar van seksuele losbandigheid sal insien, asook die vernietigende effek daarvan op individue, huwelike, gesinne, gemeenskappe en lande. Die effek word sigbaar op elke terrein: gesondheid, opvoeding, ekonomie, produktiwiteit en arbeid, misdaad en geweld, ensovoorts.

## Dag 37

### Identifiseer die wortel – oorwin die gevolg

(Seksuele sonde 2)

In die gemeenskap waar ek leef, is onsedelikheid en seksuele losbandigheid aan die orde van die dag: tiener-swangerskappe; buiteregtelike seksuele verhoudings; onbekende en afwesige pa's; seksuele aktiwiteite en speletjies onder kinders (sommige so jonk as 6 jaar); verkragting binne en buite die huwelik; molestering binne en buite die gesin; pornografie, ensovoorts. Hoewel meeste mense in die gemeenskap sê dat dit verkeerd is, word byna alle eerste babas voor die huwelik gebore. 'n Vrou kan baie babas hê, sonder om getroud te wees of selfs 'n permanente saambly-verhouding met 'n man te hê. Wat is die wortel van hierdie pandemie? Dis duidelik nie net 'n fisiese probleem nie. Dit kan beslis nie net aan armoede toegeskryf word nie!

**Ons mag nooit op 'n punt kom waar seksuele sondes vir ons aanvaarbaar of verskoonbaar word nie. Luister wat sê die Woord van die Here in Galasiërs 5:19 en 1 Korintiërs 6:9-10.**

.....

.....

Fisiese en liggaamlike hoerery word gewoonlik voorafgegaan deur **geestelike hoerery**. Geestelike hoerery is afgodery en afgodery is geestelike hoerery (vgl. Jeremia 3:1-10; Hosea 4:1-14, let veral op vers 9-13).



Daarom sê die Woord telkens dat Israel agter ander gode aan hoereer het (Rigters 8:33). Ook in Romeine 1:18-32 beskryf Paulus die vernietigende gevolg wanneer mense *iets* in die skepping aanbid, in plaas van die Skepper self. Dit is die geestelike wortel van gruwelike seksuele sondes wat mense fisies met hulle liggame doen (Romeine 1:24-27). Ek probeer nie sê dat afgodery die enigste wortel van hoerery is nie, maar dis volgens die Woord beslis een van die dik en sterk wortels. Om oorwinning oor seksuele sondes te kry, moet alle afgodery dus eers erken en bely word. Afgode moet eerste gaan, dan kan seksuele vergrype suksesvol aangespreek word. Indien die afgodery van voorgeslagte nie bely word nie (of dit nou die aanbidding van die son, maan en sterre was, of moderne afgode soos geld, of ideologieë soos apartheid, óf wat ook al – sien Dag 31-33), kan daardie hoergees in die nageslag steeds in fisiese seksuele losbandigheid manifesteer.

Seksuele losbandigheid (wat homoseksuele en lesbiese gedrag insluit) kan ook die gevolg wees van **afwesige pa's**, ongeag waarom die pa nie daagliks by sy huisgesin betrokke was of is nie: werksomstandighede; egskedding; rol-verwarring; ontduiking van verantwoordelikheid; 'n ideologie soos apartheid en/of die praktyk van trekarbeid wat werk- en woonplek van mekaar skei, ensovoorts.

Dis 'n leuen van die duiwel dat jy jou seksuele behoeftes kan bevredig op maniere wat in stryd met die Woord en wil van die Here is. **Enige poging om jou seksuele behoeftes in stryd met God se wil te bevredig, lei altyd tot verslawing en nooit tot vervulling nie!** [Dit geld eintlik van enige en alle behoeftes.] Jy raak verslaaf aan seks, pornografie, seks-praatjies en grappe. Hoe meer jy kry, hoe meer wil jy hê, maar hoe leer voel jy na die tyd. Net soos in die geval van die alkoholis wat nog 'n dop gaan soek (Spreuke 23:29-35), bly soek die seks-verslaafde tevergeefs oral na seksuele vervulling. Dié verslawing bepaal jou gedrag en is dus ook 'n vorm van afgodery wat bely moet word.

Jy moet alle seksuele sondes bely en die sielsbande wat dit tot gevolg het, verbreek. Beantwoord die volgende vrae eerlik en baie spesifiek:

- Kyk jy na pornografie? Is jy verslaaf daaraan? Het jy pornografiese boeke of tydskrifte? Kyk jy daarna op die internet of op jou selfoon?
- Is of was jy betrokke in buite-egtelike seksuele verhoudings? Sover moontlik moet elke verhouding spesifiek en by die naam bely word.



- Is of was jy betrokke in lesbiese en/of homoseksuele verhoudings? Bely elkeen spesifiek.
- Het jy al ooit seks met diere gehad?
- Het jy ooit iemand molesteer en/of verkrag?
- Is jy gemolesteer en/of verkrag?
- Is of was jy betrokke by “betaal-seks”?
- Het jy ooit deelgeneem aan seksuele handeling wat deel van okkultiese rituele is en/of was jy by sulke geleenthede teenwoordig? (Bv. wanneer iemand deel word van ’n bepaalde groep, organisasie, kultus, ensovoorts.)
- Is of was jy getroud met iemand wat rondloop/rondslaap of by geleentheid al seks buite julle huwelik gehad het?
- Het jy “seksuele-verhoudings” in jou gedagte-wêreld of deur middel van selfoon of internet?
- Vertel jy graag vulgêre-, vuil- of seks-grappe? Maak jy dikwels sulke opmerkings? (Onthou dat seksuele losbandigheid nooit snaaks is of kan wees nie. Christus het ’n baie duur prys vir ons seksuele barbaarsheid betaal.)

### **Gebed:**

Here Jesus, ek glo en bely dat U my gekoop het met u kosbare bloed en dat ek daarom nie aan myself behoort nie. Ek bely dat my liggaam die woonplek (tempel) van die Heilige Gees is en dat ek dit daarom nie vir seksuele losbandigheid mag gebruik nie. Ek dank U vir die wonderlike gawe van seks wat U aan ons geskenk het om binne ’n lewenslange huwelik tussen een man en een vrou te geniet.

Ek bely dat ek hierdie gawe misbruik het deur ... (wees spesifiek - kyk weer na die lys hier bo) en vra dat U my asseblief sal vergewe.

Ek bely spesifiek dat ek voor of buite my huwelik seks gehad het met ... (noem die naam, name en/of geleentheid een vir een. Dit geld ook van molesterings en verkragtings indien jy daarby betrokke was) en in u Naam breek ek die sielsband wat tussen my en ... (noem weereens die ander persoon se naam) ontstaan het. Ek bid dat U my sal vergewe en dat U my sal bevry van alle geeste en/of demone wat deur hierdie seksuele verhouding toegang tot my gekry het. Ek verbind my opnuut aan U en vra dat U





my sal help om in 'n intieme verhouding met U te leef. Ek bid dat U my gedagtes sal reinig en my emosies sal genees.

Ek stel my liggaam opnuut tot U beskikking sodat U dit vir U werk en tot U eer kan gebruik. Ek bid dat U my getrou sal maak aan my huweliksmaat (indien jy getroud is). Laat my nie in versoeking kom nie. Verlos my van die Bose.

Ek bid dat U ook almal met wie ek seks gehad het, sal vergewe en genees. Ek bid dat hulle U ook sal leer ken en ook oorwinning oor die sonde sal kry.

† Bid 1 Tessalonisense 4:3-8 vir jouself, jou kinders en familie, asook vir jou vriende en mede-landbouers. Bid dit vir Afrika.

## Dag 38

### Identifiseer en oorwin die Isebel-gees

Hoewel hierdie gees reeds werksaam was voor die tyd van Koningin Isebel, hou die naam **Isebel-gees** verband met die gees en gesindheid van Isebel, die vrou van koning Agab (1 Konings 16:29-33 en hoofstuk 18 tot 21). Agab het meer as enige van sy voorgangers gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here (1 Konings 16:30). Maar sy huwelik met Isebel was die ergste van alles. Sy het hom verlei en gemanipuleer om die afgode van háár mense te dien (1 Konings 16:31 en 18:18). Uit die gedeelte is dit duidelik dat Isebel alles in haar vermoë gedoen het om die ware aanbidding van God uit te roei en met afgodsdienste te vervang. Sy het die profete van die Here laat doodmaak (1 Konings 18:4) en 850 profete van Baäl en Asjera het van haar tafel af geëet (1 Konings 18:18-19).

Die primêre doel van die Isebel-gees is om mense tot afgodery te verlei en om mense in uiterlike vormgodsdienste gevange te hou.

**Die Isebel-gees kan ook in mans voorkom.** Iemand wat deur dié gees beheer word, kan dit nie vat om nie in beheer te wees nie. Selfs wanneer dit lyk asof só 'n persoon onderdanig is, is dit gewoonlik net 'n slinkse



manier van manipulasie. Hulle moet altyd die laaste sê hê. Altyd die belangrikste wees. Isebel isoleer gewoonlik die mense wat onder haar beheer is. Niemand word “naby” hulle toegelaat nie, want die *Isebel-gees* is gewoonlik uiters selfsugtig, jaloers en besitlik (Jakobus 3:13-18).

Die Isebel-gees se uitstaande kenmerke is om te:

- Domineer (om altyd haar sin te wil hê);
- Intimideer (om mense bang te maak en te dreig as hulle nie doen wat jy sê nie);
- Manipuleer (om mense te misbruik. Om mense teen hulle sin iets te laat doen);
- Beheer (slegte invloed oor mense uit te oefen).

*"Afhangend van waar sy haar gebied afgepen het, sal sy intimidasie-tegnieke gebruik om beheer te verkry en dit te behou. Sy sal enige metode gebruik en hierdie dinge kan insluit woede-buie, geweld, dreigemente, weerhouding van (voor-) regte, trane, stilstuipe, beledigings, kritiek, buierigheid, negatiwiteit, perfeksionisme en kleinserigheid. Isebel sal enigiets gebruik om beheer oor haar "paleis" te behou. Sy sal maklik afpersing, geld of seks gebruik om haar huweliksmaat binne haar reëls vas te pen. ... Sy "hou boek van die kwaad" (1 Korintiërs 13:5) en sal selfs klein insidente baie lank onthou om dit later te kan gebruik vir intimidasie-doeleindes"<sup>1</sup>*

Iemand wat deur 'n *Isebel-gees* beheer word, soek gewoonlik iemand met 'n *Agab-gees*. Dis iemand wat nie sy/haar identiteit en roeping ken en verstaan nie - 'n slagoffer! Stadig maar seker, doelbewus en bepland word slagoffers geïsoleer, hulle selfbeeld vernietig, hulle identiteit bevraagteken, hulle weerstand afgebreek en hulle wil geknak. Dan, wanneer hulle pateties en alleen is, vasgevang in leuens en lamgelê deur vrees, is die tafel gedek vir die *Isebel-gees* om die slagoffer deur iemand wat sy beheer, te manipuleer, te domineer en te intimideer. [Die sukses van manipulasie, domineering en intimidasie hang altyd af van die mate waarin die manipuleerder daarin slaag om die slagoffer bang te maak. Hoe banger die slagoffer, hoe suksesvoller die manipulasie, domineering en intimidasie. Die aanslag is nog suksesvoller as die slagoffer die leuen glo dat daar geen uitweg is nie (om watter rede ook al)].

Omdat die slagoffer eers suksesvol geïsoleer is van familie en vriende, bly die aaklige maniere waarop hy of sy gemanipuleer, gedomineer en

---

<sup>1</sup> Hendrik Venter: Bevryding bl.173-174.



geïntimideer word, dikwels vir jare geheim. Niemand vermoed hoe erg dit is en hoe demonies die aanslag is nie. Ek kan dit nie duidelik en hard genoeg sê nie: **domineering, manipulasie, intimidasie en vrees is nie die manier waarop God met mense werk nie. Dis uit en uit die werkswyse van Satan.** Wanneer jy by die punt kom waar jy uitskree “*Genoeg is genoeg!*” hoef jy dus nie skuldig te voel asof jý die vark in die verhaal is nie. Natuurlik sal die duiwel probeer om jou te laat skuldig voel as jy op die punt kom om los te breek uit die houvas wat hy (die duiwel) deur die persoon met ’n *Isebel-gees* oor jou lewe het.

Deur die *Isebel-gees* kry **sangomas** invloed en houvas op mense se lewens. Sangomas word betaal, gevrees en hulle raad word slaafs gevolg. Wat hulle sê het vir baie net soveel of selfs meer gesag as die Woord van God. As ’n mens na die werkswyse van sommige geestelike leiers kyk, is dit duidelik dat van hulle ook onder die invloed van die *Isebel-gees*, in plaas van die Heilige Gees werk. Lidmate word onkundig gehou, want dis makliker om onkundige mense te intimideer. Hulle word geïsoleer en mag nie enige ander kerk se byeenkomste bywoon nie. Hulle word gedreig dat die “*kerk*” hulle nie sal begrawe as hulle nie slaafs doen wat die “*kerk*” van hulle eis nie. Dit wek geweldige vrees, want in Afrika is begrafnisse baie belangrik.

Jy kan óf self onder die invloed en beheer van die *Isebel-gees* wees, óf indien jy saam met iemand leef wat onder die invloed en/of beheer van die *Isebel-gees* is, kon jy moontlik toelaat dat die *Agab-gees* invloed en/of beheer oor jou lewe kry. Jy voel gedurig minderwaardig en skuldig. Ten onregte aanvaar jy dat alles altyd jou skuld is. Jy laat jou intimideer en oorheers. Jy’s te bang om op te staan en jou sê te sê. Dit is sonde om toe te laat dat iemand met ’n *Isebel-gees* jou domineer en oorheers, want dan het jy aan dié persoon die reg gegee wat God alleen toekom.

**Jy moet die Heilige Gees vra om jou te wys** indien jy deur ’n *Isebel-gees* óf ’n *Agab-gees* beïnvloed en/of beheer word. Bely jou sonde en hou op met hierdie tipe gedrag.

**Wat is die Here se duidelike opdrag in Galasiërs 5:25? Wie moet ons gedrag bepaal?**

.....  
.....



**Gebed:**

- † Bely alle intimidasie, manipulasie en domineering. Ook die geneigdheid om altyd in beheer te wil wees, moet bely word.
- † Indien jy, om jou sin te kry, op enige manier probeer om mense bang te praat, moet jy dit bely.
- † Indien jy toelaat dat iemand met 'n *Isebel-gees* jou gedrag bepaal en nie die Heilige Gees nie, moet jy dit bely.
- † Bely alle haat en vyandigheid teen diegene wat die Here van harte dien. Bely alle afgodery en dooie vormgodsdien.
- † Bid vir almal wat slawe van die *Isebel-gees* geword het. Bid vir almal wat deur vrees in haar mag gevange gehou word.

**Dag 39**

**God se liefde in “waarskuwing-vorm”**

Kom ons keer terug na waar ons begin het. Die Israeliete was slawe in Egipte. Hulle lewe was ellendig. In hulle **nood** het hulle tot die Here geroep en hulle noodroep het sy hart geraak. Hy het **verstaan** waardeur hulle gaan en Hy het Hom oor hulle ontferm. Met tekens en wonders het Hy hulle uit Egipte **verlos** en **belowe** om hulle na 'n goeie en uitgestrekte land te neem, 'n land wat oorloop van melk en heuning (Eksodus 3 tot 14). Maar hoewel hulle almal uit Egipte verlos is, het meeste van hulle nooit in Kanaän gekom nie. Dis tragies! Wat was die rede?

**Lees 1 Korintiërs 10:1-14. Paulus herinner die Korintiërs aan die geskiedenis van Israel en sê twee keer hoekom Hy dit doen.**

**Wat sê hy in vers 6? .....**

**Wat sê hy in vers 11? .....**

**Waarom het die meeste van hulle in die woestyn gesterf? Watter vyf redes gee Paulus?**

.....



**Omdat God jou lief het, omdat Hy wil hê dat jy die volheid en oorvloed geniet wat Hy belowe en wat jy net by Hóm kan kry** (Johannes 10:10-11), **daarom waarsku Hy jou vroegtydig. Uit liefde waarsku Hy jou vandag, vóór dit te laat is.** Hoor die boodskap van 1 Korintiërs 10:1-14. Om saam met die Kerk van die Here Jesus te loop, om soos al die ander gedoop te wees en saam met hulle Nagmaal te gebruik, beteken nie noodwendig dat God met jou lewe tevrede is nie. Kerklere maak jou nie 'n Christen nie, net so min soos 'n woltrui jou 'n skaap of 'n leerbaadjie jou 'n bees maak. Dis die duiwel wat ons met sy leuens onder die indruk probeer bring dat ons kan leef soos ons wil, solank ons net saam met die *“Here se mense”* loop. Dis hy wat sê dat God tevrede is solank jy net 'n kerk het, gedoop is, ten minste met Nagmaal in die kerk kom en op die toelatingsvorm van die hospitaal skryf dat jy aan 'n Christelike kerk behoort. Jy kwalifiseer mos darem om jou kerk se unieke en kleurvolle klere te dra; hang mos 'n kruis om jou nek en plak Bybelverse in jou huis op. Jy hou darem jou kerk se tradisies in stand en betaal net wat die kerk van jou vra (maar verkieslik so min as moontlik). Jy besit darem 'n Bybel al lees jy dit nooit.

Nêrens sê God self dat Hy tevrede is met hierdie uiterlike vormgodsdienste nie. Selfs al beoefen die meeste landbouers en die meeste mense in Suid-Afrika en Afrika hierdie tipe godsdienste, dra dit steeds nie God se goedkeuring weg nie.

Hierdie afgewaterde, tradisionele, sogenaamde Christelike godsdienste waar almal *“kinders van die Here”* is, is in wese ook afgodery. **Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie** (Eksodus 23:2a)!

Ons het reeds stilgestaan by die meeste van die sondes wat verhoed het dat die meerderheid van die Israeliete Kanaän kon binnegaan. Kom ons kyk kortliks net na die eerste sonde wat in 1 Korintiërs 10 genoem word, naamlik **slegte (sondige) begeertes**. Dit sluit al die dinge in waarna ons reeds verwys het. Die begeerte om op my eie manier, dadelik self in al my behoeftes te voorsien. Die begeerte om wraak te neem. Die begeerte om my eie koninkryk te bou en God se Koninkryk te ignoreer. Die begeerte om vir myself 'n naam te maak en van God se Naam te vergeet. Die begeerte om te doen wat ék wil, terwyl ek my nie veel steur aan *God's Word, God's Will and God's Way* nie.



**In 1 Timoteus 6:6-10 lees ons van 'n spesifieke slegte begeerte waarteen die Here ons uitdruklik waarsku. Wat is dit?**

.....

Jy moet nadink oor hoe belangrik geld vir jou is en watter hoop en vertrou jy op geld plaas (1 Timoteus 6:17-20). **Vra die Heilige Gees** moet jou lei om eerlik na te dink oor die vraag: *Het geld nie dalk my god geword nie?* Dit gebeur makliker as wat jy dink. Maar onthou, die afgod is niks – geld is net papier en metaal. Maar die wat afgode bewonder en lief het, aanbid duiwels. Agter elke afgod skuil daar demone (1 Korintiërs 10:18-22). Agter geld skuil Mammon (Matteus 6:24). Daar is geen middeweg nie. Dis God of Mammon. Dis die beker en tafel van duiwels, óf die beker en tafel van die Here Jesus. Ek en jy is geroep om goeie rentmeesters te wees van alles wat God aan ons toevertrou het – min of baie. Ons het geen opdrag van die Here om geld, rykdom, gemak, gerief en genot na te jaag nie. Dat dié dinge die kwaliteit van jou lewe bepaal, is ook 'n leuen van die duiwel. Die Here Jesus het presies die teenoorgestelde gesê (Lukas 12:15).

Moenie dat iemand jou mislei nie. Die rykdom en weelde waarin sommige mense leef, ook sommige kerk- en geestelike leiers, is nie 'n bewys dat hulle noodwendig die guns en goedkeuring van die Here geniet nie. Dieselfde is waar van armoede. Dit bewys nie dat God minder van jou hou nie. Jy verdien ook niks by die Here deur arm te wees nie. **God se kinders kan ryk óf arm wees.** Sommige was baie arm (2 Konings 4:1-7 en Lukas 21:1-4) en ander was ryk (Matteus 27:57), **maar al sy kinders móét verantwoordelike rentmeesters wees** van die min of die baie wat God aan hulle toevertrou het.

**Watter duidelike boodskap gee die Here deur Johannes aan al sy kinders? Lees 1 Johannes 2:12-17.**

.....

**Lees Efesiërs 5:5.** Dit is onmoontlik om geld lief te hê en ook deel te hê aan die Koninkryk van God. Die liefde vir geld word sigbaar in gierigheid en gierigheid is afgodery. Afgodery beteken dat jy deel het aan die koninkryk van duisternis, van die Bose. Jy kan tog nie gelyktydig deel hê aan beide koninkryke nie (1 Korintiërs 10:18-22). Dis die een of die ander (Kolossense 1:13). God óf Mammon, maar nie beide nie.



## Gebed:

- † Vra dat die Heilige Gees jou daarvan bewus sal maak as geld jou god geword het.
- † Bely alle gierigheid, oneerlikheid, diefstal, bedrog, omkoperij, uitbuiting, suinigheid, belasting-ontduiking, ensovoorts. Dis alles tekens dat geld 'n te belangrike plek in jou lewe begin inneem het.
- † Bely hardop dat God jou enigste Bron van voorsiening en sekuriteit is en beveel die Mammon-gees om van jou te wyk. Begin in die teenoorgestelde gees handel deur jou hande oop te maak en weg te gee wat jy in die verlede so krampagtig vasgeklou het. [Is dit nie die manier waarop Saggeüs en die eerste Christene onmiddellik met die afgod van gierigheid klaargespeel het nie? (Lukas 19:8 en Handeling 4:32-37)].
- † As jy nie aan die Here gee wat Hom toekom nie (ten minste 'n tiende van jou inkomste), besteel jy Hom (Maleagi 3:8-12 en Matteus 23:23). Dit moet ook bely en reggestel word.
- † Bely ook die mors van geld op goed wat geen waarde het nie (Spreuke 23:4). Bely verkwisting en wanbesteding.
- † Bid dat ons as landbougemeenskap verantwoordelike rentmeesters sal wees van alles wat God in ons hande geplaas het. Bid vir die besef dat alles wat ons het, eintlik aan God behoort (1 Kronieke 29:12-16).

## Dag 40 Staan op!

Ek is oortuig dat alle probleme een van drie oorsake het: *wonde (seer), sonde en bindinge*. Wonde lei tot sonde, tensy dit genees word. Sonde lei tot wonde, tensy dit bely en vergewe word. Hierdie bouse kringloop van groter wonde en meer sonde, lei daartoe dat mense heeltemal verstrengel (gebonde) raak in sonde en seer. Dit lei tot 'n lewe in duisternis wat die ideale klimaat skep vir nog meer sonde en nog dieper wonde.



Mense wat in 'n geveg gewond is, staan nie op nie. Hulle bly lê; doen niks; kruip weg agter ander; bejammer hulleself; blameer vriend en vyand; fokus op oorlewing; bly besig met hul wonde; wil hê alles moet om hulle draai; raak selfsugtig en soek gedurig aandag. Met sulke soldate kan 'n geveg nie gewen word nie en 'n koninkryk nie gevestig word nie. Met sulke landbouers kan Afrika nie gevoed word nie. **Maar dank die Here, daar is genesing en oorwinning vir almal wat as gevolg van wonde, sonde en bindinge oneffektief in God se Koninkryk geraak het!**

As jy Jesus aanneem, die waarheid glo, sonde bely en mense wat jou seergemaak het vergewe en vryspreek, verloor die Satan al sy invloed en beheer oor jou. Dit beteken nie hy gaan ophou om jou met aanklagte, versoekings en misleiding te peper nie. Maar met God se krag en die wapenrusting wat Hy gee (Efesiërs 6:10-18), kan jy elke keer as wenner uit die stryd tree.

**Lees Jakobus 4:7. Wat moet jy doen en wat sal die duiwel dan doen?**

.....

**Stap 1: Onderwerp jou aan God.** Erken dat Hy die Here en Koning is en daarom gehoorsaam moet word. Luister na Hom. Dóén wat Hý sê. Erken dat Hy reg en jy verkeerd is. Vra sy hulp. Die oomblik wanneer jy die Naam van die Here Jesus hardop aanroep (teken van onderwerping) en met jou mond die waarheid aangaande Hom uitspreek (Romeine 10:10), sal die duiwel van jou af wegvlug.

**Stap 2: Weerstaan die duiwel.** Dit beteken jy moet insien dat hy vir jou lieg en deur sy leuens gevange wil hou. Jy moet hardop sê dat jy weier om sy leuens te glo en dat jy kies om God se wil te doen en nie die duiwel se raad te volg nie. Gebruik die swaard van die Gees, dis die Woord van God (Matteus 4:4,7,10 en Efesiërs 6:17). Die Woord is die waarheid (Johannes 17:17).

**Gevolg:** Die duiwel sál van jou af wegvlug! As jy die waarheid ken en glo, as jy weet wie jy in Christus is, is die duiwel bang vir jou. Hy sal van jou af wegvlug. God sê so!

Daarom pleit ek by jou in die Naam van die HERE:

1. **Bekeer jou!** “ ... nou roep Hy (God) al die mense oral op om hulle te bekeer, want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld





gaan oordeel deur 'n Man (Jesus) wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan” (Handelinge 17:30-31 in die 1983-Afrikaanse Vertaling).

2. **Vergewe almal** wat jou verontreg en diep seergemaak het, omdat God jou vergewe het. Gee jou begeerte om self wraak te neem prys. Vertrou op Jesus – Hy sal al jou wonde genees.
3. **Bely jou sonde**, want *wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang.* (Spreuke 28:13 in die 1983-Afrikaanse Vertaling). Onthou: Jesus is 'n sterk Verlosser, jou sonde is reeds vergewe en Jesus staan nie voor jou met 'n beskuldigende vinger onder jou neus nie. Hy staan langs jou en woon deur sy Gees in jou om jou te help om sonde te oorwin.
4. **Glo en spreek die waarheid**, want die waarheid sal jou vry maak. Glo veral die waarheid oor ...
  - ✓ jou herstelde verhouding met die Vader en
  - ✓ jou nuwe identiteit in Christus,
  - ✓ asook jou roeping in hierdie wêreld.

### ***5. Stand up, stand up for Jesus!***

#### **Gebed:**

Stand up, stand up for Jesus - Redeemer of the land  
He's Lord of all creation - Victorious He stands  
Let us all represent Him and be His hands and feet  
**Let us fulfill our calling as farmers on His land!**

Stand up, stand up for Jesus - All peoples of the land  
Let's live and farm for Jesus to glorify His Name  
Let's conquer all the evil and bring His Name great fame  
**Let us fulfill our calling as farmers on His land!**

Stand up, stand up for Jesus - It's time to make our stand:  
To live and farm for Jesus, 'cross Africa our land  
let's do work of high standard, rejoicing in God's way  
**Let us fulfill our calling as farmers on His land!**



## Gaan kuier by

www.amosafrica.net  
www.angusbuchan.co.za  
www.everynationafrica.org  
www.ffisa.co.za  
www.foundationsforfarming.org  
www.karoommc.co.za  
www.kfmc.co.za  
www.turn2god.co.za  
www.ufollo.net

## Verwysingslys

Jesus het reeds alles gedoen wat nodig was vir jou verlossing, genesing, oorwinning en vryheid. Nou hang jou vryheid af van dit wat jy self kies om te glo, te bely, af te lê en te vergewe. As jy 'n behoefte het om meer te leer oor dit wat jy in hierdie Gebedsfokus gelees het, wil ek jou aanbeveel om een of meer van die volgende boeke te lees:

- **Bevryding**, Hendrik Venter, CUM, 2013
- **Christianity and the veneration of ancestors**, Afrika Mhlophe, SALT Publishers, 2013
- **Discipling Nations**, Darrow L. Miller, YWAM Publishing, 1998
- **DVD: Pause, because everybody is tempted**, Andy Stanley, North Point Ministries, 2006
- **God se Vaderhart**, Floyd McClung, STRUIK, 2008
- **He set the captives free**, Gerhard Nel, Greytown, Ongepubliseerde notas, 2012
- **Living and Farming God's Way: Basics**, Hennie Viljoen, Amos Agrimin, 2008
- **Maximized Manhood**, Edwin Louis Cole, Whitaker House, 2001
- **The Bondage Breaker**, Neil T. Anderson, Monarch Books (Lion Hudson), 2007
- **The Kingdom Come in Agriculture**, Hennie Viljoen, Amos Agrimin, 2013
- **Tydlose paaie (Eng.: Ancient Paths)**, Craig Hill, FFI (www.ffisa.co.za), 2008
- **Unbound**, Jack & Trisha Frost, Destiny Image Publishers Inc., 2012
- **Victory over the darkness**, Neil T. Anderson, Regal Books, 2013





Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdien, allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van Agricultural Ministries, wat landbou-bediening beteken.

**AMOS** se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorfloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met hierdie logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

### Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:



# Amos Agrimin

+27 (0)86 580 0064

secretary@amosafrica.net

## Amos Streke

(vir kontakbesonderhede besoek ons webwerf)

Amos Agrimin Kaap  
Amos Agrimin Noord-Kaap  
Amos Agrimin Sentraal

Amos Agrimin  
Eerste Nasionale Bank  
Brandwag  
Takkode: 230 534  
Rekeningnommer: 5299 000 8842



[www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net)